

**'n PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE
INVLOED VAN DIE LITURG SE MBTI® -
PERSOONLIKHEIDSTYL OP DIE VOORBEREIDING,
INKLEDING EN AANBIEDING VAN 'n EREDIENS**

deur

CORNELIUS STEPHANUS STEYN

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MA (Teologie)

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Dr FJ Clasen

Mede-studieleier: Prof CJA Vos

OKTOBER 2004

Ek dra hierdie verhandeling graag op aan

my vroutjie Elize

**wat steeds saam met my die wonder van
verskillende persoonlikheidsstyle ontdek**

**ons drie pragtige kinders,
Marena, Henro en Elané,
elk met 'n unieke en kosbare persoonlikheid**

**my Pa en Skoonpa wie se voorbeeld en wysheid,
al is julle al by die Here, my steeds stuur**

**my Ma en Skoonma wat my laat besef dat God
die vrou moes maak het**

**al my kollegas in die Ned. Geref. Kerk saam
met wie ek 'n span vorm om aan God
se kerk en koninkryk te bou:**

**Mag ons as span, met die rykdom van die
verskeidenheid tussen ons, saam die liefde
van ons Meester Jesus Christus
hier op aarde beliggaam!**

“Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus...Hy is immers die Hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde.”

ABSTRACT

A PRACTICAL THEOLOGICAL INVESTIGATION OF THE INFLUENCE OF THE MBTI® PERSONALITY TYPE OF THE PREACHER ON THE PREPARATION, CONSTRUCTION AND PRESENTATION OF A PUBLIC WORSHIP.

by

CORNELIUS STEPHANUS STEYN

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree

MA (Theology)

in the

FACULTY OF THEOLOGY

UNIVERSITY OF PRETORIA

Supervisor: Dr FJ Clasen

Co-supervisor: Prof CJA Vos

OCTOBER 2004

Every preacher has a distinct personality type that determines the preparation, construction and presentation of a public worship. The Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] proves to be a most efficient instrument of personality traits.

This dissertation expresses a qualitative and quantitative investigation of the distinct influence of the preacher's MBTI® type on the liturgical preparation, construction and presentation of a public worship.

In a literature study the history and core of the subjacent theory of the MBTI® is investigated and explained. Carl G. Jung, the father of analytical psychology distinguished two opposite orientations to the world, extraversion and introversion. Jung also described four mental processes, the two opposite ways of taking in information [sensing and intuition] and the two opposite ways of organizing that information [thinking and feeling].

In addition to these distinctions, Isabel Myers and Katharine Briggs [a mother and daughter] added two preferred opposite lifestyles, a planned definite lifestyle [judging] and a spontaneous flexible lifestyle [perceiving]. Out of these distinctions and combinations thereof the Myers-Briggs Type Indicator® was born.

The Myers-Briggs Type Indicator® consists out of sixteen unique and different personality types that are described in a four letter combination. This combination describes your preferred orientation to the world [extroversion or introversion], your preferred way of gathering information [sensing or intuition], your preferred way of decision making [thinking or feeling] and the preferred lifestyle you adopt [judging or perceiving]. These sixteen personality types and their combinations and dynamics are described in this dissertation.

Thereafter each MBTI® personality type's expected liturgical preparation, construction and presentation of a public worship were plotted and empirically tested. A random test, consisting out of one third of the population [the preachers of the Dutch Reformed Classis of Wonderboom] was used for the empirical study. A self report questionnaire was designed for this purpose. The results of this empirical investigation were connected with the outcome of the literature study and the expected responses verified.

Out of this theoretical and empirical study, the hypothesis that the MBTI® type of the preacher's has a significant influence on the liturgical preparation, construction and presentation of a public worship, was verified. It would benefit every preacher and congregation to use this superb psychometric instrument the MBTI® proved to be! It will certainly enhance the liturgical quality of preaching and preparation, and thus the whole ministry!

ABSTRACT	d
INHOUDSOPGAWE	i

INHOUDSOPGAWE:

AFDELING 1:	INLEIDENDE GEDEELTE	1
1.	VOORWOORD	2
1.1	Brug tussen God én mens	2
1.2	Die persoon[likheid] van die liturg	3
1.3	Vier Afdelings	4
2.	INLEIDING	6
2.1	Keuse van die onderwerp	6
2.1.1	Vorbereiding	6
2.1.1.1	Voorlopige omskrywing, titel en uitgangspunt	6
2.1.2	Aanleiding tot die ondersoek	7
2.1.3	Persoonlike motivering tot die ondersoek	7
2.1.4	Voorlopige afbakening van die onderwerp	7
2.1.5	Globale probleemstelling	8
2.1.6	Die bedoeling van die ondersoek	8
2.1.7	Plasing van die onderwerp binne die prakties-teologiese kader	8
2.1.8	Voorlopige karakterisering van die ondersoek	8
2.1.9	Versameling van beskikbare materiaal	9

2.2	Formulering van die Probleem- en Doelstelling	9
2.2.1	Probleemstelling	9
2.2.2	Doelstelling	9
2.2.3	Vraagstelling	9
2.3	'n Nadere uitwerking van die ondersoek	9
2.3.1	Inhoudelike uitwerking	9
2.3.2	Metodologiese uitwerking	10
2.3.3	Stappe in die ondersoek	10
2.3.3.1	Teoretiese fase	10
2.3.3.2	Empiriese fase	11
2.3.3.3	Praktiese fase	11
2.3.4	Relevansie	11
2.4	Beplanning van die ondersoek	11
2.4.1	Tydskeudule	11
2.4.2	Begroting	12
2.4.3	Opset	12
2.4.4	Voorlopige literatuurverwysingslys	13
2.5	Begeleiding	14
3.	BEGRIPSOMSKRYWING	15
3.1	Prakties-teologiese ondersoek	15
3.2	Invloed	15
3.3	Liturg	16

3.4	MBTI® Persoonlikheidstyl	16
3.4.1	Persoonlikheid	16
3.4.2	Persoonlikheidstipe	18
3.4.3	Persoonlikheidstyl	18
3.5	Liturgiese voorbereiding, -inkleding en -aanbieding	19
3.5.1	Liturgiese voorbereiding	19
3.5.2	Liturgiese inkleding	19
3.5.3	Liturgiese aanbieding	19
3.6	Erediens	19
4.	METODOLOGIE	20
4.1	Vierfasige proses	20
4.2	Fases gekoppel aan afdelings	20
4.2.1	Voorlopige fase	20
4.2.2	Teoretiese fase	21
4.2.3	Empiriese fase	21
4.2.3.1	MBTI® vraelyste	21
4.2.3.2	Die vraelys	22
4.2.3.2 (a)	Metodiek van data-insameling	22
4.2.3.2 (b)	'n Selfontwerpte semi-gestruktureerde selfbeoordelingsvraelys	23
4.2.3.2 (c)	Die konstruksie van die selfbeoordelingsvraelys	23
4.2.3.2 (d)	MBTI® vriendelike beginsels in die opstel van die vraelys	24
4.2.3.2 (e)	Inleiding van die vraelys	25
4.2.3.2 (f)	'n Vraelys met sewentig vrae	26
4.2.3.3	Verspreiding van vraelyste	32

4.2.4	Praktiese fase	32
4.3	Beplanning t.o.v. tyd en begroting	32
4.3.1	Tydskedule	32
4.3.2	Begroting	33
4.4	Ortografie en literatuurverwysings	33
AFDELING 2:	UITEENSETTING VAN DIE SAAK	34
5.	DIE INVLOED VAN PERSOONLIKHEID OP LITURGIEK	35
5.1	Die verhouding persoon[likheid]: liturgiek	35
5.2	Christologiese plaasvervanging en Pneumatologiese resiprositeit	35
5.3	Eensydige klem in die verlede	36
5.4	Erkenning van die rol van die liturg	37
5.5	Verband tussen liturg en liturgiek	38
5.6	Liturg as volledig deel van die liturgiek!	38
5.7	Kommunikasie van liturg se hele persoonlikheid	39
5.8	Persoonlikheid van die liturg speel 'n kardinale rol	39

5.9	Belangrike afleidings	40
5.10	Liturge – identiese persoonlikheidsprofiel of wye spektrum?	42
5.11	Liturg tussen Christokrasie én subjektivisme	42
6.	'n KORT UITEENSETTING VAN DIE TEORIE WAT DIE MBTI® ONDERLÊ	44
6.1	'n Psigometriese selfrapport-vraelys	44
6.2	Carl Gustav Jung	45
6.3	Ekstroversie en Introversie	45
6.4	Funksioneringsvoorkeure	46
6.5	Waarneming en Besluitneming	47
6.6	Myers en Briggs	48
6.7	Lewenstyl	49
6.8	Skale	49
6.9	Die dinamika van persoonlikheidstyle	50
6.10	Die MBTI® voorkeure	51
6.10.1	Ekstrovert – Introvert voorkeur	51

6.10.1.1	Ekstrovert-Introvert energiseringsvoorkeur	51
6.10.1.2	Karakteristieke eienskappe van persone met 'n ekstroversie voorkeur	52
6.10.1.3	Karakteristieke eienskappe van persone met 'n introversie voorkeur	52
6.10.2	Sintuiglike en Intuïtiewe waarnemingsvoorkeure	52
6.10.2.1	Sintuiglik-Intuïtief	52
6.10.2.2	Karakteristieke eienskappe van persone met 'n voorkeur vir Sintuiglike waarneming	53
6.10.2.3	Karakteristieke eienskappe van persone met 'n voorkeur vir iNtuïtiewe waarneming	53
6.10.3	Objektiewe en Waardegedrewe besluitnemingsvoorkeure	54
6.10.3.1	Objektief – Waardegedrewe	54
6.10.3.2	Karakteristieke eienskappe van mense wat Objektiewe besluitneming verkies	54
6.10.3.3	Karakteristieke eienskappe van mense wat Waardegedrewe besluitneming verkies	55
6.10.4	Georganiseerde en Aanpasbare lewenstylvoorkeure	55
6.10.4.1	Georganiseerde – Aanpasbare voorkeur t.o.v. lewenstyl	55
6.10.4.2	Karakteristieke eienskappe van mense wat 'n Georganiseerde lewenstyl verkies	56
6.10.4.3	Karakteristieke eienskappe van mense wat 'n Aanpasbare/spontane lewenstyl verkies	56
6.11	Voorkeurkombinasies	57
6.11.1	Kombinasies van Energie en Lewenstyl	57
6.11.1.1	IJ – Besliste introverte	57
6.11.1.2	IP - Aanpasbare introverte	57

6.11.1.3	EP – Aanpasbare ekstroverte	58
6.11.1.4	EJ - Besliste ekstroverte	58
6.11.2	Kombinasies van Waarneming en Besluitneming	58
6.11.2.1	ST – Kombinasie	58
6.11.2.2	SF – Kombinasie	59
6.11.2.3	NF – Kombinasie	59
6.11.2.4	NT – Kombinasie	60
6.11.3	Kombinasies van Energie en Waarneming	61
6.11.3.1	IS – Nadenkende realiste	61
6.11.3.2	IN – Nadenkende innoveerders	61
6.11.3.3	ES – Aksie-georiënteerde realiste	61
6.11.3.4	EN – Aksie – georiënteerde innoveerders	61
6.11.4	Kombinasies van Besluitneming en Lewenstyl	61
6.11.4.1	TJ – Logiese besluitnemers	62
6.11.4.2	TP – Aanpasbare probleemoplossers	62
6.11.4.3	FP – Ondersteunende mentors	62
6.11.4.4	FJ - Waardegedrewe besluitnemers	62
6.12	Temperamente	63
6.12.1	SJ – Die bewaarders	63
6.12.2	SP – Die kunstenaars	63
6.12.3	NF – Die idealiste	64
6.12.4	NT – Die rasionaliste	64
7.	SESTIEN VERSKILLENDE PERSOONLIKHEIDSTYLE	65
7.1	Vierfaktorkombinasie	65

7.2	Die dinamika van persoonlikheid	66
7.2.1	Die dominante funksie	66
7.2.2	Die sekondêre funksie	66
7.2.3	Die tersiêre funksie	67
7.2.4	Die minderwaardige funksie	67
7.3	Die MBTI® profiel van die ISTJ	68
7.3.1	Beskrywing van die ISTJ	68
7.3.2	Dinamika van die ISTJ	68
7.3.3	'n Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISTJ	68
7.3.4	Optimale funksionering van die ISTJ	68
7.3.5	Karaktereienskappe van die ISTJ	69
7.4	Die MBTI® profiel van die ISFJ	69
7.4.1	Beskrywing van die ISFJ	69
7.4.2	Dinamika van die ISFJ	70
7.4.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISFJ	70
7.4.4	Optimale funksionering van die ISFJ	70
7.4.5	Karaktereienskappe van die ISFJ	71
7.5	Die MBTI® profiel van die INFJ	71
7.5.1	Beskrywing van die INFJ	71
7.5.2	Dinamika van die INFJ	71
7.5.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INFJ	72
7.5.4	Optimale funksionering van die INFJ	72
7.5.5	Karaktereienskappe van die INFJ	72

7.6	Die MBTI® profiel van die INTJ	73
7.6.1	Beskrywing van die INTJ	73
7.6.2	Dinamika van die INTJ	73
7.6.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INTJ	74
7.6.4	Optimale funksionering van die INTJ	74
7.6.5	Karaktereienskappe van die INTJ	74
7.7	Die MBTI® profiel van die ISTP	75
7.7.1	Beskrywing van die ISTP	75
7.7.2	Dinamika van die ISTP	75
7.7.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISTP	75
7.7.4	Optimale funksionering van die ISTP	76
7.7.5	Karaktereienskappe van die ISTP	76
7.8	Die MBTI® profiel van die ISFP	77
7.8.1	Beskrywing van die ISFP	77
7.8.2	Dinamika van die ISFP	77
7.8.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISFP	77
7.8.4	Optimale funksionering van die ISFP	77
7.8.5	Karaktereienskappe van die ISFP	78
7.9	Die MBTI® profiel van die INFP	78
7.9.1	Beskrywing van die INFP	78
7.9.2	Dinamika van die INFP	79
7.9.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INFP	79
7.9.4	Optimale funksionering van die INFP	79
7.9.5	Karaktereienskappe van die INFP	79

7.10	Die MBTI® profiel van die INTP	80
7.10.1	Beskrywing van die INTP	80
7.10.2	Dinamika van die INTP	80
7.10.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INTP	81
7.10.4	Optimale funksionering van die INTP	81
7.10.5	Karaktereienskappe van die INTP	81
7.11	Die MBTI® profiel van die ESTP	82
7.11.1	Beskrywing van die ESTP	82
7.11.2	Dinamika van die ESTP	82
7.11.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESTP	83
7.11.4	Optimale funksionering van die ESTP	83
7.11.5	Karaktereienskappe van die ESTP	83
7.12	Die MBTI® profiel van die ESFP	84
7.12.1	Beskrywing van die ESFP	84
7.12.2	Dinamika van die ESFP	84
7.12.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESFP	84
7.12.4	Optimale funksionering van die ESFP	85
7.12.5	Karaktereienskappe van die ESFP	85
7.13	Die MBTI® profiel van die ENFP	86
7.13.1	Beskrywing van die ENFP	86
7.13.2	Dinamika van die ENFP	86
7.13.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENFP	86
7.13.4	Optimale funksionering van die ENFP	86

7.13.5	Karaktereienskappe van die ENFP	87
7.14	Die MBTI® profiel van die ENTP	87
7.14.1	Beskrywing van die ENTP	88
7.14.2	Dinamika van die ENTP	88
7.14.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENTP	88
7.14.4	Optimale funksionering van die ENTP	88
7.14.5	Karaktereienskappe van die ENTP	89
7.15	Die MBTI® profiel van die ESTJ	89
7.15.1	Beskrywing van die ESTJ	89
7.15.2	Dinamika van die ESTJ	90
7.15.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESTJ	90
7.15.4	Optimale funksionering van die ESTJ	90
7.15.5	Karaktereienskappe van die ESTJ	91
7.16	Die MBTI® profiel van die ENFJ	91
7.16.1	Beskrywing van die ENFJ	91
7.16.2	Dinamika van die ENFJ	92
7.16.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENFJ	92
7.16.4	Optimale funksionering van die ENFJ	92
7.16.5	Karaktereienskappe van die ENFJ	92
7.17	Die MBTI® profiel van die ENTJ	93
7.17.1	Beskrywing van die ENTJ	93
7.17.2	Dinamika van die ENTJ	93
7.17.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENTJ	94

7.17.4	Optimale funksionering van die ENTJ	94
7.17.5	Karaktereienskappe van die ENTJ	94
7.18	Die MBTI® profiel van die ESFJ	95
7.18.1	Beskrywing van die ESFJ	95
7.18.2	Dinamika van die ESFJ	95
7.18.3	Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESFJ	95
7.18.4	Optimale funksionering van die ESFJ	96
7.18.5	Karaktereienskappe van die ESFJ	96
AFDELING 3:	GEVOLGTREKKINGS	97
8.	VERWAGTE LITURGIESE INKLEDING VAN EREDIENSTE AAN DIE HAND VAN DIE MBTI® PERSOONLIKHEIDSTYLE	98
8.1	Verwagtinge beskryf t.o.v. die agt pole E / I / S / N / T / F / J / P	98
8.1.1	Ekstroverte	98
8.1.2	Introverte	99
8.1.3	Sintuiglike waarnemers	99
8.1.4	iNtuïtiewe waarnemers	99
8.1.5	Objektiewe besluitnemers	99
8.1.6	Waardegedrewe besluitnemers	100
8.1.7	Georganiseerde lewenstyl	100
8.1.8	Aanpasbare lewenstyl	100
8.2	Statistiek en verwagtinge t.o.v. temperamente	101
8.2.1	Bewaarders	101

8.2.2	Idealiste	102
8.2.3	Rasionaliste	103
8.2.4	Kunstenaars	104
8.3	Statistiese gegewens t.o.v. predikante en hul MBTI®-persoonlikheidstyl	104
8.4	Verwagte liturgiese inkleding deur die sestien verskillende MBTI®-persoonlikheidsprofiel	105
8.4.1	Bydrae deur elke persoonlikheidstyl	105
8.4.2	Kommunikasie en die Waarneming- en Besluitnemingskombinasies	107
8.4.3	Kreatiwiteit in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens	107
8.5	Verwagtinge van die MBTI®-persoonlikheidstyle	108
8.5.1	Verwagtinge by die ST-kombinasies	108
8.5.1.1	ESTJ - die Stuurman/ Navigator	108
8.5.1.2	ISTJ - die Navigator/Stuurman	109
8.5.1.3	ISTP - die Uitvinder/Avonturier	110
8.5.1.4	ESTP - die Avonturier/Uitvinder	111
8.5.2	Verwagtinge by die NT-kombinasies	112
8.5.2.1	INTJ - die Visioenêr/Stuurman	113
8.5.2.2	ENTJ - die Stuurman/Visioenêr	114
8.5.2.3	ENTP - die Ontdekkingsreisiger/Uitvinder	115
8.5.2.4	INTP - die Uitvinder/Ontdekkingsreisiger	116
8.5.3	Verwagtinge by die SF-kombinasies	117

8.5.3.1	ISFJ - die Navigator/Harmonieerder	117
8.5.3.2	ESFJ - die Harmonieerder/Navigator	119
8.5.3.3	ISFP - die Digter/Avonturier	120
8.5.3.4	ESFP - die Avonturier/Digter	121
8.5.4	Verwagtinge by die NF-kombinasies	122
8.5.4.1	INFJ - die Visioenêr/ Harmonieerder	122
8.5.4.2	ENFJ - die Harmonieerder/Visioenêr	123
8.5.4.3	ENFP - die Ontdekkingsreisiger/Digter	124
8.5.4.4	INFP - die Digter/Ontdekkingsreisiger	125
9.	RAPPORT VANUIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	127
9.1	’n Verteenwoordigende steekproef	127
9.2	Die samestelling van die steekproef	127
9.3	Verteenwoordiging van die steekproef t.o.v. die digotome skale	128
9.4	Vergelyking van die steekproef met die statistiek:	128
9.5	Faktorontleding	129
9.6	Diskriminasiewaarde	129
9.7	Vertroulikheid	129
9.8	Terugvoer ten opsigte van die vraelyste	130

10.	AFLEIDINGS EN AANBEVELINGS	150
10.1	Afleidings aan die hand van die vraelyste se terugvoer	150
10.2	Finale bevindinge	176
10.3	Getoetste hipotese	176
10.4	Finale gevolgtrekking	177
10.5	Slotopmerking	177
AFDELING 4:	SLOT	178
11.	SAMEVATTING	179
11.1	Uitgangspunt	179
11.2	Die verloop en resultate van die ondersoek	179
11.3	Afdeling 1	179
11.4	Afdeling 2	181
11.5	Afdeling 3	182
11.6	Afdeling 4	183
12.	LITERATUURVERWYSINGSLYS	184

AFDELING 1:

INLEIDENDE GEDEELTE

HOOFSTUK 1: VOORWOORD:

1.1 Brug tussen God én mens:

In die praktiese teologie is die hermeneutiek 'n lewensbelangrike saak. Volgens Vos [1996:2] bevat die woord "*hermeneutiek*" 'n verwysing na Hermes, die Griekse boodskappergod. "*Dit was sy taak om aan die mense die besluite en planne van die gode te verduidelik. Op dié manier het hy die afstand tussen die goddelike en menslike ryk oorbrug*" [Vos 1996:2]. Vandag nog het die hermeneut oftewel die liturg in 'n erediens-opset die taak én voorreg, roeping én verantwoordelikheid om hierdie brug te slaan tussen God en mens!

Die verkondiging en verstaan van die heil van God staan egter nooit los van die mens nie. Dit geld die lidmate sowel as die predikers. Daarom sal die persoon[likhede] van die liturg sowel as die gemeente ernstig verreken moet word. Pieterse [1979:6] verwys na Rudolph Bultmann wat in sy tyd al iets van hierdie belangrike beginsel begryp het: "*Daarom meen Bultmann dat die moderne wêreldbeeld wat deur die wetenskaplike denke gevorm is én die moderne mens ernstig geneem moet word indien die kerugma aan hom geïnterpreteer moet word.*" [Pieterse 1979:6].

Die outonomie van die "mondige" mens, onder andere die liturg, sal in berekening gebring moet word. "*die mens staan in die sentrum en daarom het ons in die nuwe tyd te doen met 'n outonome mens...*" [Pieterse 1979:7]. Deel van hierdie outonomie is natuurlik nie net die mens se historiese bewussyn nie, maar ook sy unieke persoonlikheidstipe wat 'n invloed het op die verstaan en oordra van die Evangelie van Jesus Christus.

Pieterse [1979:46] kyk bietjie uit 'n ander oogpunt na die mens, maar die stelling wat hy maak, is net so van toepassing op die persoonlikheid van die mens as op die taal en gewete van die mens: "*...ons (kan) nie sinvol oor God praat as ons nie*

die grondsituasie van die mens in die oog gekry het nie. God en mens moet daarom sáám gesien word.” [Pieterse 1979:46].

Wanneer Vos [1996:252] in sy *Die Volheid Daarvan II* by ’n preekpraktyk uitkom, haal hy vir Thomas Long aan: *“Biblical scholarship is essential for responsible Christian preaching, but Biblical scholars cannot tell preachers how to understand texts...Preachers, because they are engaged in the act of Biblical interpretation for preaching, see and thus understands texts differently. Biblical scholarship...cannot do what the preacher must do; enable the congregation to live there and call it ‘home’.*” Dis duidelik dat ’n prediker [liturg] die taak het om die teks vir die hoorders toeganklik en verstaanbaar te maak en dat hy dit op ’n unieke manier doen!

1.2 Die persoon[likheid] van die liturg:

Geen hermeneutiek [skrifverstaan of -uitleg] kan verantwoordelik gedoen word sonder die inagneming van die persoon en persoonlikheid van die prediker [liturg] nie. Die liturg kan slegs geloofwaardig wees en effektief die heilsboodskap oordra indien hy eg volgens sy eie persoonlikheid optree.

Hoe ’n mens die persoonlikheid moet verreken en watter model die mees bruikbare vir die doel is, is ’n moeilike vraag om te beantwoord, maar die *Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®]* leen hom waarskynlik die beste daartoe om hierin behulpsaam te wees.

Dit is dan ook kortliks die doel van hierdie verhandeling. Om leraars, gemeentes en die kerk te help om ’n ryke verskeidenheid persoonlikheidstipes onder leraars te kan erken, waardeur én benut. Dit is hoog tyd dat ons die wonderlike variasie wat God aan ons gegee het, na behore sal bestuur en geniet, sodat die “kerk” alles vir almal kan word om sommige na God te bring!

Die titel wat ek vir die verhandeling gekies het, is: *’n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se MBTI® persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens.*

1.3 Vier Afdelings:

Hierdie ondersoek word uiteengesit in vier verskillende Afdelings wat elk na ’n fase van die ondersoek verwys: 1-Inleidende fase; 2-Verduidelikende fase, 3-Konkluderende fase en 4- Samevattende fase.

Afdeling 1 omskryf die inleidende fase wat bestaan uit vier Hoofstukke wat die aanleiding, inleiding en hantering van die ondersoek verwoord.

Na die bondige inleiding in Hoofstuk 1, volg Hoofstuk 2 wat die aanvanklike navorsingsvoorstel weergee, met enkele aanpassings en veranderings. Hier word die motivering van die keuse vir die spesifieke onderwerp asook die formulering van die doelstelling en probleemstelling en die aanvanklike beplanning van die ondersoek hanteer.

Hoofstuk 3 omskryf al die begrippe van die titel van die verhandeling. Ander nodige definisies word by die ter sake hoofstukke weergegee.

Hoofstuk 4 verduidelik die metodologie en verloop van die navorsingsproses.

In Afdeling 2 [die verduidelikende fase] word ’n teoretiese uiteensetting van die invloed van persoonlikheid op liturgiek [Hoofstuk 5] en ’n verduideliking van die teorie wat die MBTI® onderlê [Hoofstuk 6] hanteer. In Hoofstuk 7 word ’n omskrywing van die sestien verskillende MBTI® persoonlikheidstyle gegee.

Afdeling 3 is die konkluderende fase wat gevolgtrekkings en afleidings maak. In Hoofstuk 8 word die verwagte liturgiese inkleding van eredienste aan die hand

van die persoonlikheidstyle bespreek. Hoofstuk 9 gee rapport vanuit die empiriese ondersoek en in Hoofstuk 10 word die teorie en praktyk met mekaar vergelyk en word die afleidings en aanbevelings dan verwoord.

In Afdeling 4 word ten slotte 'n kort samevatting van die hele verhandeling gegee, asook 'n literatuurverwysingslys.

HOOFSTUK 2: INLEIDING:

In hierdie Hoofstuk word die basiese Navorsingsvoorstel soos aan die einde van September 2003 ingegee, vervat. *Veranderinge en aanpassings word in kursief aangedui. Die numering is natuurlik ook aangepas om by die res van die verhandeling te pas.*

2.1 Keuse van die onderwerp:

2.1.1 Voorbereiding:

2.1.1.1 Voorlopige omskrywing, titel en uitgangspunt:

In hierdie studie word die spesifieke impak van verskillende persoonlikheidstyle van die liturg, op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens ondersoek. Heelwat is al oor persoonlikheidstyle geskryf maar min spesifiek t.o.v. predikante in relasie tot hulle liturgiese verantwoordelikheid.

Die titel van die studie word afgegrens tot MBTI® persoonlikheidstyle, aangesien dit andersins 'n onmoontlike wye ondersoek sou vereis. In Hoofstuk 3 word 'n omvattende verduideliking hieromtrent gegee.

*Die titel is, soos reeds vermeld in Hoofstuk 1: 'n **Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.***

As uitgangspunt is die hipotese van die verhandeling dat die MBTI® persoonlikheidstyl van die liturg, 'n beduidende invloed het op sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste.

2.1.2 Aanleiding tot die ondersoek:

Menige lidmate, kerkrade en predikante [veral in kollegaskappe] beleef spanning en selfs konflik vanweë persoonlikheidsverskille. Dit bemoelik die effektiewe oordrag van die Evangelieboodskap. Meer kundigheid hieroor sal nie alleen spanning ontlont nie, maar ook gemeentes in staat stel om hulle predikante beter te verstaan en optimaal i.t.v. persoonlikheidsstyle te benut. Die predikante kan ook bemagtig word om die Evangelieboodskap meer geïntegreerd aan te bied.

2.1.3 Persoonlike motivering tot die ondersoek:

Naas gemeente-predikant is ek ook 'n opgeleide psigometris. Die laaste paar jaar het al meer predikante en gemeentes die MBTI® persoonlikheidsvraelys as hulpmiddel begin gebruik - in spanbou, persoonlike ontwikkeling en personeelaanwending. Ek het self die kursus deurloop en is ook geakkrediteer om die MBTI® kursus te kan afneem en te kan interpreteer. In my opinie kan 'n wyer benutting hiervan en 'n wyer kennis van die implikasies daarvan die kerk, elke gemeente en elke liturg dien en verryk.

2.1.4 Voorlopige afbakening van die onderwerp:

Daar is baie tipes persoonlikheidsprofile en -toetse. Dit sou egter onmoontlik wees om meer as een te gebruik in die ondersoek. Daarom val my keuse op die MBTI® – in my opinie die beste vir dié doel. Verder sou dit onmoontlik wees om 'n hele gemeente of selfs kerkraad by die ondersoek te betrek en sal dit ook nie die gewenste trefwydte in die breë kerk hê nie.

Daarom word die ondersoek tot predikante beperk; predikante wat reeds die persoonlikheidsstoetsing deurloop het of bereid is om dit te deurloop. Natuurlik sou 'n mens dit nie maklik met elke predikant in ons kerk kon doen nie, en daarom sal 'n steekproef gemaak moet word - bv. predikante uit 'n paar ringe wat

dan na 'n spesifieke sinode veralgemeen kan word, *of 'n aantal predikante uit 'n ring, waarvan die steekproef dan na die ring veralgemeen sou kon word.*

2.1.5 Globale probleemstelling:

In hierdie verhandeling wil ek dus die invloed van verskillende MBTI® persoonlikheidsstyle op die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens ondersoek.

2.1.6 Die bedoeling van die ondersoek:

Die bedoeling van hierdie ondersoek is om meer kennis en begrip by predikante, lidmate en gemeentes te kweek wat die kommunikasie van die Evangelieboodskap tydens eredienste meer effektief sal maak.

2.1.7 Plasing van die onderwerp binne die prakties-teologiese kader:

Die tema van die ondersoek het raakvlakke met talle dissiplines, veral met die Teologie, die Psigologie *en die Kommunikasiewetenskappe*. Dit hoort duidelik tuis in die Prakties-teologiese kader met spesifieke klem op die Liturgiek en Homilitiek.

2.1.8 Voorlopige karakterisering van die ondersoek:

Die ondersoek sal aan die hand van 'n kombinasie van verskillende metodes geskied nl. 'n literatuurstudie, die afneem van persoonlikheidsprofielvraelyste [indien nodig] en persoonlike onderhoude. D.w.s. 'n teoretiese én empiriese benadering. Hieruit sal die empiriese resultate dan met die teoretiese onderbou vergelyk word en praktiese afleidings en voorstelle gemaak word. *Die empiriese ondersoek sal egter meer kwalitatief as kwantitatief fokus, bloot a.g.v. finansiële en tydsaspekte.*

2.1.9 Versameling van beskikbare materiaal:

’n Volledige literatuurlys sal aan die einde van die ondersoek by die verhandeling ingesluit word.

2.2 Formulering van die Probleem- en Doelstelling:

2.2.1 Probleemstelling:

Onkunde en wanpersepsies bestaan by predikante en lidmate vanweë ’n wanbegrip van die rol en invloed van die liturg se persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens.

2.2.2 Doelstelling:

Om begrip en waardering vir verskillende persoonlikheidstyle se benadering t.o.v. die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens te kweek.

2.2.3 Vraagstelling:

Watter begrip en kennis moet by lidmate en predikante gekweek word om die verskillende persoonlikheidstyle se benadering t.o.v. die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding na behore te kan waardeer?

2.3 ’n Nadere uitwerking van die ondersoek:

2.3.1 Inhoudelike uitwerking:

Ter wille van duidelikheid is dit nodig dat die volgende begrippe in die probleemstelling gedefinieer sal word:

Liturg: 'n Geordende predikant van die Ned. Geref. Kerk wat eredienste waarneem.

Persoonlikheidstyl: 'n Unieke persoonlikheidstyl soos omskryf en uitgewerk in die sestien persoonlikheidstylvoorkeure van die MBTI®. In die ondersoek sal elke persoonlikheidstyl ook pertinent gedefinieer word.

Liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding: Handel oor die keuse, beplanning, voorbereiding en plasing van die liturgiese momente in 'n erediens, asook die styl van aanbieding tydens die erediens.

2.3.2 Metodologiese uitwerking:

In die ondersoek sal 'n deduktiewe én induktiewe benadering gevolg word. Die empiriese resultate sal met die teoretiese bevindinge in verband gebring word en daaruit sal afleidings en praktiese voorstelle volg.

2.3.3 Stappe in die ondersoek:

2.3.3.1 Teoretiese fase:

'n Literatuurstudie oor die rol en invloed van die predikant se persoonlikheidstyl op prediking en liturgie word gedoen.

2.3.3.2 Empiriese fase:

'n Spesifieke persoonlikheidsprofiel, die MBTI® word aangewend vir die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek. Dit sluit dus toetsprofile, vraelyste en onderhoude met predikante in.

2.3.3.3 Praktiese fase:

Die resultate van die empiriese ondersoek word gekoppel met die bevindinge van die literatuurstudie. Hieruit word praktiese aanbevelings gemaak en inligting deurgegee wat predikante en gemeentes sou kon dien.

2.3.4 Relevansie:

Wetenskaplike relevansie: Waardevolle kennis t.o.v. die invloed van spesifieke persoonlikheidsstyle op die liturgiek sal verwerf word en die praktyk en teorie sal mekaar verryk, aanvul en korrigeer.

Kerklike relevansie: Hierdie ondersoek sal predikante en gemeentes help sodat liturge meer tot hulle reg sal kom en die Evangelieboodskap duideliker en meer verstaanbaar gekommunikeer sal word. *Dit sal ook groter aanvaarding van die predikant as liturg deur die gemeente, en groter rustigheid en vrymoedigheid by die predikant as liturg bewerk.*

2.4 Bepanning van die ondersoek:

2.4.1 Tydskedule:

Die volgende breë tydskedule word voorgestel:

End September 2003: Navorsingsvoorstel in

End Februarie 2004:	Literatuurstudie afgehandel
End Junie 2004:	Empiriese fase afgehandel
End September 2004:	Teoretiese en empiriese fases afgehandel
End Oktober 2004:	Verhandeling in

Die breë lyne van die tydskedule is gevolg, maar ongelukkig nie heeltemal binne die parameters wat gestel is nie. Miskien was die tydskedule so bietjie idealisties.

2.4.2 Begroting:

Finansies t.o.v. die afneem van die persoonlikheidsprofiel is nodig – ongeveer R100 p.p. Aangesien die persone wat bereid is om mee te werk 'n volledige persoonlikheidsstylprofiel kan kry, sal van hulle dalk bereid wees om die koste hiervan te dra. Verder is daar ook enkele ander administratiewe koste. *Die oorgrote meerderheid predikante wat aan die studie deelneem, is reeds voorheen met die MBTI® getoets en dus was die minimum fondse nodig.*

2.4.3 Opset:

Die verhandeling word voorlopig in vier afdelings en twaalf Hoofstukke uiteengesit:

Afdeling 1: *INLEIDENDE GEDEELTE*

- Hoofstuk 1: Voorwoord
- Hoofstuk 2: Inleiding [Navorsingsvoorstel]
- Hoofstuk 3: Begripsomskrywing
- Hoofstuk 4: Metodologie

Afdeling 2: UITEENSETTING VAN DIE SAAK

Hoofstuk 5: Die invloed van persoonlikheid op liturgiek

Hoofstuk 6: 'n Kort uiteensetting van die teorie wat die MBTI® onderlê

Hoofstuk 7: Sestien verskillende persoonlikheidstyle

Afdeling 3: GEVOLGTREKKINGS

Hoofstuk 8: Verwagte liturgiese inkleding van eredienste
aan die hand van die MBTI® persoonlikheidstyle

Hoofstuk 9: Rapport vanuit die empiriese ondersoek

Hoofstuk 10: Afleidings en aanbevelings

Afdeling 4: SLOT

Hoofstuk 11: Samevatting

Hoofstuk 12: Literatuurlys

2.4.4 Voorlopige literatuurverwysingslys:

Voorlopige literatuur om gebruik te word:

Babin, P 1991. *The New ERA in Religious Communication*. U.S.A. Augsburg Fortress.

Barnard, AC 1985. *Die Erediens*. Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Hirsch, SK & Kummerow, JM 1989. *LIFETypes*. New York: Warner Books.

Myers, IB & Myers, PB 1995. *Gifts Differing*. Palo Alto, California: Davies-Black Publishing.

Nel, M 2001. *Ek is die verskil!* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Pieterse, HJC 1979. *Skrifverstaan en die prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Quenk, NL 1993 *Beside ourselves: Our hidden personality in everyday life*. Palo Alto, California: Davies-Black Publishing.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homilitiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Vol I. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homilitiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Vol II. Pretoria: RGN-uitgewery.

Lliteratuur sal deur die loop van die studie by die finale lys gevoeg én verwyder word.

2.5 Begeleiding:

Dr. FJ Clasen en prof. CJA Vos is aangewys as my studieleier en medestudieleier onderskeidelik en dis 'n voorreg om onder hulle te werk.

HOOSTUK 3: BEGRIPSOMSKRYWING:

In hierdie Hoofstuk word aandag aan die omskrywing van die sleutelbegrippe wat in hierdie studie gebruik word, gegee. Veral die begrippe in die titel van die verhandeling word omskryf.

Vir volledigheid word die titel van die verhandeling hier herhaal: **'n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.**

3.1 Prakties-teologiese ondersoek:

Prakties-teologiese ondersoek dui die kader aan waarbinne die studieveld van die verhandeling val. Soos reeds in Hoofstuk 2 uitgeklaar en aangetoon, hoort die ondersoek duidelik tuis in die Praktiese Teologie en die Kommunikasiekunde, met spesifieke klem op die Liturgiek en Homilitiek. Die teorie [teologie] en die praktyk vorm tog 'n digotomie wat mekaar wedersyds beïnvloed en korrigeer.

Aan die einde van die ondersoek, sal die resultate van die empiriese ondersoek getoets word aan die bevindinge van die teoretiese studie. Hieruit sal dan praktiese aanbevelings gemaak word en teoretiese inligting deurgegee word wat predikante, gemeentes en die Ned. Geref. Kerk sou kon dien.

3.2 Invloed:

Met invloed word die unieke en spesifieke effek wat 'n bepaalde persoonlikheidsvoorkeur op 'n liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens het, bedoel.

3.3 Liturg:

In Hoofstuk 2 word 'n liturg voorlopig as 'n geordende predikant van die Ned. Geref. Kerk wat eredienste waarneem, beskryf. Natuurlik sou liturg baie wyer omskryf kon word, deur enige persoon wat enige erediens hanteer, as 'n liturg te definieer. Dit sou ook teologiese studente, proponente, pastore van ander denominasies, ens. kon insluit.

Ek beleef dieselfde dilemma as wat ds. H.J.P. Venter in sy referaat *Die prediker en die preekgebeure* t.o.v. 'n "prediker" verwoord:

"Wanneer ons die prediking en veral die prediker prakties-teologies benader, is die uitgangspunt nie in die eerste plek om uit die Bybel 'n definisie te probeer saamstel van 'n prediker en dan in die praktyk te gaan kyk wie hiervolgens kwalifiseer as predikers nie, maar eerder om die bekende fenomeen nl. die prediker soos hy in die praktyk aangetref word, te omskryf." [Smuts 1985:56].

Daarom kies ek bloot 'n praktiese omskrywing van "liturg" en bly vir die doel van die studie by Hoofstuk 2 se keuse. Daar is twee redes hiervoor: 1 - Geordende predikante ken hulself en preekstyl [hopelik] al beter as voorheen, en 2 - die ondersoek sal andersins heeltemal te omvattend wees. Ek is egter tog van mening dat die resultate van die ondersoek vir enige liturg, in die wyer of enger sin van die woord, van waarde sal wees.

3.4 MBTI® Persoonlikheidstyl:

3.4.1 Persoonlikheid:

Om persoonlikheid of persoonlikheidstipe of -styl te omskryf, is 'n omvangryke taak. *Persoonlikheid dui in sy wydste betekenis op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese*

eienskappe, soos dit in wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore.” [Plug et al 1986:274].

Daar bestaan 'n geweldige verskeidenheid definisies van persoonlikheid. Elke denkrigting in die Sielkunde het een of meer definisies waarmee persoonlikheid vanuit 'n spesifieke teorie omskryf word. Ek noem slegs 'n paar bekende voorbeelde, sonder om in die slaggat van verskillende sielkundige skole en -teorieë te verval [Plug et al 1986:274]:

Persoonlikheid is die dinamiese organisasie binne die individu van daardie psigofisiese sisteme wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal, aldus G.W. Allport.

Persoonlikheid is dit wat 'n voorspelling van 'n spesifieke persoon se gedrag in 'n situasie moontlik maak, volgens R.B Cattell.

D.W. Fiske sien persoonlikheid as die individu se konsekwente en kenmerkende wyses van interaksie met sy eksterne, somatiese en intrapsigiese omgewing.

J. Dollard en N.E. Miller beskryf persoonlikheid as al die persoon se aangebore en aangeleerde responsgewoontes.

Let op dat in die meeste definisies iets van die unieke en persoon-spesifieke eienskappe na vore kom, dat mense kenmerkend van mekaar verskil en dat die verskille per implikasie dus gebruik sou kon word om iemand se unieke persoonlikheid of menswees te tipeer.

3.4.2 Persoonlikheidstipe:

Persoonlikheidstipe dui op die kategorie waarin persone geplaas word ooreenkomstig opvallende persoonlikheidstrekke en tipiese gedragspatrone [Plug et al 1986:274].

Vir die doel van die studie kom die gebruik van die woord, *persoonlikheidstipe*, nader aan die term persoonlikheidstyl wat deur die MBTI® gebruik word. Hierby sluit Carl Gustav Jung se persoonlikheidstiperinge, wat in Hoofstuk 6 verder omskryf word, aan.

Quenk [1996:2] beskryf persoonlikheidstipe t.o.v. die MBTI® so: *“Psychological type is a way of understanding ourselves and each other. It describes the interplay of four pairs of opposites in our personality – opposite ways of using energy, opposite ways of gathering information, opposite ways of coming to conclusions and opposites styles of relating to the outside world.”*

3.4.3 Persoonlikheidstyl:

Met hierdie term word 'n unieke persoonlikheidstyl soos omskryf en uitgewerk in die sestien persoonlikheidstylvoorkeure van die MBTI® bedoel. In die ondersoek sal elk van die sestien persoonlikheidstyle ook pertinent gedefinieer word. Persoonlik verkies ek die term persoonlikheidstyl, aangesien dit inpas by Jung en Myers & Briggs se bedoeling dat verskillende persoonlikheidstipes nie teen mekaar afgespeel en opgeweeg moet word nie, maar dat daar eerder waardering gekweek sal word vir die uniekheid en besonderheid van elke persoonlikheidstyl.

Persoonlikheidstyl as term is m.i. ook nie so deterministies beperkend soos persoonlikheidstipe of bloot die term persoonlikheid nie.

3.5 Liturgiese voorbereiding, -inkleding en -aanbieding:

Liturgiese voorbereiding, -inkleding en -aanbieding handel oor die keuse, beplanning, voorbereiding en plasing van die liturgiese momente in 'n erediens, asook die styl van aanbieding tydens die erediens. Hierdie onderskeid en definisies word bloot vanuit 'n praktiese oorweging gemaak.

3.5.1 Liturgiese voorbereiding:

Met liturgiese voorbereiding word die voorafwerk en tydsaspekte wat 'n erediens voorafgaan, bedoel. Sake soos die tekskeuse, keuse van liedere en instrumente, begin- en eindtyd van voorbereiding, ens. speel hier 'n rol.

3.5.2 Liturgiese inkleding:

Met liturgiese inkleding word spesifiek verwys na die liturg se gebruik [al dan nie] van liturgiese momente, die inkleding daarvan en die samehang daartussen.

3.5.3 Liturgiese aanbieding:

Met liturgiese aanbieding word die wyse waarop die liturg die boodskap tydens eredienste aan die gemeente oordra, bedoel. "Boodskap" omvat die totale kommunikasie van die liturg tydens 'n erediens, en nie net die preek nie. Die kommunikatiewe styl, gemak, tydsgebondenheid [al dan nie] en effektiwiteit van die liturg se persoon[likheid] kom hier ter sprake.

3.6 Erediens:

Met erediens word die normale ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente soos elke Sondag in die Ned. Geref. Kerk en haar gemeentes bedoel.

HOOFSTUK 4: METODOLOGIE:

4.1 Vierfasige proses:

In hierdie hoofstuk word die metodologie en die proses wat in die ondersoek gevolg is, verwoord. In die ondersoek is 'n deduktiewe én induktiewe benadering gevolg. M.a.w. van die teorie is na die praktyk beweeg en van die praktyk terug na die teorie.

In Hoofstuk 2 word verwys na die drie fases, nl. teoretiese-, empiriese- en praktiese fase aan die hand waarvan die ondersoek geloods word. Voor die drie fases, is natuurlik ook die voorlopige fase waarin onder andere die keuse vir die titel en parameters van die ondersoek uitgespel word. 'n Tydskaal is ook in Hoofstuk 2 voorgestel vir die verloop en afhandeling van die ondersoek.

4.2 Fases gekoppel aan afdelings:

Die produk van elke fase word in 'n spesifieke afdeling weergegee. Die inleidende fase word in Afdeling 1 – die INLEIDENDE GEDEELTE weergegee en die teoretiese- of verduidelikende fase in Afdeling 2 se UITEENSETTING VAN DIE SAAK. Die produk van die empiriese- sowel as die praktiese fase word in 'n konkluderende fase in Afdeling 3 – GEVOLGTREKKINGS verwoord en dan sluit die verhandeling af met samevattende opmerkings en die literatuurlys in die samevattende fase - die SLOT [Afdeling 4].

4.2.1 Voorlopige fase:

Die voorlopige fase eindig met die opstel en ingee van die navorsingsvoorstel, soos in wese in Hoofstuk 2 verwoord. Hierdie navorsingsvoorstel is, in ooreenstemming met die tydskaal, reeds aan die einde van September 2003 ingehandig. Deel van die voorlopige fase is die begripsoms krywing in Hoofstuk 3

waarin die titel se begrippe omskryf word en dan ook hierdie hoofstuk [Hoofstuk 4] wat die werkswyse verder uitspel.

4.2.2 Teoretiese fase:

In die teoretiese fase is 'n literatuurstudie oor die rol en invloed van die predikant [liturg] se persoonlikheidstyl op prediking en liturgie gedoen. Aanvanklik is in beginsel gekyk na die kwessie of die persoonlikheid van die liturg enige invloed op sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste het. Hierdie saak word in Hoofstuk 5 in besonderhede behandel.

Daarna word in die teoretiese fase gekonsentreer op een spesifieke persoonlikheidsanalise, nl. dié van die MBTI®. Die MBTI® as psigometriese toetsinstrument, bou op die aannames en insigte van C.G. Jung en die ma-dogter kombinasie K. Briggs en I. Myers, wat wêreldwye erkenning geniet. Die prinsipiële onderbou van die MBTI® en die onderliggende teorie daarvan, word in Hoofstuk 6 uiteengesit. As 'n verdere deel van die teoretiese fase, word die sestien MBTI® persoonlikheidstypies in Hoofstuk 7 breedvoerig bespreek.

4.2.3 Empiriese fase:

Die persoonlikheidsprofile van die MBTI® word aangewend vir die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek. Dit sluit dan toetsprofile, vraelyste en onderhoude met predikante in.

4.2.3.1 MBTI® vraelyste:

Daar is 'n verskeidenheid soorte MBTI® vraelyste wat gebruik sou kon word om persoonlikheidsprofile te bekom, o.a. vorm F [met 166 items] wat gewoonlik vir navorsing gebruik word, vorm G-I [126 items] wat iemand se voorkeure meet en nog 32 vroeë het wat vir navorsing gebruik kan word, vorm G-I (selfmerk) met 94

vrae en dan ook nog vorms K, J en M [Van Rooyen 2001:32-33]. Die profiele waarmee in hierdie ondersoek gewerk word, is hoofsaaklik dié van vorm G-I of G-I [selfmerk]. Dit is die vorms wat gewoonlik in ons land en in kerklike kringe gebruik word. Dit sou egter geen verskil gemaak het indien die ander MBTI® vraelyste gebruik sou word nie, aangesien dit op dieselfde basis funksioneer. Let ook daarop dat die toetsprofile as sodanig geneem word, sonder om die intensiteit van die voorkeure te verreken. Dit sou die saak heeltemal te kompleks maak om die voorkeurintensiteit by elke faktor van iemand se profiel in ag te neem.

Aanvanklik sou ek in hierdie ondersoek van die vorm G-I gebruik gemaak het, indien predikante nog nie voorheen getoets was nie. Ter wille van die onkoste van die ondersoek, is slegs gebruik gemaak van leraars wat reeds die MBTI® toetsing deurloop het. Dis daarom nie nodig om 'n verdere uiteensetting van die verskillende tipes vraelyste wat die MBTI® gebruik, hier weer te gee nie, aangesien ek, vir die doel van die studie, slegs gebruik maak van die finale voorkeurprofiel.

4.2.3.2 Die vraelys:

4.2.3.2 (a) Metodiek van data-insameling:

Daar is 'n groot verskeidenheid metodes van data-insameling wat in navorsing gebruik kan word. [Smit 1985:143-176]. Wat die doel van die studie betref, is die gebruik van vraelyste ideaal om 'n empiriese ondersoek mee te doen. In 'n vraelys *“gaan dit oor die verslag wat die persoon oor homself doen, met ander woorde 'n aantal vrae wat gestel word en wat deur die individu self beantwoord moet word en wat handel oor sy huidige en vorige gewoontes, gevoelens en houdings”* [Smit 1985:155].

Die ideaal sou wees om gelyklopend met die teoretiese ondersoek, vraelyste op te stel wat predikante se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens sou kon toets. Dit kon egter eers aan die einde van die teoretiese ondersoek gedoen word, aangesien omvattende kennis van die MBTI® nodig is om so 'n vraelys te kan opstel. Die data uit die vraelyste word in die derde fase – die praktiese fase ontleed en in verband gebring met die teoretiese fase.

4.2.3.2 (b) 'n Selfontwerpte semi-gestruktureerde selfbeoordelingsvraelys:

Versameling van data vir die empiriese fase, is deur die opstel, uitgee en analise van 'n selfontwerpte selfbeoordelingsvraelys gedoen. In die ondersoek gebruik ek 'n semi-gestruktureerde vraelys. Ek werk m.a.w. kwantitatief én kwalitatief. Om net kwantitatief te werk en 'n gestruktureerde, wetenskaplik verantwoorde vraelys op te stel, sou onmoontlik wees, aangesien die vraelys dan herhaaldelik getoets en geskaaf sou moes word, om seker te maak dat dit aan alle kwantitatiewe vereistes voldoen. Aan die ander kant bou dit 'n stuk geldigheid in die vraelyste in deur ook kwalitatiewe vrae te vra, en dit, indien nodig te toets in onderhoude met die deelnemende predikante.

4.2.3.2 (c) Die konstruksie van die selfbeoordelingsvraelys:

Die konstruksie van 'n [psigometriese] vraelys is geen eenvoudige taak nie. Sewe algemene aspekte moet volgens Smit [1985:165-166] in ag geneem word:

- Die psigometriese kundigheid van die persoon wat die vraelys opstel.
- Die beplanning, versorging en netheid van die vraelys.
- Noukeurige bewoording in die vraelys.
- 'n Gepaste volgorde van die vrae.
- Die aantal vrae wat gevra word – nie te veel nie en nie te min nie.
- Die aard van informasie wat verlang word, bepaal die soort vrae wat gevra word.

- Die analisering van die response op die vraelys word vooraf bepaal.

Vier algemene vereistes waaraan 'n selfbeoordelingsvraelys moet voldoen, is die volgende [Smit 1986:237]:

- 'n Selfbeoordelingsvraelys moet volledig wees, maar nie te lank nie.
- Vraelyste moet gestandaardiseer wees t.o.v. 'n bepaalde populasie.
- Aanwysings moet duidelik en verstaanbaar wees.
- Die moeilikheidsgraad van die items moet korrek versprei wees.

Smit [1986:237] stel ook spesifieke vereistes aan die items in 'n vraelys:

- Duidelike, eenvoudige en verstaanbare taal moet gebruik word.
- Items moet spesifiek wees.
- Items moet objektief en sonder suggesties wees.
- Die vrae moenie die toetsling in die verleentheid stel nie.
- Respondente moet genoeg tyd hê om die vraelys te voltooi.

4.2.3.2 (d) MBTI® vriendelike beginsels in die opstel van die vraelys:

Met die vraelys het ek gepoog om, met inagneming van die algemene vereistes by die opstel van 'n selfbeoordelingsvraelys, ook in dieselfde lyne te dink as die opstellers van die MBTI®. Natuurlik is die vraelys wat ek opgestel het, beperk tot die afbakening van my tema, aangesien die vraelys nie gestandaardiseer is nie. Die vraelys is ook geensins getoets soos die MBTI® wat oor jare heen ontwikkel het en getoets is nie. Dus is hierdie vraelys net 'n aanduiding, en geensins wetenskaplik op dieselfde vlak as die MBTI® nie.

Van die beginsels wat in lyn met die MBTI® in die opstel van die vraelys in gedagte gehou is, is die volgende:

- Elke vraag is opgestel met die digotome pole in gedagte – m.a.w. elke vraag sal een of meer van die E-I, S-N, T-F of J-P skale toets.
- Nie-bedreigende en praktiese taal is gebruik om die vraelys op te stel.
- Die vrae is daarop gemik om die houdings en voorkeure van predikante t.o.v. prediking en preekvoorbereiding te toets.
- Daar is ook gepoog om die vier skale telkens apart te hou. Dit word te ingewikkeld as een vraag meer as een skaal sou toets. Daar is egter 'n aantal vrae wat wel twee skale toets.
- Daar is gepoog om, wanneer pole teenoor mekaar gestel word, die een nie meer positief of negatief as die ander te stel nie. Dit is ook in lyn met die MBTI® dat dit nie gaan oor reg of verkeerd nie, maar oor spesifieke voorkeure.
- Die vrae is bedoel as sake wat 'n aanduiding kan gee van iemand se voorkeur.

M.a.w. die antwoorde behoort te wys “hoe die wind waai” in 'n liturg se voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens. In dié verband word aangesluit by die “*straws in the wind*” beginsel wat die MBTI® onderlê: “*Questions were to be written in such a manner that they could be used as ‘observable straws in the wind’ to make inferences about the direction of the wind itself.*” [Van Rooyen 2001:21].

4.2.3.2 (e) Inleiding van die vraelys:

Die vraelys word voorafgegaan deur 'n kort inleiding oor wat die doel en hanteringswyse van die vraelys is:

“Geagte kollega, ek is besig met 'n M-Verhandeling oor die rol van die liturg se MBTI® [Myers-Briggs Type Indicator®] persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens. Sal jy asseblief so gaaf wees om my hierin te help, deur die volgende vrae so gou moontlik te beantwoord en aan my

terug te stuur. Epos = elizess@worldonline.co.za of skakel my by 012 567 7039 of 072 196 9000.

Met die oog op navrae, wil ek graag jou naam hê. Antwoord asseblief eerlik en moenie te lank oor 'n vraag nadink nie. Die vraelys is vertroulik en geen naam sal in die verhandeling of op 'n ander plek aan inligting gekoppel word nie. Jou gemeente gaan ook nie getoets word hieroor nie – vir die doel van die studie wil ek graag jou opinie hieroor hê.

Antwoord die keusevrae deur slegs een moontlikheid - 'n a. of b. of c. te omkring. Die een wat waar of meestal waar is. Jy moet ongelukkig elke keer 'n keuse maak. Indien jy dit sommer op die rekenaar antwoord, moet jy asseblief die gekose moontlikheid so los en die ander moontlikhede doodtrek met die ~~“strike through”~~ funksie. Die ander vrae kan jy so bondig moontlik antwoord asb. Dankie vir jou moeite hiermee. Ek waardeer dit!

Groete in sy Naam

Nelius Steyn”

4.2.3.2 (f) 'n Vraelys met sewentig vrae:

Vraelys t.o.v. die invloed van 'n liturg se MBTI® persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens:

Naam: _____ Gemeente: _____

1. Het jy al die MBTI® gedoen? a. Ja b. Nee

2. Wat is jou MBTI®-profiel? _____

3. Dink jy dat jou MBTI® persoonlikheidstyl 'n beduidende effek op jou manier van prediking en preekvoorbereiding het? Motiveer.

4. Gebruik jy preekhulpe en/of kommentare wanneer jy 'n erediens voorberei?

a. Ja b. Nee

5. Gebruik jy elektroniese hulpmiddels in die voorbereiding van 'n erediens bv. 'n rekenaar, die Liedboeksleutel, ens?

a. Ja b. Nee

6. Hoe lank voor 'n erediens 'n aanvang neem, begin jy voorberei?

7. Hoe lank voor die erediens 'n aanvang neem, is jy klaar?

8. Preek jy volgens 'n preekrooster of Bybelwyser?

a. Ja b. Nee

9. Gebruik jy volledige uitgeskryfde of uitgetikte notas?

a. Ja b. Nee

10. Gebruik jy hoofpunftnotas?

a. Ja b. Nee

11. Maak jy van elektroniese hulpmiddels soos 'n dataprojektor, skootrekenaar of CD-speler in jou diens gebruik?

a. Ja b. Nee

12. Is dit vir jou maklik om oogkontak met jou gemeente te hê en te behou as jy preek?

a. Ja b. Nee

13. Haal jy die mikrofoon af wanneer die gemeente 'n lied sing?

a. Ja b. Nee

14. Het jou boodskap gewoonlik duidelike punte?

a. Ja b. Nee

15. Gebruik jy humor as jy preek?

a. Ja b. Nee

16. Haal jy uit die Grieks en Hebreeus aan?

a. Ja b. Nee

17. Gebruik jy verskillende vertalings wanneer jy eksegeese doen?

a. Ja b. Nee

18. Gaan jy terug na die oorspronklike wanneer jy eksegeese doen?

a. Ja b. Nee

19. Hoe lank voor die tyd moet iemand jou waarsku as jy moet preek?

20. Wat kies jy eerste – a. die teks of b. die lieder?

21. Kies jy die lieder a. voor of b. nadat jou hele boodskap voorberei is?

22. Maak jy gebruik van 'n sleuteltekst vir die boodskap?

a. Ja b. Nee

23. Sal jy sonder papiere preek?

a. Ja b. Nee

24. Gebruik jy gewoonlik by 'n normale oggenddiens die volle liturgie en in die normale volgorde?

a. Ja b. Nee

25. Kry jy gewoonlik binne 'n uur klaar met 'n erediens?

- a. Ja b. Nee

26. Skryf jy jou gebede uit?

- a. Ja b. Nee

27. Toets jy elke tydsaspek voordat jy gaan preek?

- a. Ja b. Nee

28. Bly jy by die volgorde soos jy dit vooraf beplan het?

- a. Ja b. Nee

29. Wat doen jy in geval van 'n krisis [bv. iemand wat flou val...]? a. Stop en vra iemand om die persoon te help, b. Probeer self die persoon help of c. Bid vir die persoon.

30. Hoe lank neem die voorbereiding vir 'n erediens?

31. As jy 'n spesifieke tema en boodskap voorberei het, en jy sien iemand wat in die erediens is vir wie dit 'n sensitiewe saak is, sal jy a. bloot daarmee voortgaan of b. sal jy die saak sagter stel t.w.v. die persoon?

32. Wat doen jy as 'n spreker 'n spreekbeurt in die erediens het en hy gaan oor die ooreengekome tyd? a. Niks b. Knip die persoon kort of c. Probeer die persoon se oog onopsigtelik vang en beduie dat hy moet klaar kry?

33. Indien iemand uit die kerkgebou stap onder jou boodskap dink jy... a. jy het iets gesê wat hom aanleiding gegee het of b. dat die persoon een of ander verklaarbare rede het of c. dat die persoon dalk siek is?

34. Indien 'n kerkraadslid direk voor 'n erediens vir jou sê van iemand wat siek is van wie hy vergeet het, en hy dit eintlik vroeër al moes gesê het, sal jy dit van die kansel af afkondig?

- a. Ja b. Nee

35. As 'n lidmaat vir jou 'n papiertjie op die kansel kom gee oor bv. 'n motor se ligte wat aan is, sal jy a. dit ignoreer of b. jouself onderbreek om dit af te kondig of c. wag vir offergawetyd om dit te sê?

36. Wat maak jy as iemand se selfoon in die erediens lui? a. Ignoreer dit. b. Maak 'n opmerking daaroor of c. Maak 'n grappie daarvan?
37. Wat is vir jou die moeilikste: a. die voorbereiding vir die erediens of b. die aanbieding van die erediens self?
38. Spreek jou tekskeuses gewoonlik a. konkrete probleme van mense aan of eerder b. abstrakte Godsopenbaring?
39. Dink jy dat jou prediking a. prakties grondvat of b. dat dit mense inspireer?
40. Wat is die belangrikste in die kommunikasie van prediking: a. Duidelike formulerings of b. Preek met gevoel?
41. Watter tema in prediking is die belangrikste: a. Liefde of b. Waarheid?
42. Eindig jy gewoonlik jou prediking met a. 'n vraag of b. 'n stelling?
43. Is jou preektemas gewoonlik a. saakgerig of b. mensgerig?
44. Wat doen jy indien daar iets gebeur wat vir jou 'n verleentheid is, bv. jy gooi die glas water oor jouself uit? a. Jy maak 'n grap daarvan. b. Jy ignoreer dit of c. Jy deel jou verleentheid met die gemeente.
45. Is dit vir jou a. maklik of b. moeilik om rond te loop terwyl jy preek?
46. Gebruik jy gewoonlik a. liggaamstaal of b. staan jy stil wanneer jy preek?
47. Waaroor preek jy die meeste: a. Mense se verhouding met God of b. Mense se sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar?
48. Wat is belangriker in 'n erediens: a. Waardigheid of b. Intimiteit?
49. Is die mense wat by die erediens uitstap a. geïnspireerd of b. weet hulle wat om te gaan doen?
50. Wanneer jy mense in 'n oggenddiens aanspreek, gebruik jy a. "u" of b. "jy/julle"?
51. Preek jy a. met erns of b. met entoesiasme?
52. Deel jy a. gewoonlik of b. selde van jouself in 'n boodskap?
53. Wanneer jy simboliek in 'n erediens gebruik, a. verduidelik jy die simboliek of b. laat jy mense toe om self waarde aan die simbool te heg?

54. In 'n boodskap a. raas jy meer met mense of b. troos jy mense meer?

55. Oortuig jy mense met a. logika of neem jy hulle mee met b. deernis?

56. Weet jy voor die tyd waar jy die mense aan die end van 'n diens wil hê?

a. Ja b. Nee

57. Sê jy gewoonlik a. net dit wat jy voorberei het of b. baie meer as wat jy voorberei het?

58. Wanneer jy klaar is met 'n erediens, is jy gewoonlik a. tevrede dat jy jou bes gedoen het of b. weet jy dat jy beter kon voorberei het?

59. Het jou boodskap 'n a. logiese goue draad wat iemand sal kan volg of b. is dit kreatief aanmekaar gesit?

60. Watter vrae of opmerkings dink jy sou nog definitiewe aspekte van die MBTI®-profiel kon uitlig?

61. Wat is jou drie gunstelingtemas om oor te preek?

62. Watter woord beeld Christenskap beter uit? a. Vryheid of b. Verantwoordelikheid?

63. Wat sou jy sê lê in die kern van die Christelike boodskap: a. Geregtigheid of b. Genade?

64. In 'n erediens behoort die klem die meeste op die a. heiligheid van God of b. op die liefde van God te val?

65. Watter woord spreek jou die meeste aan a. Toewyding of b. Aanvaarding?

66. Watter woord spreek jou die meeste aan a. Aanvaar of b. Inspireer?

67. Wanneer jy drasties met 'n lidmaat in die gemeente verskil, sal jy a. die saak met hom opneem of b. dit laat totdat dit nie anders kan nie?

68. Hou jy meer van 'n boodskap wat a. teologies baie om die lyf het of wat b. die basiese beginsels van dissipelskap uitspel?

69. Is dit vir lidmate a. maklik of b. moeilik om jou te volg in prediking?

70. Wanneer lidmate aan jou voorskryf hoe en waarom jy moet preek, a. ignoreer jy dit, b. vererg jy jou of c. doen jy moeite om dit aan te spreek in volgende prediking?

4.2.3.3 Verspreiding van vraelyste:

Vraelyste is aan al die predikante van die Ned. Geref. Ring van Wonderboom uitgedeel, en dié wat terugontvang is, word as 'n beduidende steekproef beskou om geldige afleidings te kan maak rondom die onderwerp van die studie. Natuurlik sal die afleidings nie algemeen geldend kan wees nie, aangesien die steekproef t.o.v. die hele predikantekorps te klein is, maar tog sal verhelderende opmerkings en insigte verkry word waarby alle predikante en gemeentes sal kan baat.

4.2.4 Praktiese fase:

Die derde fase van die ondersoek koppel die resultate van die empiriese ondersoek [bg. vraelys] met die insigte uit die teoretiese fase. Die terugvoer uit die vraelyste [Hoofstuk 9] word vergelyk met die “teoretiese” verwagtinge van Hoofstuk 8 en in Hoofstuk 10 as finale aanbevelings of bevindings gestel. Hieruit word praktiese aanbevelings gemaak en inligting deurgegee wat predikante en gemeentes sou kon dien.

4.3 Beplanning t.o.v. tyd en begroting:

4.3.1 Tydskedule:

In Hoofstuk 2 [voorlopige fase] is 'n spesifieke tydskaal voorgestel: Die breë lyne is wel volgens die riglyne aangespreek, en die Navorsingsvoorstel betyds

ingehandig, maar die literatuurstudie [teoretiese fase] het so maand of twee langer geneem as wat aanvanklik beplan is. Die empiriese fase kon ook nie afgeskop word voordat die literatuurstudie klaar was nie, maar die teoretiese- en empiriese fases is soos beplan, teen einde September 2004 afgehandel. Oktober 2004 is basies gespandeer op die afhandeling van die praktiese fase én die skryf van die verhandeling.

4.3.2 Begroting:

Finansies vir die ondersoek is tot 'n minimum beperk, aangesien die meerderheid predikante wat aan die studie deelgeneem het, reeds voorheen met die MBTI® getoets is. Die klasgelde vir die afgelope twee jaar is grotendeels met 'n beurs betaal. Die ander administratiewe onkoste soos registrasiegelde, papier, ink, petrolgeld vir die uitgee van vraelyste en die druk van die verhandeling is maar met raap en skraap en deur die genade byeengekry.

4.4 Ortografie en literatuurverwysings:

Die literatuurverwysing en ortografie word volgens die Harvard-metode gedoen aan die hand van Jansie Kilian [1989] se *Form and style in theological texts: A guide for users of the Harvard reference system*. Kilian se voorstelle word deurgaans gevolg, behalwe waar en wanneer dit bots met die *NAVORSING IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE se Riglyne vir Studente* deur Prof J J Kritzinger opgestel in 2000, spesifiek vir die Teologiese Fakulteit aan UP. 'n Uitsondering word ook t.o.v. spasiëring gemaak. Soos gebruikelik volg ek in die paragrafering om ekonomiese redes 'n 1.5 spasiëring en nie dubbele spasiëring soos Kilian [1989:1] voorstel nie. Die enigste uitsondering is die vraelys by 4.2.3.2 (f), wat in enkelspasiëring getik is, net soos wat dit aan die respondente uitgegee is. Die "Arial" skrif tipe met 'n grootte van 12 word deurgaans, behalwe by die tussenbladsye gebruik.

**AFDELING 2:
UITEENSETTING
VAN DIE SAAK**

HOOFSTUK 5: DIE INVLOED VAN PERSOONLIKHEID OP LITURGIEK:

In dié hoofstuk word die vraag beantwoord of persoonlikheid enigsins 'n invloed sou hê op liturgiek, of anders gestel, op die liturgiese inkleding, voorbereiding en aanbieding van 'n erediens. Maak “wie en wat en hoe” jy is, enigsins 'n verskil en lewer jou unieke menswees 'n spesifieke bydrae tot hoe jy preek, jou tekskeuses maak en die wyse waarop jy dit aan 'n gemeente oordra?

5.1 Die verhouding persoon[likheid]: liturgiek:

Dit is juis hierdie vraag wat Malan Nel [2001:6] in sy boek *Ek is die verskil* op die tafel plaas: “*Wat dan is die verhouding tussen die persoon, persoonlikheid en prediking?*” Prediking en liturgiese inkleding is tog nie iets wat buite my om plaasvind nie! Ek is [word] die instrument wat sekerlik die boodskap wat ek bring [in]kleur. Nel [2001:14] verwys na Brooks wat prediking definieer as “*truth through personality*”. Ons bely en glo tog dat God organies inspireer en organies werk en dus nie buite om 'n liturg se persoon[likheid] nie, maar juis ook deur middel van sy persoon[likheid]!

5.2 Christologiese plaasvervanging en Pneumatologiese resiprositeit:

Volgens Nel [2001:15] is deel van die probleem miskien ons byna eensydige Christologiese denke. Die “*plaasvervanging deur Jesus Christus staan so sentraal dat ons dalk te veel klem op hierdie eensydigheid lê en dus ook reken dat dit ons as mense, met ons unieke persoonlikhede geheel en al uitskakel*”. Nel se oplossing is dat ons nie net van “*Christologiese plaasvervanging*” moet praat nie, maar ook van “*Pneumatologiese resiprositeit*”. “*Die Gees herstel 'n verhouding deur die Middelaar en met die Skepper waar ons ons rol as medewerkers weer begin verstaan....Die Gees werk in en deur en met ons.*” [Nel 2001:15].

Dis weliswaar 'n geldige korreksie. Te veel is in die verlede eensydig op die Middelaarskap van Jesus Christus in die erediensgebeure gefokus, sonder om die persoon en persoonlikheid van die liturg in ag te neem.

5.3 Eensydige klem in die verlede:

Barnard [1985:401] haal bv. vir J.P. Boendermaker aan t.o.v. die Christologiese Middelaarskap van Jesus: *“Jesus Christus, Immanuël, God met ons, Hij is de Liturg, de Dienaar en wat wij doen is, wil het erediens zijn, gedragen en opgedragen door Hem.”* Nooit in die geskiedenis is die rol van die liturg egter heeltemal ontken nie. Die liturg is egter nie as middelaar nie, maar wel as voorganger in die erediens gesien. *“Die besondere ampte is dus ook deelnemers aan die erediens, maar hulle staan nie in die weg van die gelowiges nie; hulle is nie middelaars of tussengangers nie, maar voorgangers, leiers.”* [Barnard 2001:403].

Volgens De Klerk [1977:13] *“rus die ware prediking in die Christokratiese ampsgesag”*. Jesus Christus is dus die groot Subjek en die prediker [liturg], die klein subjek. Drie voorwaardes om deur die Gees, *“Christusbediening”* te verrig, is volgens De Klerk [1977:13] *“geloofsgebondenheid aan die groot Bedienaar”, “geloofsgehoorsaamheid aan die opdrag”* en *“geloofsdurf wat waag om die Woord te kan bedien”*. Hy gaan dus van die standpunt uit *“dat die amp orgaan is vir die Christusbediening deur die Gees.”* [De Klerk 1977:13].

Interessant dat wanneer De Klerk [1977:14] vier dinge onderstreep t.o.v. die klein subjek, die prediker, hy niks spesifiek oor die persoonlikheid van die liturg sê nie. Die prediker is *“niks meer as 'n dienaar”*, 'n *“lewende lid van Christus se liggaam”* en 'n *“getuie vir die waarheid”* nie, wat *“persoonlik daarvoor verantwoording sal doen.”* [De Klerk 1977:14].

En dan is van die gevare van die destydse “*resente tyd*” juis “*die prediking waarin die mens in die sentrum gestel word.*” [De Klerk 1977:45]. Die humanistiese prediking en ervaringsprediking het dit “*gemeen dat die kernbeginsel vanuit die Skrif verlé is na die mens in of sy rede en of in sy ervaring. Daarmee verloor die boodskap sy objektiewe basis van die geopenbaarde waarheid soos in die Heilige Skrif gegee en neem die subjektivisme oor.*” [De Klerk 1977:45].

5.4 Erkenning van die rol van die liturg:

Tog is die rol van liturg in die praktyk as tussenganger ook erken. Die “*bemiddeling*” van God na die mens en van die mens na God... “*In ’n besondere sin kan ons sê die liturg is die mond van God by die volk. Hy moet nougeset luister na wat God in sy Woord gespreek het en dit onverkort oorbring na die mense van vandag, sodat hulle opnuut God se eie Woord aan hulle hier en nou kan hoor. Dit geskied veral in die Skriflesing, die prediking, die absolusie. Maar dit is ook nodig dat die liturg die mond van die volk by God moet wees om hulle besondere node en behoeftes en hulle hele lewe voor die Here te stel....Dit geskied veral in die gebed en voorbidding.*” [Barnard 2001:403 & 404].

“*Die prediker is ’n mens van vlees en bloed met bepaalde gawes en eienaardighede, bepaalde beperkthede en moontlikhede.*” [Jonker 1985:79]. Hiermee word die unieke persoon[[likheid] van die liturg geïmpliseer. Al is die liturg ’n “*gesant van Christus deur wie God self die gemeente vermaan...beteken dit nie dat sy menslike eienaardighede, beperkthede en moontlikhede uitgeskakel word wanneer hy besig is om die Woord te verkondig nie. Hy word as mens, net soos hy is, geroep om op sy eie spesifieke manier die viva vox evangelii (die lewende stem van die evangelie) aan die gemeente deur te gee.*” [Jonker 1985:79].

Hoewel die rol van die spesifieke persoon[[likheid] van die liturg dus in die verlede nie genoegsame klem gedra het nie, is sy posisie as voorganger [tussenganger] wel prakties erken, hoewel nie in teologiese sin nie. Ons weet tog dat daar maar

een Middelaar is nl. Jesus Christus ons Here [Vgl Hebreërs 8:6 en 9:15 NAV]. Maar Jesus Christus gebruik mense om sy boodskap te dra. “*Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook!*” [Johannes 20:21 NAV]. Dit is die posisie van die liturg!

5.5 Verband tussen liturg en liturgiek:

Ds. H.J.P Venter [Smuts 1985:58] verwoord die verhouding tussen liturg en die voorbereiding, inkleding en aanbidding van ’n erediens so: “*Dit sal meebring dat o.a. die ware menswees van die predikant onder die vergrootglas geplaas word. Dit het tyd geword dat die mens in die amp ook raakgesien word en nie net die amp in die mens nie. Die feit dat die prediker as onvolmaakte mens in ’n amp staan wat deur God daargestel is, bring nie volmaakte preke en ander optrede voort nie. Sy amp trek nie ’n streep deur sy menswees nie, maar funksioneer juis daarbinne.*”

En daarom maak Nel se klem op “*Pneumatologiese resiprositeit*” ’n wêreld oop wat ons in die verlede minder of versigtiger betree het. Nel [2001:15] verwys na von Ruler wat praat van ’n “*Teonome resiprositeit*”. Daarmee dui hy aan dat dit wat in die Christologie plaasvervanging heet, resiprositeit in die pneumatologie heet. Die liturg met sy volle menswees en persoonlikheid word volledig ingeskakel en gebruik in diens van die evangelie sonder om maar bloot ’n marionet te wees of ’n objektiewe kanaal waardeur God se waarheid vloei. God skakel die mens aktief in by die verkondiging van die evangelie. Trouens, Hy maak ons deel van sy liefdesboodskap en heilstoesegging hier op aarde!

5.6 Liturg as volledig deel van die liturgiek!

God skakel die liturg dus volledig in, ook in terme van sy menswees en persoonlikheid! Eintlik is die liturg reeds deel van die boodskap, nog voordat die boodskap gebring is! “*Nog voordat ’n preekteks aangekondig is, is ’n mens reeds*

deel van hierdie ontmoetingsgebeure wat ons “erediens” en “preek” noem. Om dit te ontken of te minag, is waarskynlik ’n mislukte poging om agter die teks weg te kruip, eerder as om, onder die beheer van die Gees, eerlik agter die teks te staan.” [Nel 2001:16].

Mens sou hierdie verbondenheid van die persoon[likheid] van die liturg met die boodskap wat hy bring, as ’n kunswerk kon uitbeeld: *“In die preekproses vorm die interaksie en wisselwerking tussen prediker, hoorder en tema/teks ’n integrale eenheid. Dis soos die drade van ’n kleding wat saamgeweef word.” [Vos 1996:147].*

5.7 Kommunikasie van liturg se hele persoonlikheid:

C.J.A. Vos [1996:180] verduidelik iets van die interaksie tussen die prediker, hoorder en die teks t.o.v. die prediker [liturg] se persoonlikheid: *“Sy persoonlikheid speel ook ’n rol in die kommunikasie van die preek aan die hoorder. In dié proses kommunikeer die prediker se hele persoon en persoonlikheid met die hoorders”.*

Dit het die implikasie dat die persoon en persoonlikheid van die liturg die erediens kan verryk of kan strem. Volgens Vos [1996:157] kan die persoon[likheid] van die liturg ook ’n kommunikasiestoornis wees: *“Die prediker se persoon kan ook ’n hindernis in die preekverstaan wees. Dit kan gebeur dat ’n bepaalde persoonlikheidsstruktuur nie in staat is om met ’n sekere persoon te kommunikeer nie. Die prediker en die hoorder kom net nie op dieselfde golflengte nie.”*

5.8 Persoonlikheid van die liturg speel ’n kardinale rol:

Dis duidelik dat die persoonlikheid van die liturg ’n geweldige rol speel in die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbidding van ’n erediens. *“Die prediker is nie ’n rekenaar wat voorafgeprogrammeerde komperklanke responsief voortbring*

nie, maar eerder interpreteerder van die Woord van God vir die mens in die hede, teen die agtergrond van sy persoonlike ontwikkeling, sy persoonlikheid, sy emosies, sy opleiding, sy akademiese bekwaamheid, sy ervaring, sy roeping, sy persoonlike stryd en worsteling, kortom sy hele "Sitz im Leben." [Smuts 1985:58].

Natuurlik het die persoonlikheidsstyle van die hoorders in 'n erediens ook 'n groot invloed op die "hoor en verstaan" van 'n boodskap. Dit sal goed wees om in ag te neem dat die gemeente ook uit 'n unieke kombinasie van persoonlikheidsstipes, bv. die sestien verskillende persoonlikheidsstyle soos deur die MBTI® getoets, bestaan. Dit sou die ideaal wees om presies te weet wat jou gemeente se MBTI® persoonlikheidsstylprofiel/e is, maar dis prakties onmoontlik om elke lidmaat met die MBTI® te toets. Teoreties sou dit egter tog moontlik wees om uit te vind hoe die verskillende persoonlikheidsstyle aangespreek kan en behoort te word. Dit sal egter 'n latere studie vereis, aangesien dit te breed raak vir die doeleindes van hierdie verhandeling.

5.9 Belangrike afleidings:

In sy referaat *Die prediker en preekgebeure* [Smuts 1985:60], maak ds. H.J.P. Venter nege afleidings oor die persoon en persoonlikheid van die liturg [of prediker soos hy dit noem], wat vir hierdie studie en veral hierdie hoofstuk van kardinale belang is, en wat die rol en invloed van die liturg se persoonlikheid op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens, medebepaal:

- *"Elke prediker besit sy eie unieke persoonlikheid.*
- *Daar bestaan nie iets soos 'n volmaakte mens nie; daarom ook nie 'n volmaakte prediker of 'n volmaakte preek nie.*
- *Kennis van die persoon van 'n prediker sal lei tot 'n beter verstaan van sy prediking.*

- *In sy preke sal die persoon van die prediker ook kenbaar en herkenbaar wees.*
- *Preekdefekte is dikwels te wyte aan agtergronds- en persoonlikheidsdefekte van die predikant. Dit sal veroorsaak dat meeste predikante uiters sensitief is vir kritiek op hulle preke omdat hulle preke moeilik gekritiseer kan word sonder dat hulle as persone in gedrang kom. Preekkritiek is dus iets wat altyd versigtig-empaties oorgedra moet word aan die prediker.*
- *’n Persoonlikheidsanalise van die prediker kan baie bruikbaar wees. Dit sal ’n positiewe stap wees in die rigting van die aanvaarding van sy voluit menslikheid deur homself, sy leermeesters en sy gemeente.*
- *Hierdie beskouing dat die persoon van die prediker ’n invloed het op sy prediking hoef nie te, en moet ook nie bots met die feit dat hy ook gesant van God is, dit wil sê, iemand wat die Woordverkondiging as opdrag het nie.*
- *Die prediker het ook die verantwoordelikheid om nie maar die status quo te aanvaar wanneer hy teenskriftuurlike defekte in sy persoonlikheid ontdek nie, maar om in opdrag van God hom meer en meer te beywer vir die vrug van die Gees in sy eie lewe.*
- *Dit moet steeds onthou word dat die prediking nie ’n doelbewuste persoonlikheidstoonstelling in die eerste plek moet wees nie. Die prediker verkondig nie homself nie, maar God wat hom gestuur het”.*

Die fokus val dus nooit op die persoon[likheid] van die liturg nie, maar sonder sy persoon[likheid] kan geen liturg tog die boodskap van die Blye Evangelie dra nie. In navolging van ons Meester, “beliggaam” ons tog iets – natuurlik op ’n heel ander vlak – van God en sy liefde – ook in ons kommunikasie van die Liefdesboodskap.

5.10 Liturge – identiese persoonlikheidsprofiel of wye spektrum?

Die vraag of mense met sekere persoonlikhede eerder predikante word of behoort te word, is met reg in die verlede gevra. Venter [Smuts 1985:60] gaan van die waarskynlike uitgangspunt uit, dat dit *“veilig is om te beweer dat elke prediker ook sy eie unieke aard en persoonlikheid het.”* Die alternatief sou wees dat *“alle mense wat ’n sekere persoonlikheidsamestelling het, predikante word”*, met die implikasie dat alle predikante min of meer tot dieselfde persoonlikheidstipe sou behoort en dat predikante dus net ’n sekere groep persoonlikhede sou kon aanspreek!

Ek is egter van mening dat dit nie so is nie, maar dat predikante, net soos in enige ander beroep, ’n wye spektrum van verskillende persoonlikheidsprofiel vertoon. Die uitslag van die steekproef, al is dit klein, kan dalk hiermee help, hoewel dit nie die primêre fokus van die studie is nie.

In aansluiting hierby gaan Nel [2001:121] van die standpunt uit dat daar verseker nie iets soos ’n tipiese predikanteprofiel is nie, maar dat dit belangrik is om in ag te neem dat ons wel in ’n mensberoep staan. *“En menseberoepe, in diens van God, vra na mense wat met mense kan werk!”*

5.11 Liturg tussen Christokrasie én subjektivisme:

Die persoonlikheid en persoonlikheidstyl van die liturg het dus verseker ’n geweldige invloed op die liturgiese inkleding, voorbereiding en aanbieding van ’n erediens. M.i. gaan dit oor ’n gebalanseerde perspektief, wat tussen die gevare van die verabsoluttering van die Christokrasie aan die een kant en die verabsoluttering van subjektivisme aan die ander kant, deur moet stuur.

Dit gaan dus oor 'n gebalanseerde verhouding tussen “Christologiese bemiddeling” en “Pneumatologiese resiprositeit”. Jesus Christus is die groot Liturg wat deur en deur middel van die prediker, die klein liturg, se persoonlikheid en menswees, sy heil met die gemeente bemiddel. God skakel die mens aktief in die verkondiging van die Blye Evangelie, in. Hiervoor gebruik Hy sy Heilige Gees, sy Woord én die persoon[likheid] en menswees van die liturg!

HOOFSTUK 6: 'n KORT UITEENSETTING VAN DIE TEORIE WAT DIE MBTI® ONDERLÊ:

Daar is heelwat psigometriese persoonlikheidstoetse wat d.m.v. projeksie persoonlikheidseienskappe én/of psigopatologie beskryf. O.a. toetse soos die Sestien Persoonlikheidsfaktor Vraelys [16PF] en die *Minnesota Multiphasic Personality Indicator* [MMPI]. Vir die doel van hierdie ondersoek kies ek egter die MBTI®, nie net vanweë die bekendheid en effektiwiteit van die toets ook in kerklike kringe nie, maar ook omdat die MBTI® hom nie bemoei met psigopatologie of die meet van angstigheids en ander persoonlikheidsversteurings nie, maar hom spesifiek besig hou met die Jungiaanse persoonlikheidsaspekte [Van Rooyen 2001:30].

6.1 'n Psigometriese selfrapport-vraelys:

In die inleiding van die *Kerklike toepassings van die MBTI®* [Van Rooyen, 2001:2] oor die Myers-Briggs Type Indicator®, beskryf Arnold Smit die MBTI® so: *“Die MBTI® is 'n selfrapport vraelys wat ontwerp is om Carl Jung se teorie oor psigologiese tipes vir die alledaagse lewe toeganklik te maak. Die instrument help jou om jou begrip van jou en ander se uniekheid en gawes te verbreed. Dit bied informasie wat jou help om jouself, jou motiewe, jou sterk punte en groei-moontlikhede beter te verstaan. Dit help jou ook om te verstaan hoe jy van ander verskil en jou verhouding met hulle op 'n positiewe wyse in te rig.”*

Die MBTI® skale en vraelyste is 'n meetinstrument wat oor jare heen ontstaan het, gebaseer op Carl Gustav Jung se teorie oor persoonlikheid. Hy het verskillende psigologiese tipes ontwikkel om die normale verskille in persoonlikheid tussen gesonde mense mee te verklaar [Myers 1998:6]. Jung het tot die gevolgtrekking gekom dat verskille in gedrag voortvloei uit mense se ingebore geneigdheid om hulle denke op verskillende maniere te gebruik.

6.2 Carl Gustav Jung:

Volgens die Psigologiewoordeboek [Plug et al 1986:168] was Jung [1875-1961] 'n Switserse psigiater en stigter van die analitiese psigologie. Carl Gustav Jung was, interessant genoeg, die seun van 'n predikant en baie geïnteresseerd in geestelike dinge. *“Jung het geglo dat jou persoonlikheidstipe 'n instrument is waardeur jy jouself beter kan verstaan en ten diepste ook jou verhouding met God.”* [Van Rensburg & Simpson 2003:69].

Jung het o.a. onder Sigmund Freud, die vader van Psigo-analise gestudeer, maar verskil van Freud t.o.v. sy beklemtoning van die seksuele en die samestelling van die onbewuste. In 1913 stig Jung sy eie skool. *“Jung is veral bekend...vir sy siening van die twee houdingstipes, nl. introversie en ekstraversie.”* [Plug et al 1986:168].

6.3 Ekstroversie en Introversie:

Ekstroversie is 'n meer bekende term as ekstraversie, maar met dieselfde betekenis en inhoud, en daarom gebruik ek eerder die term “Ekstroversie” in die verhandeling, behalwe waar direkte aanhalings gemaak word.

“Ekstraversie is 'n groep persoonlikheidseienskappe wat die resultaat is van die vloeï van die libido na die buitewêreld. Persone wat hierdie eienskappe besit, se houdings, waardes en belangstellings is gerig op die fisiese en sosiale omgewing en op 'n eksterne verwysingspunt. Hulle is gewoonlik gesellig, aktief en sosiaal.” [Plug et al 1986:85].

Introversie is oorspronklik deur C.G. Jung gedefinieer en word beskryf as *“'n na binne gerigte persoonlikheidsoriëntasie wat gekenmerk word deur belangstelling in eie gedagtes en gevoelens eerder as in sosiale interaksie of eksterne sake.”* [Plug et al 1986:163].

6.4 Funkzioneringsvoorkeure:

Jung het geglo dat elke mens bepaalde funksioneringsvoorkeure het. Dit word vergelyk met die voorkeurhand waarmee jy skryf – regs of links. Net so het ons ook bepaalde voorkeure oor hoe ons die lewe benader, inligting inneem en verwerk, besluite neem en watter leefstyl ons verkies. Ons kan enige voorkeure gebruik, maar verkies dié wat die natuurlikste vir ons is. *“Hierdie voorkeure is aangebore sowel as aangeleer”* [Van Rensburg & Simpson 2003:69].

Die implikasie is dat jy van kleins af (onbewustelik) kies hoe jy die lewe wil hanteer en op dinge reageer, en dan ook jou keuses telkens versterk soos met 'n linker- of regterhandvoorkeur. Jy is dus nie vasgevang in 'n spesifieke manier van doen nie, maar is tog gemakliker en meer geoefen in 'n sekere persoonlikheidstyl as in 'n ander.

Dis op hierdie beginsel en die basiese onderskeid tussen introversie en ekstroversie wat Jung se persoonlikheidsteorie asook die latere MBTI® toetsinstrument gebou is. Jung het waargeneem dat mense hulle op twee verskillende maniere t.o.v. die eksterne wêreld oriënteer, en het na die twee basiese verskille as introversie en ekstroversie verwys.

Anders as die stereotipe opvatting dat 'n ekstrovert iemand is wat spraaksaam of uitbundig is en maklik praat en 'n introvert iemand is wat skaam en teruggetrokke is en moeilik praat, tref Jung die onderskeid eerder ten opsigte van dit waarop persone gerig is en wat mense energiseer. Vir hom gaan dit oor mense se oriëntasie en vanwaar hulle energiebronne funksioneer.

Ekstroversie beskryf dan energie wat buitewaarts gerig is - op mense en op gebeure in 'n eksterne omgewing, en introversie beskryf energie wat binnewaarts

gerig is op die gedagtes en ervarings van die innerlike lewe. [Van Rooyen 2001:3].

Wanneer die MBTI® as psigometriese instrument ontwikkel word, gebruik die MBTI® die simbool E vir Ekstroversie en I vir Introversie. Die twee houdings E en I staan as 'n digotomie polêr teenoor mekaar.

6.5 Waarneming en Besluitneming:

Die kern van Jung se teorie berus verder op sy aannames rondom denkkategorieë [Van Rooyen 2001:2]. Volgens hom beoefen ons twee basiese denkkategorieë: 1 - Waarneming en 2 - Besluitneming. Waarneming behels die inname van informasie; m.a.w. die wyse waarop iemand inligting bekom en Besluitneming behels die wyse waarop daardie inligting georganiseer word.

Daar is twee funksionele benaderings t.o.v. Waarneming nl. Sintuiglike [S] of intuïtiewe waarneming [N]. [*Sensing* en *Intuition* in Engels]. (Die simbool I is reeds aan Introversie toegeken, en daarom 'n N vir intuïtiewe).

Daar is ook twee funksionele benaderings t.o.v. Besluitneming nl. Denkende besluitneming [T] en Gevoelsmatige besluitneming [F]. [*Thinking* en *Feeling* in Engels.]

Vertaling van terme skep soms probleme of misverstand. Vir die doeleindes van die studie kies ek om "*Thinking*" eerder met "Objektiewe besluitneming" te vertaal en "*Feeling*" eerder met "Waardegedrewe besluitneming".

"Denkende besluitneming" [T] sou die indruk kon skep dat persone met 'n F-voorkeur nie kan dink nie, maar eerder voel en die term "gevoelsmatige" [F] sou dié wanpersepsie versterk. Dis belangrik om te begryp dat gevoelsmatige [F] nie

emosionaliteit aandui nie, maar eerder kognitiewe besluitneming op grond van die waardes of die gevoelens van mense.

Daarom verwys ek in die verhandeling na die [F] as Waardegedrewe besluitneming en nie Gevoelsmatige besluitneming nie, en na die [T] as Objektiewe besluitneming en nie Denkende besluitneming nie. Let daarop dat Objektiewe besluitneming [T] en Waardegedrewe besluitneming [F] beide kognitiewe funksies is en nie emosionele funksies nie!

6.6 Myers en Briggs:

Aan die hand van hierdie ses teenoorstaande pole; E-I, S-N en T-F, het Jung sy verstaan van die psigologiese tipes ontwikkel. Die volgende stap in die ontwikkeling van 'n meetinstrument, was die betrokkenheid van Myers & Briggs. *“Jung’s theory was refined and put into accessible form by Isabel Briggs Myers and Katharine Briggs, who developed the Myers-Briggs Type Indicator® (MBTI®) personality inventory.”* [Quenk 1996:1].

Katharine Cook Briggs [1875-1968] en haar dogter Isabel Briggs Myers [1897-1980] was toegewyde en gedissiplineerde waarnemers van persoonlikheidsverskille tussen mense [Myers 1998:6]. Hulle het jare lank Jung se teorieë en werk nagevors en aangevuur deur die verlies aan menslike potensiaal met die Tweede Wêreldoorlog, die MBTI® begin ontwikkel: *“during World War II (1939-1945), the two women started developing an Indicator that would enable people to gain access to their Jungian preference type. They felt that if people could be placed in jobs which they would find satisfying, and in which they could rely on their gifts, it would not only give the people greater work satisfaction, but would also contribute to their increased productivity.”* [Van Rooyen 2001:20].

6.7 Lewenstyl:

Veral Isabel Briggs Myers het oor die loop van baie jare, sonder formele psigologie-opleiding, Jung se teorie getoets en dit verfyn tot 'n toeganklike meetinstrument wat baie wyd gebruik word, die sogenaamde MBTI® [Nel 2001:33]. Die ma en dogter kombinasie het, in aanvulling by Jung se kategorieë, 'n vierde digotomie bygevoeg, nl. dié van Lewenstyl. Persone verkies een van twee spesifieke lewenstyle, nl. óf 'n gestruktureerde en besliste lewenstyl [J] óf 'n oop en aanpasbare lewenstyl [P]. Die [J] staan vir “*Judging*” en die [P] vir “*Perceiving*” in Engels.

6.8 Skale:

Hieruit het die vier skale, met twee voorkeerpole in elke skaal, waaruit die MBTI® bestaan, ontstaan:

Energie:	Ekstrovert	[E]	of Introvert	[I]
Waarneming:	Sintuiglik	[S]	of Intuïtief	[N]
Besluitneming:	Objektief	[T]	of Waardegedrewe	[F]
Lewenstyl:	Georganiseerd	[J]	of Aanpasbaar	[P]

Die essensie van Jung se teorie, soos deur die MBTI® verstaan, is die oortuiging dat gedrag verband hou met die verwantskap tussen twee stellinghoudings E-I en J-P en vier basiese funksies S-N, T-F [Van Rooyen 2001:43]. Hieruit word 'n kombinasie van voorkeure gemaak, met die volgorde van die letters wat die voorkeure altyd in 'n spesifieke volgorde aandui:

<i>Extraversion</i>	–	<i>Introversion</i>	[Focus for energy]
<i>Sensing</i>	–	<i>iNtuition</i>	[What a person pays attention to]
<i>Thinking</i>	–	<i>Feeling</i>	[How a person decides]
<i>Judgment</i>	–	<i>Perception</i>	[The lifestyle a person adopts]

6.9 Die dinamika van persoonlikheidstyle:

Die MBTI® kombineer dus die vier skale en die agt voorkeure om 'n tabel van sestien persoonlikheidstipes op te lewer [Van Rooyen 2001:4]. 'n Telling word vir elke houding of funksie verkry en van mekaar afgetrek om die voorkeuropool te verkry. Iemand se MBTI® voorkeur word dan in terme van 'n kombinasie van vier letters weergegee. E of I; S of N; T of F en J of P.

'n Persoon word op elkeen van die pole van die vier digotomieë getoets. 'n Telling word aan elke eienskap [E / I / S / N / T / F / J / P] toegeken. Dan word die digotomieë in pare gehanteer en word die minste van die meeste afgetrek, om op die ou end 'n vierfaktorkombinasie te verkry i.p.v. 'n agtfaktorkombinasie. Die voorkeuropool waarvan die telling die swaarste weeg, se simbool word gekies vir die vierfaktorkombinasie. Ter illustrasie:

'n Persoon toets E₂₅ I₁₀ S₁₉ N₂₃ T₇ F₁₈ J₁₄ P₉. Die vierfaktorkombinasie of persoonlikheidstyl van die persoon sal dus E₂₅ - I₁₀ ; N₂₃ - S₁₉ ; F₁₈ - T₇ en J₁₄ - P₉ wees; m.a.w. E₁₅ N₄ F₁₁ J₅.

Let daarop dat hierdie waarde van die telling van elke voorkeur nie in hierdie ondersoek in ag geneem word nie. Die waarde dui telkens die duidelikheid van 'n persoon se voorkeur aan, en nie noodwendig die intensiteit van die faktor wat dit meet nie.

Die eintlike dinamiek van persoonlikheidstyle word dus deur die interaksie tussen die verskillende voorkeure bepaal. *“The richest understandings available from psychological type and the MBTI® come through exploration of the dynamic interaction of all four preferences within one type: type dynamics.”* [Myers 1998:35]. Quenk [1996:2] verwoord dit so: *“These four preferences together create 16 different personality types. Each type is unique in two ways: It is made*

up of a particular combination of preferences and uses psychological or psychic energy in a specific way.”

Hieruit volg uiteindelik die sestien verskillende persoonlikheidstyle wat die MBTI® kenmerk. Hierdie sestien persoonlikheidstyle word in die volgende hoofstuk meer uitvoerig bespreek.

6.10 Die MBTI® voorkeure:

’n Belangrike aspek van die MBTI®, in die voetspore van Jung se teorie, is dat dit ’n voorkeurvraelys is wat die voorkeurpersoonlikheidstyl toets. Persone wat die MBTI® deurloop, dui dus self ’n voorkeur t.o.v. die vier skale aan deur telkens keuses vir een van die pole te maak. Die pole word in die vorm van vier digotomieë aangebied, wat die houdings en funksies van Jung en Myers & Briggs kombineer: Ekstrovert – Introvert energiseringsvoorkeur, Sintuiglike en Intuïtiewe waarnemingsvoorkeure, Objektiewe en Waardegedrewe besluitnemingsvoorkeure en Georganiseerde – Aanpasbare voorkeur t.o.v. lewenstyl [Myers 1998:9&10].

6.10.1 Ekstrovert – Introvert voorkeur:

6.10.1.1 Ekstrovert-Introvert energiseringsvoorkeur:

E-I Die E verwys na die psigologiese persoonlikheidstipe - Ekstrovert en die I na die Introvert. Hier word die vraag geantwoord waarop jy jou aandag fokus en wat jou energiseer. Mense wat ekstroversie verkies, hou daarvan om op die uiterlike wêreld van mense en aktiwiteite te fokus, terwyl mense wat introversie verkies, meer daarvan hou om op hul eie innerlike wêreld van idees en belewenisse te fokus. Ekstroverte rig hulle energie en aandag na buite en ontvang energie deur interaksie met mense en deur [sosiale] aksie te neem. Introverte rig hulle energie

en aandag na binne en ontvang energie deur te reflekteer op hulle gedagtes, herinneringe en belewenisse.

6.10.1.2 Karakteristieke eienskappe van persone met 'n ekstroversie voorkeur:

- Ingestel op die eksterne omgewing
- Verkies verbale kommunikasie
- Werk idees uit deur dit deur te praat
- Leer die beste deur aktiewe doen of bespreking
- Het breë belangstellingsvelde
- Sosiaal en ekspressief
- Neem geredelik inisiatief in werk en verhoudings

6.10.1.3 Karakteristieke eienskappe van persone met 'n introversie voorkeur:

- Teruggetrek in 'n innerlike wêreld
- Verkies skriftelike kommunikasie
- Werk idees uit deur refleksie
- Leer die beste deur refleksie en innerlike prosesse
- Fokus in diepte op spesifieke belangstellingsveld/e
- Privaat en terughoudend
- Neem inisiatief wanneer die situasie of saak baie belangrik vir hulle is

6.10.2 Sintuiglike en Intuïtiewe waarnemingsvoorkeure:

6.10.2.1 Sintuiglik-Intuïtief:

S-N Die S verwys na Sintuiglike waarneming [Sensing] en die N na Intuïtiewe waarneming [iNtuition]. Mense wat Sintuiglike waarneming [S] verkies, hou

daarvan om informasie in te neem wat konkreet en tasbaar is – dit wat hier en nou gebeur. Hulle is oplettend t.o.v. fyn besonderhede en wat rondom hulle aan die gang is en is ingestel op praktiese realiteite.

Die N verwys na iNtuïtiewe waarneming. Mense wat iNtuïtiewe waarneming verkies, hou daarvan om informasie in te neem deur die breër prentjie te sien en op die verwantskappe en samehang tussen die feite te fokus. Hulle wil patrone en tendense begryp en is ingestel om nuwe [toekomstige en soms verskuilde] moontlikhede raak te sien.

6.10.2.2 Karakteristieke eienskappe van persone met 'n voorkeur vir Sintuiglike waarneming:

- Gerig op huidige realiteite – hier en nou
- Feitelik en konkreet
- Fokus op wat tasbaar en aktueel is
- Observeer en onthou fyn besonderhede
- Bou versigtig en stelselmatig aan gevolgtrekkings
- Verstaan idees en teorieë deur praktiese toepassing
- Vertrou ervaring

6.10.2.3 Karakteristieke eienskappe van persone met 'n voorkeur vir iNtuïtiewe waarneming:

- Gerig op toekomstige moontlikhede
- Verbeeldingryk en verbaal kreatief
- Fokus op patrone en tendense in inligting
- Onthou besonderhede wanneer dit verband hou met 'n patroon of tendens
- Maak vinnige gevolgtrekkings en werk op 'n “*gut feeling*”
- Wil idees en teorieë toets voordat dit in die praktyk toegepas word
- Vertrou inspirasie [intuïsie]

6.10.3 Objektiewe en Waardegedrewe besluitnemingsvoorkeure:

6.10.3.1 Objektiv - Waardegedrewe:

T-F Digotomie gaan oor hoe mense besluite neem: Mense wat Objektiewe besluitneming [T] gebruik om keuses te maak of besluite te neem, hou daarvan om na die logiese gevolge van 'n keuse of aksie te kyk, terwyl mense wat Waardegedrewe besluitneming [F] gebruik, eerder oorweeg wat belangrik vir hulle en ander mense sal wees.

Waardegedrewe besluitnemers plaas hulleself subjektief binne die situasie sodat hulle met almal kan identifiseer en neem besluite gebaseer op hulle waardes en die inagneming van mense. Objektiewe besluitnemers distansieer hulleself van die probleem en oorweeg objektief, van 'n afstand af, die voordele en nadele van keusemoontlikhede.

Objektiewe besluitnemers [T] gebruik kritiek en analise in probleemoplossing, met die doel om 'n beginsel of standaard te vind waarmee hulle ook in ander soortgelyke situasies kan optree.

Waardegedrewe besluitnemers [F] waardeer en ondersteun ander en soek na dinge in mense om voor erkenning te gee. Hulle doel is harmonie en om elke persoon as 'n unieke individu te hanteer.

6.10.3.2 Karakteristieke eienskappe van mense wat Objektiewe besluitneming verkies:

- Analities
- Oorsaak en gevolg redenasies
- Los probleme met logika op

- Strew na 'n objektiewe waarheidstandaard
- Beredeneerd
- Kan hardkoppig wees
- Regverdig – wil almal konsekwent hanteer
- Duidelike onderskeid tussen reg en verkeerd
- Neem beginsels in ag

6.10.3.3 Karakteristieke eienskappe van mense wat Waardegedrewe besluitneming verkies:

- Empaties
- Gelei deur persoonlike waardes
- Bepaal impak van besluite op mense
- Streef na harmonie en positiewe interaksie
- Deernisvol
- Kan sagmoedig voorkom
- Regverdig – wil almal as 'n individu in eie reg hanteer
- Neem gevoelens in ag

6.10.4 Georganiseerde en Aanpasbare lewenstylvoorkeure:

6.10.4.1 Georganiseerde – Aanpasbare voorkeur t.o.v. lewenstyl:

J-P Digotomie is deur Myers & Briggs bygevoeg. Die vraag hier is hoe mense met hulle uiterlike wêreld omgaan.

J's is mense wat 'n georganiseerde, besliste lewenstyl verkies. Hulle verkies 'n beplande, ordelike lewe en wyse waarop hulle lewens ingerig word. Hulle wil besluite neem, dit afhandel en aangaan. Hulle lewens is geneig om gestruktureerd en georganiseerd te wees, en hulle hou daarvan om dinge so gou as moontlik af te handel. Om by beplanning en skedules te hou, is uiters

belangrik vir hulle en hulle word aangespoor wanneer sake afgehandel word. Let op dat “*Judging*” nie “veroordelend” beteken nie, maar ordelik en beslis.

P’s is mense wat ’n aanpasbare en oop lewenswyse verkies. Hulle hou van ’n spontane, buigsame lewenstyl. Hulle wil graag die lewe beleef en verstaan; nie beheer nie! Fyn, uitgewerkte planne en finale besluite strem hulle. Hulle verkies om oop te wees vir nuwe inligting én laaste-minuut opsies. Hulle word aangespoor deur hulle vermoë om by die eise van elke oomblik aan te pas. Let op dat “*Perceiving*” nie “oplettend” beteken nie, maar spontaan en aanvaardend.

6.10.4.2 Karakteristieke eienskappe van mense wat ’n Georganiseerde lewenstyl verkies:

- Geskeduleerd
- Beplan en organiseer hulle lewe
- Sistematies
- Methodies
- Doen kort- en langtermynbeplanning
- Verkies om sake af te handel / tot ’n punt te kom
- Poog om laaste-minuut spanninge te voorkom
- Kry swaar onder druk

6.10.4.3 Karakteristieke eienskappe van mense wat ’n Aanpasbare/spontane lewenstyl verkies:

- Spontaan
- Buigsaam
- Gemaklik
- Oop-einde
- Pas aan, verander rigting
- Hou van dinge los en oop vir verandering

- Word geënergiseer deur laaste-minuut spanninge
- Werk goed onder druk

6.11 Voorkeurkombinasies:

Behalwe die sestien persoonlikheidstyle wat in die volgende hoofstuk bespreek word, kan persoonlikheidstipes ook in terme van die kombinasies van die voorkeure én temperamente omskryf word:

6.11.1 Kombinasies van Energie en Lewenstyl:

Die voorkeurkombinasies tussen energisering [E/I] en lewenstyl [J/P] dui bv. aan hoe mense verandering hanteer/bestuur [Myers 1998:32]:

6.11.1.1 IJ – Besliste introverte:

Wanneer veranderinge voorgestel word, meet IJ's dit teen hulle innerlike oortuigings. Indien dit by hulle innerlike oortuigings pas, beweeg hulle vinnig om dit te implementeer, maar as dit nie in pas met hulle innerlike oortuigings is nie, skop hulle vas en word hulle onbeweegbaar.

6.11.1.2 IP - Aanpasbare introverte:

Wanneer veranderinge voorgestel word, raak IP's nuuskierig en soek hulle meer informasie. Dan weeg hulle die informasie m.b.v. hul interne beoordeling. Dit lyk asof hulle aanpasbaar by verandering is, maar hulle sal op hulle eie tyd vorentoe beweeg, nadat en indien hulle besluit het om dit te doen.

6.11.1.3 EP – Aanpasbare ekstroverte:

Wanneer veranderinge voorgestel word, konsulteer EP's met netwerke en praat met mense en vind uit wat almal dink. Indien die veranderinge ruimte maak vir hulle kreatiwiteit en aksie, sal hulle kragte bymekaarmaak en probeer om almal te motiveer om die veranderinge te implementeer.

6.11.1.4 EJ - Besliste ekstroverte:

Wanneer veranderinge voorgestel word, pas EJ's hulle waarde-oordeel hardop toe deur bevraagtekening. Dan, indien hulle vrae beantwoord word, beweeg hulle vinnig om te beplan, te organiseer en verandering te implementeer.

6.11.2 Kombinasies van Waarneming en Besluitneming:

Die verstaan van die voorkeurkombinasies tussen waarneming [S/N] en besluitneming [T/F] help om beroepskeuses, belangstellings en leerstyle beter te begryp [Myers 1998:33]:

6.11.2.1 ST – Kombinasie:

Fokus op feite, hanteer dit deur objektiewe analise en ervaring, is geneig om prakties en analities te wees en leef hulself uit in tegniese vaardighede met voorwerpe en feite.

Hulle stel belang in feite oor konkrete sake en in nuttige praktiese informasie oor elke dag se aktiwiteite.

ST's leer die beste deur dinge te doen en vereis regverdigheid van hulle leermeesters. Hulle verwag duidelike, stap vir stap instruksies en logiese praktiese redes om iets te doen.

Waarskynlike beroepe of beroepskeuses vir mense met 'n ST voorkeur, is Toegepaste wetenskappe, Besigheid, Administrasie, Bankwese, Polisiëring, Produksie en Konstruksie.

6.11.2.2 SF – Kombinasie:

Fokus op feite, reageer daarop met persoonlike warmte en omgee vir ander, is geneig om simpatiek en vriendelik te wees en leef hulself uit in praktiese hulp en diens aan mense.

SF's leer die beste deur dinge saam met ander mense te doen. Hulle stel belang in nuttige, praktiese informasie oor mense en 'n vriendelike omgewing.

Hulle benodig presiese, stap vir stap instruksies, gereelde vriendelike interaksie en aanvaarding. Hulle verwag simpatie, ondersteuning en individuele erkenning van hul leermeesters.

Waarskynlike beroepe of beroepskeuses vir mense met 'n SF voorkeur, is o.a. die volgende: Gesondheidsorg, Gemeenskapsdiens, Onderwys, Supervisie, Geestelike dienswerk, Ondersteuningsdienste en Verkope.

6.11.2.3 NF – Kombinasie:

Fokus op moontlikhede, hanteer dit deur aandag te gee aan mense se potensiaal, is geneig om begrypend en entoesiasies te wees en leef hulleself uit deur mense te verstaan en aan te moedig.

Hulle stel belang in nuwe idees oor hoe om mense te verstaan en in simboliese en metaforiese aktiwiteite. Leer die beste deur hulle verbeelding te gebruik en kreatief saam met ander te werk asook deur te skryf.

NF's benodig algemene riglyne en vryheid om dit op hul eie kreatiewe manier te hanteer asook gereelde positiewe terugvoering. Verwag vriendelikheid, entoesiasme, humor en individuele erkenning van hul leermeesters.

Waarskynlike beroepe of beroepskeuses vir mense met 'n NF voorkeur, is o.a. die volgende: Sielkunde, Menslike hulpbronne, Onderwys, Navorsing, Literatuur, Geestelike dienswerk, Gesondheidsorg en Kuns en Musiek.

6.11.2.4 NT – Kombinasie:

Fokus op moontlikhede, pas die teoretiese konsepte en sisteme toe, is geneig om logies en analities te wees en leef hulself uit in teoretiese en tegniese raamwerke.

NT's stel belang in omvattende verklarings en teorieë oor waarom die wêreld [lewe] werk soos dit doen. Leer die beste deur te kategoriseer, analiseer en dan logiese beginsels toe te pas.

Hulle het 'n behoefte om groot probleme op te los, intellektueel uitgedaag te word en dan toegelaat te word om dit uit te werk. Hulle vereis om met respek gehanteer te word en om leermeesters se bekwaamheid te kan respekteer.

Waarskynlike beroepe of beroepskeuses vir mense met 'n NT voorkeur, is o.a. die volgende: Teoretiese- en Tegniese raamwerke, Natuurwetenskappe, Bestuur, Rekenaars, Wet, Ingenieurswerke en Tegniese werk.

Interessant dat Myers [1998:33] "*Religious service*" slegs as voorbeelde van tipiese beroepe by die twee waardegedrewe besluitnemingskombinasies [SF en NF] plaas en nie by die objektiewe besluitnemingskombinasies [ST en NT] nie. Waarskynlik sluit dit aan by Nel [2001:121] se opmerking dat "*menseberoepe, in*

diens van God, vra na mense wat met mense kan werk!” Volgens die statistiek waarna later in Hoofstuk 8 verwys word, is die predikantekorps met hierdie kombinasie, egter in die minderheid!

6.11.3 Kombinasies van Energie en Waarneming:

Die kombinasievoorkeur t.o.v. Energisering [E/I] en Waarneming [S/N] bepaal mense se hantering van informasie [Myers 1998:33]:

6.11.3.1 IS – Nadenkende realiste:

Kennis is belangrik om die waarheid te bepaal.

6.11.3.2 IN – Nadenkende innoveerders:

Kennis as sulks is belangrik.

6.11.3.3 ES – Aksie-georiënteerde realiste:

Kennis is belangrik om prakties toegepas te kan word.

6.11.3.4 EN – Aksie – georiënteerde innoveerders:

Kennis is belangrik om verandering teweeg te bring.

6.11.4 Kombinasies van Besluitneming en Lewenstyl:

Die kombinasievoorkeure t.o.v. besluitneming [T/F] en verkose lewenstyl [J/P] beïnvloed leierskap-, bestuurs- en volgelingsstyle [Myers 1998:34]:

6.11.4.1 TJ – Logiese besluitnemers:

Analitiese besliste leiers. Neem besluite op grond van beginsels en sisteme, oorkoepelende impak en rasionele waardering van uitkomst. Hulle kan ongenaakbaar in die implementering van besluite wees. Effektiewe implementeerders van beleid, indien hulle die leier respekteer.

6.11.4.2 TP – Aanpasbare probleemoplossers:

Lei deur voorbeeld. Heg waarde aan en toon tegniese vaardigheid en skep konsekwente en ordelike raamwerke om binne te werk. Objektief, skepties en nuuskierig. Sal koers verander wanneer nuwe inligting bekend word. Effektiewe probleemoplossers, indien geïnteresseerd in die probleem.

6.11.4.3 FP – Ondersteunende mentors:

Vriendelike, aanpasbare en aanmoedigende leiers. Ondersteun individuele werkstyle en hou daarvan om ander in besluitneming te betrek. Verkies kollegiale verhoudinge, gedeelde beloning en konsensus [ooreenstemming] in besluitneming. Energieke volgelinge wanneer met respek behandel word.

6.11.4.4 FJ - Waardegedrewe besluitnemers:

Vriendelike, besliste leiers. Neem besluite gebaseer op persoonlike waardes en empatie met ander. Streef na harmonie, konsensus en 'n ondersteunende omgewing; is ekspressief en dikwels inspirerend. Lojale volgelinge indien die leier hulle waardes in ag neem.

6.12 Temperamente:

Daar is verskillende maniere waarop die MBTI® gebruik kan word om persoonlikheidstipes te omskryf. 'n Indeling in vier spesifieke temperamente is één van die populêre moontlikhede.

Arnold Smit [Van Rooyen 2001:8] definieer temperament so: *“Temperament is sekerlik een van die gewildste toepassings van die MBTI. Die vier temperamente wat beskryf word, bied as't ware vier sleutels in die lig waarvan ons ons kennis aangaande persoonlikheidstipe op so 'n wyse kan gebruik dat dit tot voordeel strek van die mense in die organisasie waarin ons werk. Dit geld veral die verstaan van leierskapstyle, die toepaslike toekenning van verantwoordelikhede en die ontwerp van opleidingsprogramme.”* Die MBTI® onderskei basies vier temperamente, nl. SJ, SP, NF en NT.

Myers [1998:34] beskryf die vier temperamente [vry vertaal] soos volg:

6.12.1 SJ – Die bewaarders:

SJ's benodig verantwoordelikheid en voorspelbaarheid. Hou van standaardprosedures om te beskerm en te bewaar. Ernstig en bekommerd, vertrou die verlede, tradisie en gesag. Dink in terme van vergelykings, gevolge en assosiasies. Fokus op logistiek om mense te ondersteun, organisasies in stand te hou en doelwitte te bereik. Verlang sekuriteit, stabiliteit en om te behoort.

6.12.2 SP – Die kunstenaars:

SP's is aksie- en impakgeoriënteerd. Benodig spontaneïteit. Optimisties. Vertrou geluk en eie vermoë om wat ook al gebeur, te kan hanteer. Opgeneem deur die oomblik. Lees mense en situasies en pas aan by veranderinge om die werk

gedoen te kry. Soek avontuur en belewenisse. Dink in terme van variasie. Fokus op taktiek om ander te help en die verlangde resultate te verkry. Verlang vryheid om hulle volgende aksie te kan kies.

6.12.3 NF – Die idealiste:

NF's soek na unieke identiteit en betekenis. Heg waarde aan empatiese en betekenisvolle verhoudings. Gewoonlik entoesiasies. Wil die wêreld 'n beter plek maak. Vertrou hulle eie intuïsie en verbeelding. Dink in terme van integrasie en ooreenkomste. Fokus daarop om die potensiaal in ander te ontwikkel, sin in die lewe te ontdek en verskille te oorbrug. Wil graag outentiek [geloofwaardig en eg] wees.

6.12.4 NT – Die rasionaliste:

NT's is teorie-georiënteerd. Probeer die beginsels wat die wêreld en dinge onderlê, verstaan. Vertrou logika en rede. Skepties en presies. Dink in terme van verskille, kategorieë, definisies en strukture. Fokus op strategieë en ontwerpe wat langtermyn doelwitte het en lei tot vooruitgang. Verlang bekwaamheid en deeglike kennis.

HOOFSTUK 7: SESTIEN VERSKILLENDE PERSOONLIKHEIDSTYLE:

In hierdie hoofstuk word die sestien verskillende MBTI® persoonlikheidstyle bondig uiteengesit. Om al sestien persoonlikheidstyle van die MBTI® in fyn besonderhede uiteen te sit, sou amper 'n verhandeling op sy eie vra.

Daarom telkens slegs 'n samevatting van die sestien persoonlikheidstyle. 'n Beskrywing, die kerndinamika van die profiel, 'n bondige samevatting, die optimale funksionering en enkele karaktereenskappe word telkens by die profiele weergegee. Hoe ander hulle beleef, potensiële groei-areas en gedrag onder groot spanning word nie gedek nie, aangesien dit die hoofstuk en op die ou end die verhandeling te lank sou maak. Die bondige samevatting is aanpassings van Arnold Smit [Van Rooyen 2001:6] se Afrikaanse weergawes van die verskillende persoonlikheidsprofile, en die optimale funksionering en enkele karaktereenskappe is vrye vertalings uit Isabel Briggs Myers [1998:14-29] se *Introduction to Type*. Die dinamika van persoonlikheid is uittreksels van Naomi L. Quenk [1996] se *In the Grip – Our Hidden Personality*.

7.1 Vierfaktorkombinasie:

Let daarop dat 'n persoonlikheidstyl elke keer 'n vierfaktorkombinasie is van 1 – die wyse waarop iemand geënergiseer word [Ekstrovert [E] of Introvert [I]]; 2 - die wyse waarop iemand sy wêreld waarneem en inligting bymekaarmaak [Sintuiglik [S] of Intuïtief [N]], 3 - die manier op grond waarvan kognitiewe besluitneming plaasvind [Objektief [T] of Waardegedrewe [F]] en 4 - die lewenstyl wat verkies word [Gestruktureerd [J] of Aanpasbaar [P]].

Let ook daarop dat die MBTI® Persoonlikheidstyle altyd in 'n spesifieke volgorde in 'n blokvorm vertoon word. Die kombinasies in **vetgedrukte letters** gedruk dui die posisies van die verskillende profiele aan, terwyl die opmerkings bo-, onder- en langsaan die samehang van die profiele verduidelik:

ENERGI-SERING	Sintuiglike waarneming	Sintuiglike waarneming	Intuïtiewe waarneming	Intuïtiewe waarneming	WAAR-NEMING
Introvert	ISTJ	ISFJ	INFJ	INTJ	Georganiseerde Lewenstyl
Introvert	ISTP	ISFP	INFP	INTP	Aanpasbare Lewenstyl
Ekstrovert	ESTP	ESFP	ENFP	ENTP	Aanpasbare Lewenstyl
Ekstrovert	ESTJ	ESFJ	ENFJ	ENTJ	Georganiseerde Lewenstyl
BESLUIT-NEMING	Objektiewe besluitneming	Waardegedrewe besluitneming	Waardegedrewe besluitneming	Objektiewe besluitneming	LEWEN-STYL

7.2 Die dinamika van persoonlikheid:

Vir die doeleindes van die verhandeling wil ek graag t.o.v. die dinamika van persoonlikheid enkele opmerkings maak. Die dinamika van persoonlikheid is inherent in elke persoonlikheidstylvoorkeur ingebou, en dit verwys na die bewustelike en/of onbewustelike psigiese energie en gerigtheid van die funksies van die MBTI® persoonlikheidsprofiel.

7.2.1 Die dominante funksie:

Een van die funksies in die vierfaktorprofiel gebruik die grootste deel van 'n persoon se psigiese energie. Dit is 'n bewuste kognitiewe funksie wat ons kan beheer, hetsy 'n kognitiewe waarnemingsfunksie óf 'n kognitiewe besluitnemingsfunksie. Hierdie funksie noem ons die primêre of dominante funksie [Quenk 1996:2].

7.2.2 Die sekondêre funksie:

Die sekondêre- [of hulpfunksie] is nie so bewustelik en onder ons beheer soos die dominante funksie nie, maar dit komplementêr en balanseer die dominante

funksie deur die teenoorgestelde tipe proses te verteenwoordig as wat die dominante funksie verteenwoordig. Indien die dominante funksie 'n waarnemingsfunksie is [S of N], sal die sekondêre funksie 'n besluitnemingsfunksie wees [T of F] en *vice versa* [Quenk 1996:3].

7.2.3 Die tersiëre funksie:

Die derde- of tersiëre funksie is direk teenoorgestel van die sekondêre funksie. Byvoorbeeld – indien die sekondêre funksie 'n waarnemingsfunksie [S] is, sal die tersiëre funksie die waarnemingsfunksie [N] wees. Die tersiëre funksie is 'n onbewuste funksie en gewoonlik moeilik en ongemaklik om te hanteer [Quenk 1996:3].

7.2.4 Die minderwaardige funksie:

Die minderwaardige [vierde] funksie gebruik die minste bewustelike psigiese energie, maar besit net soveel onbewustelike psigiese energie as wat die dominante funksie bewustelike psigiese energie besit. Hierdie onbewustelike energie bly sluimerend solank as wat ons bewustelike dominante funksie funksioneer [Quenk 1996:3].

Hierdie minderwaardige funksie is altyd die direkte teenpool van die dominante funksie [Quenk 1996:3]. As die dominante funksie byvoorbeeld Sintuiglike waarneming [S] is, sal die minderwaardige funksie iNtuïtiewe waarneming [N] wees, en as die dominante funksie Waardegedrewe besluitneming [F] is, sal die minderwaardige funksie Objektiewe besluitneming [T] wees.

Die minderwaardige [*inferior*] funksie speel 'n belangrike rol in hoe 'n persoon onder oormatige spanning, ernstige siekte of erge uitputting optree. Naomi L. Quenk wy 'n hele boek hieraan wat nogal die moeite werd is om te lees: *In the Grip - Our Hidden Personality*. Om die dinamika van die verskillende funksies

egter in besonderhede te bespreek, raak heeltemal te wyd vir die doeleindes van hierdie verhandeling.

7.3 Die MBTI® profiel van die ISTJ:

7.3.1 Beskrywing van die ISTJ:

'n Introvert met sintuiglike waarneming, objektiewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.3.2 Dinamika van die ISTJ:

Dominante funksie: IS	Introverte Sintuiglike waarneming
Sekondêre funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming
Tersiêre funksie: F	Waardegedrewe besluitneming
Minderwaardige funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming

7.3.3 'n Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISTJ:

Ernstig en stil, verwerf sukses deur konsentrasie en deeglikheid. Prakties, ordelik, saaklik, logies, realisties en betroubaar. Sien toe dat alles goed georganiseerd is. Neem verantwoordelikheid. Besluit self wat bereik behoort te word en werk doelgerig daarheen, ongeag van teenstand en dinge wat hulle aandag sou kon aflei.

7.3.4 Optimale funksionering van die ISTJ:

Op hulle beste het ISTJ's 'n sterk verantwoordelikeheidsin en groot lojaliteit t.o.v. die organisasies, gesinne en verhoudings in hulle lewe. Hulle werk met 'n volgehoue pas om verpligtinge en projekte presies en betyds af te handel. Hulle

doen baie moeite om iets te voltooi wat hulle noodsaaklik ag, maar skram weg van enigiets wat nie vir hulle sin maak nie.

ISTJ's verkies gewoonlik om alleen te werk en aanspreeklik gehou te word vir die resultate. Hulle is gemaklik om in spanverband te werk, wanneer die taak dit vereis, die rolverwagtinge deeglik omskryf is en wanneer elkeen in die span hulle onderskeie verantwoordelikhede nakom.

7.3.5 Karaktereienskappe van die ISTJ:

ISTJ's het 'n heilige respek vir feite. Hulle gebruik hulle sintuiglike waarneming [S] veral intern waar hulle 'n skatkis van informasie het waaruit hulle kan tap om die huidige situasie te interpreteer. Gevolglik is hulle geneig om prakties, nugter en realisties te wees, asook sistematies.

ISTJ's gebruik hulle verstand in besluitneming, met 'n objektiewe, logiese en onbuigsame benadering. Hulle fokus op die taak of sisteem as geheel, eerder as op individue. ISTJ's is geneig om logies en analities te wees asook afsydig en rasioneel.

ISTJ's staan vas in hulle opinies omdat hulle tot gevolgtrekkings kom deur logiese kriteria toe te pas, wat op hulle ervaring en kennis gegrond is. Hulle glo dat standaardprosedures bestaan omdat dit werk. ISTJ's sal verandering slegs steun indien die feite toon dat dit beter resultate kan oplewer.

7.4 Die MBTI® profiel van die ISFJ:

7.4.1 Beskrywing van die ISFJ:

'n Introvert met sintuiglike waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.4.2 Dinamika van die ISFJ:

Dominante funksie: IS	Introverte Sintuiglike waarneming
Sekondêre funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming
Tersiêre funksie: T	Objektiewe besluitneming
Minderwaardige funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming

7.4.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISFJ:

Stil en vriendelik, verantwoordelik en pligsgetrou. Lojaal en toegewyd in die nakoming van verpligtinge. Deeglik, pynlik netjies en akkuraat. Verleen stabiliteit aan projekte en groepe. Belangstellings is gewoonlik nie tegnies van aard nie. Kan geduldig met fyner besonderhede omgaan. Konsidererend, begrypend en besorg oor ander se gevoelens. Neem spesifieke dinge van mense vir wie hulle omgee waar, en onthou dit. Streef na orde en harmonie by die werk en die huis.

7.4.4 Optimale funksionering van die ISFJ:

Op hulle beste is ISFJ's betroubaar, konsidererend en lojaal teenoor die mense en groepe met wie hulle assosieer, en pligsgetrou om hulle verantwoordelikhede na te kom. Hulle werk met volgehoue energie om take volledig en betyds af te handel. Hulle sal baie moeite doen om iets wat hulle as noodsaaklik beskou te doen, maar hou nie daarvan om enigiets te doen wat nie vir hulle sin maak nie.

ISFJ's fokus op mense se behoeftes en begeertes en plaas geordende prosedures in plek om seker te maak dat mense se behoeftes en begeertes vervul word. Hulle neem rolle en verantwoordelikhede ernstig op en verwag dat ander dieselfde sal doen. Gesinsverhoudinge en -verantwoordelikhede is ontsettend belangrik vir hulle, wat op hul beurt hulle rolle pligsgetrou nakom en van ander gesinslede verwag om dieselfde te doen.

7.4.5 Karaktereienskappe van die ISFJ:

ISFJ's het 'n praktiese en realistiese respek vir feite. Hulle gebruik hulle sintuiglike waarneming [S] hoofsaaklik innerlik, waar hulle 'n rykdom van gebergde informasie het. Hulle onthou die fyner besonderhede van dinge wat persoonlike betekenis vir hulle het, duidelik bv. stemtone of gesigsuitdrukkinge. Gevolglik neig ISFJ's om prakties en realisties, konkreet en spesifiek te wees.

ISFJ's gebruik waardegedrewe besluitneming [F] om besluite te neem op grond van persoonlike waardes en bekommernis oor ander. Hulle ag harmonie en samewerking hoog en werk hard om dit te bewerkstellig. Gevolglik is hulle geneig om samewerkend en bedagsaam asook gaaf en sensitief te wees.

Hulle opinies staan vas omdat hulle keuses gegrond is op versigtige aanwending van hulle duidelike waardes en rykdom van gebergde inligting. ISFJ's respekteer gevestigde prosedures en gesag, omdat hulle glo dat dit voortbestaan omdat dit goed werk. Daarom sal hulle veranderings slegs steun wanneer nuwe inligting toon dat dit tot die praktiese voordeel van mense sal wees.

7.5 Die MBTI® profiel van die INFJ:

7.5.1 Beskrywing van die INFJ:

'n Introvert met intuïtiewe waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.5.2 Dinamika van die INFJ:

Dominante funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming
Sekondêre funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming
Tersiêre funksie: T	Objektiewe besluitneming
Minderwaardige funksie: ES	Ekstroverte Sintuïglike waarneming

7.5.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INFJ:

Behaal sukses deur volharding, oorspronklikheid en die wil om dit te doen wat nodig is. Gee hulle beste vir hulle werk. Is op 'n stil manier doelgerig, hardwerkend en besorg oor ander. Word gerespekteer en nagevolg vir hulle helder visie oor hoe om tot voordeel van almal, diensbaar te wees.

7.5.4 Optimale funksionering van die INFJ:

Op hulle beste het mense met 'n INFJ-voorkeur 'n intuïtiewe gawe om ingewikkelde en verweefde menslike verhoudinge te verstaan. Hulle glo in hulle insig en kom agter dat hulle dikwels empatiese begrip toon vir die belewenisse en motiverings van persone, nog voordat die persone self daarvan bewus is. Hulle kombineer empatiese begrip met die dryfkrag en organisasie om omvattende planne te beraam wat mense se lewens verbeter.

INFJ's het 'n visionêre insig op menslike verhoudinge en potensiaal, wat wanneer dit verwoord word, ander kan inspireer en motiveer.

7.5.5 Karaktereienskappe van die INFJ:

INFJ's soek betekenis en verbande in hulle lewens en het min ruimte vir fyner besonderhede, behalwe indien dit inpas by hulle innerlike oortuigings. Hulle gebruik hul intuïtiewe waarneming hoofsaaklik intern, waar hulle ingewikkelde verbande en patrone ontwikkel.

INFJ's is geneig om begrypend, kreatief en visionêr te wees. Hulle neig ook om konseptueel, simbolies en metafories te wees. INFJ's is gewoonlik idealisties, ingewikkeld en "diep".

Hulle pas persoonlike waardes toe en toon empatie sodat hulle ander mense kan verstaan en besluite kan neem. Hulle is lojaal aan die mense en organisasies wat dieselfde waardes as hulle onderskryf, maar toon geen belangstelling in mense of instansies met ander waardes nie. INFJ's verkies om ooredend te lei, deur hulle visie en perspektief met ander te deel. INFJ's is gewoonlik sensitief, deernisvol en empaties asook sterk verbind aan hul eie waardes.

INFJ's wil sin en betekenis in hulle werk, verhoudings en selfs hulle materiële besittings beleef. Hulle belê in die groei en ontwikkeling van hulself en geliefdes en sal selfs onkonvensionele maniere vind om dit te bereik. Hulle heg waarde aan die diepte en kompleksiteit van hulle insig en kreatiewe gawes, sowel as dié van ander. Hulle wil dié insig gerealiseer sien in die wêreld.

7.6 Die MBTI® profiel van die INTJ:

7.6.1 Beskrywing van die INTJ:

'n Introvert met intuïtiewe waarneming, objektiewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.6.2 Dinamika van die INTJ:

Dominante funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming
Sekondêre funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming
Tersiêre funksie: F	Waardegedrewe besluitneming
Minderwaardige funksie: ES	Ekstroverte Sintuiglike waarneming

7.6.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INTJ:

INTJ's het oorspronklike idees en groot dryfkrag om dit te implementeer en hulle doelwitte te bereik. Hulle sien goue patrone in eksterne gebeure raak en ontwikkel langtermyn verduidelikende perspektiewe. Wanneer hulle hulself verbind, organiseer hulle goed en voer dit uit. Hulle is skepties en onafhanklik en het hoë standaarde t.o.v. bekwaamheid en prestasie – wat hulself en ander betref!

7.6.4 Optimale funksionering van die INTJ:

Op hulle beste het mense met 'n INTJ-voorkeur 'n duidelike perspektief op toekomstige moontlikhede, tesame met die dryfkrag en organisasie om hulle oortuigings te implementeer. Hulle hou van ingewikkelde uitdagings en integreer ingewikkelde, teoretiese en abstrakte sake gemaklik. Wanneer hulle eers 'n algemene denkpatroon gevorm het, ontwerp hulle strategieë om hulle doelwitte te bereik. Hulle globale denke lei hul om visionêre doelwitte en 'n breër plan te ontwikkel en om dit binne groot organisatoriese strukture te bereik.

INTJ's heg groot waarde aan kennis en verwag bekwaamheid van hulself en ander mense. Hulle haat chaos, slordigheid en oneffektiwiteit.

7.6.5 Karaktereienskappe van die INTJ:

INTJ's sien dinge in 'n geheelperspektief, en bring nuwe informasie vinnig in verband met groter patrone. Hulle maak staat op eie insig, ongeag die bestaande outoriteite of populêre opinies. Dodelike roetine demp hulle kreatiwiteit. INTJ's gebruik hulle intuïtiewe waarneming [N] hoofsaaklik innerlik, waar hulle ingewikkelde strukture en perspektiewe op die toekoms ontwikkel. Hulle is geneig om insigvolle en kreatiewe integreerders te wees, asook om konseptuele langtermyn-beplanners te wees.

Hulle gebruik hulle objektiewe besluitneming [T] om logiese besluite te neem. Hulle evalueer alles met 'n kritiese oog, identifiseer probleme wat opgelos moet word vinnig, en is beslis en onversetlik wanneer die situasie daarom vra. INTJ's is geneig om duidelik en bondig te wees, asook rasioneel, afsydig en objektief krities.

INTJ's is uitstekende langtermynbeplanners wat dikwels leierskapposies in groepe en organisasies beklee. Hulle is onafhanklik, vertrouende meer op hulle eie siening en waarde-oordele as op dié van ander, en pas hulle hoë standaarde van kennis en bekwaamheid streng op hulself toe.

7.7 Die MBTI® profiel van die ISTP:

7.7.1 Beskrywing van die ISTP:

'n Introvert met sintuiglike waarneming, objektiewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.7.2 Dinamika van die ISTP:

Dominante funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming
Sekondêre funksie: ES	Ekstroverte Sintuiglike waarneming
Tersiere funksie: N	iNtuïtiewe waarneming
Minderwaardige funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming

7.7.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISTP:

Stil en gereserveerd. Nuuskierig maar beskou die lewe vanaf 'n afstand. Kan onverwags humoristies wees. Geïnteresseerd in oorsaak-gevolg, hoe en waarom

meganiese dinge werk en in die organisering van feite d.m.v. logiese afleidings. Presteer veral in die identifisering en oplossing van probleme.

7.7.4 Optimale funksionering van die ISTP:

Persone met ISTP-voorkeur neem versigtig waar wat om hulle aan die gang is, en wanneer die behoefte daar is, beweeg hulle vinnig om die kern van 'n probleem aan te spreek en die probleem met die minste moeite en die meeste effektiwiteit op te los. Hulle stel belang in hoe en waarom dinge werk, maar vind abstrakte teorieë vervelig, behalwe as dit iets is wat hulle dadelik kan implementeer.

ISTP's tree dikwels op as probleemoplossers. ISTP's weerstaan reëls en regulasies, floreer op verskeidenheid en nuwigheid en geniet die uitdaging om nuwe, konkrete en uitgebreide probleme op te los.

7.7.5 Karaktereienskappe van die ISTP:

ISTP's gebruik hulle objektiewe besluitneming [T] hoofsaaklik innerlik om die essensiële struktuur wat die feite onderlê, te bepaal. Hulle verstand werk amper soos rekenaars, deur inligting te organiseer en objektief en onpersoonlik te redeneer. Hulle neem rasionele besluite, gebaseer op 'n groot hoeveelheid konkrete inligting. Hulle is geneig om teruggetrokke en objektiewe kritici asook analitiese en logiese probleem-oplossers te wees.

ISTP's is realiste wat fokus op die realiteit en wat daarmee gedoen kan word, eerder as op teoretiese moontlikhede. Hulle gaan dikwels baie kreatief met onmiddellike probleme om en is goed met "hands-on" take. ISTP's neig om prakties en realisties, feitelik en pragmaties te wees. ISTP's is doelgerig en glo in ekonomiese gebruik van moeite – deur te doen wat nodig is met die minste moontlike bespreking en moeite. Hulle fokus om die verwagte resultate te bereik.

7.8 Die MBTI® profiel van die ISFP:

7.8.1 Beskrywing van die ISFP:

'n Introvert met sintuiglike waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.8.2 Dinamika van die ISFP:

Dominante funksie: IF	Introverte Waardegedrewe besluitneming
Sekondêre funksie: ES	Ekstroverte Sintuiglike waarneming
Tersiêre funksie: N	iNtuïtiewe waarneming
Minderwaardige funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming

7.8.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ISFP:

Teruggetrokke, vriendelik, sensitief, goedhartig en beskeie oor eie vermoëns. Vermy argumente. Forseer nie eie opinies of waardes op ander af nie. Om die leiding te neem, is nie vir hulle belangrik nie, maar hulle is wel lojale volgelinge. Dikwels ontspanne oor dinge wat gedoen moet word. Geniet die oomblik deur dit nie met oorhaastigheid of oorywerigheid te bederf nie.

7.8.4 Optimale funksionering van die ISFP:

ISFP's lewe hier en nou met 'n stille blymoedigheid; hulle wil tyd hê om elke oomblik te geniet. Hulle koester die vryheid om hulle eie koers te gaan en ruimte te hê vir hulself. Hulle stel hul eie tydskeule op en toon dieselfde vryheid en verdraagsaamheid teenoor ander. Hulle is getrou in die nakoming van verpligtinge teenoor mense en dinge wat vir hulle belangrik is. ISFP's neem tyd

om intimiteit met ander te ontwikkel, maar wanneer hulle dit eers gedoen het, is daardie verhoudings vir hulle uiters belangrik. Hulle druk hulle toegeneentheid teenoor ander spontaan, op baie stil maniere uit.

7.8.5 Karaktereienskappe van die ISFP:

ISFP's word gelei deur 'n sterk kern van innerlike waardes en wil hê dat hulle uiterlike lewe dieselfde waardes sal vertoon. Hulle wil hê dat hulle beroep meer as net 'n werk moet wees en wil graag 'n bydrae maak tot mense se geluk en welwese. ISFP's hou nie van roetine nie, maar sal met energie en toewyding werk wanneer hulle iets doen waarin hulle kan glo.

Hulle is geneig om vertrouend, teer en bedagsaam, sensitief en sagmoedig te wees. ISFP's is akuit bewus van die besonderhede en realiteite van die oomblik t.o.v. die mense en die gemeenskap wat hulle omring. Hulle leer en groei meer deur iets te doen, as deur wat hulle lees of hoor en raak betrokke by dag tot dag versorgende aktiwiteite.

ISFP's is geneig om oplettend, realisties, prakties, konkreet en feitelik te wees. ISFP's is ingestel op die belewenisse en behoeftes van ander en buigsaam om daarop te kan reageer. Hulle het dikwels 'n voorliefde vir die natuur en vir die mooi in alle lewende dinge – mense, plante en diere! Hulle waardeer dié mense die meeste wat tyd maak om hulle waardes en doelwitte te verstaan en wat hulle ondersteun om hierdie doelwitte op hul eie manier te bereik.

7.9 Die MBTI® profiel van die INFP:

7.9.1 Beskrywing van die INFP:

'n Introvert met intuïtiewe waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.9.2 Dinamika van die INFP:

Dominante funksie: IF	Introverte Waardegedrewe besluitneming
Sekondêre funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming
Tersiêre funksie: S	Sintuiglike waarneming
Minderwaardige funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming

7.9.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INFP:

Stil waarnemers, idealisties, lojaal. Dis belangrik dat hulle uiterlike lewe kongruent moet wees met hul innerlike waardes. Nuuskierig, ingestel op nuwe moontlikhede. Dien as katalisators om nuwe idees te implementeer. Aanpasbaar en aanvaardend tensy waardes bedreig word. Wil mense verstaan en help om hulle potensiaal te verwesenlik. Min gepla met besittings of uiterlike omgewing.

7.9.4 Optimale funksionering van die INFP:

Mense met INFP-voorkeur het 'n innerlike kern van waardes wat hulle interaksies en keuses kenmerk. Hulle wil betrokke wees by werk wat bydra tot beide hul eie groei en die innerlike ontwikkeling van ander – om 'n doel te hê wat verder gaan as blote betaling van 'n salaris. Hulle maak 'n prioriteit daarvan om hulle waardes te verhelder en kongruent daarmee te lewe. INFP's herken en respekteer die emosionele en psigologiese behoeftes van ander, selfs wanneer ander dit nog nie herken of meegedeel het nie.

7.9.5 Karaktereienskappe van die INFP:

INFP's gebruik hoofsaaklik hulle waardegedrewe besluitneming [F] innerlik waar hulle besluite neem gebaseer op hul waardes van selfverstaan, individualiteit en groei. Om volgens die morele verbintenisse aan dit waarin hulle glo, te lewe, is

noodsaaklik vir INFP's. Hulle is geneig om sensitief en versorgend te wees, en vir ander om te gee. Hulle is ook idealisties en lojaal t.o.v. hulle oortuigings.

INFP's geniet dit om te lees, sake te bespreek en na te dink oor moontlikhede vir positiewe verandering in die toekoms. Hulle is vinnig om sin te maak en verbande te trek. INFP's is geneig om nuuskierig en kreatief te wees en 'n langtermynvisie te hê.

INFP's word gewoonlik gefassineer deur moontlikhede om die verweefde kompleksiteit van menslike persoonlikheid – hul eie en ander – te ondersoek. Hulle is geneig om in sporadiese uitbarstings van energie te werk en is in staat tot hoë konsentrasie en uitsette wanneer hulle heelhartig betrokke is by 'n projek. Hulle is oor die algemeen getrou om verpligtinge t.o.v. mense, werk of idees na te kom, maar kan die doen van roetinerwerk wat geen betekenis vir hulle het nie, moeilik vind.

7.10 Die MBTI® profiel van die INTP:

7.10.1 Beskrywing van die INTP:

'n Introvert met intuïtiewe waarneming, objektiewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.10.2 Dinamika van die INTP:

Dominante funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming
Sekondêre funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming
Tersiêre funksie: S	Sintuiglike waarneming
Minderwaardige funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming

7.10.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die INTP:

Stil en gereserveerd. Geniet wetenskaplike of teoretiese ondersoek. Hou van probleemoplossing deur logika en analise. Hoofsaaklik geïnteresseerd in die eksplorasië van idees, maar geniet nie partytjies of praatjies nie. Belangstelling is gewoonlik helder gedefinieer. Verkies loopbane waarin een of ander sterk belangstelling uitgeleef kan word.

7.10.4 Optimale funksionering van die INTP:

Mense met 'n INTP-voorkeur is onafhanklike probleemoplossers wat uitmunt in die verskaffing van onafhanklike, presiese analise van 'n idee of situasie. Hulle vra dié moeilike vrae [wat ander nie vra nie], en daag ander en hulself uit om nuwe, logiese benaderings te vind.

INTP's se beste werk sal na vore kom indien hulle toegelaat word om onafhanklik aan 'n probleem te werk waarvan die oplossing 'n aanslag vra wat teen die bestaande wysheid of kennis indruis. Hoewel hulle dikwels alleen werk, kan hulle indringende kritiek en opsommings 'n span behulpsaam wees om tot die kern van 'n probleem deur te dring.

7.10.5 Karaktereïenskappe van die INTP:

INTP's gebruik hulle objektiewe besluitneming hoofsaaklik innerlik om onderliggende beginsels en logiese strukture te ontdek waarmee hulle die wêreld kan verstaan en verduidelik. Hulle benader omtrent alles met skeptisisme, vorm hul eie opinies en standaarde en pas hierdie standaarde ongenaakbaar op hulself toe. Hulle heg groot waarde aan intelligensie en bekwaamheid. INTP's is geneig om logies, analities en objektief-krities te wees, asook teruggetrokke en nadenkend.

INTP's sien moontlikhede en verbande buite die “hier en nou” en die vanselfsprekende. Hulle is nuuskierig en soek kennis net om dinge te kan weet. Hulle hou daarvan om te teoretiseer en abstrakte dinge te bespreek.

Iemand met 'n INTP-voorkeur is gewoonlik verstandelik skerp, begrypend en vindingryk. Hulle is ook intens nuuskierig oor idees, teorieë en dit wat dinge laat werk.

INTP's sien vinnig inkonsekwentheid en die onlogiese raak en hou daarvan om idees uit mekaar te trek en “oor te doen”. Hulle vorm van nature ingewikkelde, teoretiese sisteme om die realiteite wat hulle sien, te verklaar. Hulle vind dit moeilik om met roetine te besig te wees, maar bring groot energie, intensiteit en fokus na navorsing of die analise van 'n ingewikkelde probleem, wat hulle nuuskierigheid gaande maak het.

7.11 Die MBTI® profiel van die ESTP:

7.11.1 Beskrywing van die ESTP:

'n Ekstrovert met sintuiglike waarneming, objektiewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.11.2 Dinamika van die ESTP:

Dominante funksie: ES	Ekstroverte Sintuiglike waarneming
Sekondêre funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming
Tersiêre funksie: F	Waardegedrewe besluitneming
Minderwaardige funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming

7.11.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESTP:

Goed met onmiddellike probleemoplossing. Hou van aksie en geniet wat daar ook al is om te doen. Hou van meganiese dinge, pret en spel saam met vriende. Aanpasbaar, verdraagsaam, pragmaties, fokus op resultate. Hou nie van lang verduidelikings nie. Goed met konkrete dinge waarmee gewerk kan word, wat gehanteer, uitmekaar gehaal en in mekaar gesit kan word.

7.11.4 Optimale funksionering van die ESTP:

Mense met 'n ESTP-voorkeur is energieke, aktiewe probleemoplossers wat kreatief op uitdagende situasies in hulle omgewing reageer. Hulle laat selde reëls of standaardprosedures toe om in te meng en ontdek nuwe maniere om bestaande sisteme te gebruik. Hulle ontwikkel maklike metodes om moeilike dinge te doen en maak hulle werk genotvol. Hulle is buigsaam, aanpasbaar, vernuftig en talentvol. Hulle kan botsende partye bymekaar bring en is goeie spanspelers. Hulle is populêre geselskap by gesellighede vanweë hulle passie vir die lewe en hulle genieting van die oomblik.

7.11.5 Karaktereienskappe van die ESTP:

ESTP's is geïnteresseerd in alles wat rondom hulle aan die gang is, in aktiwiteite, kos, klere, mense, die buitelewe en enigiets wat nuwe belewenisse teweegbring. Omdat hulle meer leer uit doen as uit studeer of lees, is hulle geneig om in dinge in te dons, en te leer soos wat hulle vorder, terwyl hulle staatmaak op hul vermoë om vindingryk te kan reageer.

Iemand met 'n ESTP-voorkeur is geneig om opletterend, prakties en realisties te wees en om aktief en betrokke by onmiddellike belewenisse te wees. ESTP's neem besluite deur logiese analise en beredenering en kan vas staan wanneer

die situasie daarvoor vra. Hulle is gewoonlik analitiese, rasionele probleem-oplossers en reguit en selfgeldend.

ESTP's munt daarin uit om die behoeftes van die oomblik raak te sien en reageer vinnig om daaraan te voldoen. Gewoonlik verkies hulle om dit wat hulle pad kruis, buigsaam te hanteer, eerder as om waardeoordele te vel. Hulle neem dinge te goeder trou op sigwaarde en soek oplossings wat ander tevrede sal stel, eerder as om aan ander voor te skryf.

7.12 Die MBTI® profiel van die ESFP:

7.12.1 Beskrywing van die ESFP: 'n Ekstrovert met sintuiglike waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.12.2 Dinamika van die ESFP:

Dominante funksie: ES	Ekstroverte Sintuiglike waarneming
Sekondêre funksie: IF	Introverte Waardegedrewe besluitneming
Tersiêre funksie: T	Objektiewe besluitneming
Minderwaardige funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming

7.12.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESFP:

Uitgaande, aanvaardend, vriendelik, geniet alles en maak dinge genotvol vir ander. Hou van aksie en laat dinge gebeur. Weet wat aangaan en neem graag deel. Vaar beter met feite as die aanleer van teorieë. Op hulle beste in situasies wat gesonde verstand en praktiese vaardigheid met mense vereis.

7.12.4 Optimale funksionering van die ESFP:

Mense met 'n ESFP-voorkeur is uitbundig lief vir die lewe. Hulle leef vir hier en nou en vind vreugde in mense, kos, klere, diere, die natuur en aktiwiteite. Hulle laat reëls selde toe om met hulle lewe in te meng, terwyl hulle fokus op hoe om mense se behoeftes op 'n kreatiewe manier te bevredig. ESFP's is uitstekende spanspelers, gerig om die taak af te handel met die maksimum pret en die minimum ophef.

7.12.5 Karaktereienskappe van die ESFP:

ESFP's stel belang in mense en nuwe ervarings. Omdat hulle meer leer uit doen as uit studeer of lees, is hulle ook geneig om in dinge in te dons, en te leer soos wat hulle vorder. Hulle waardeer en geniet hulle besittings. ESFP's is geneig om oplettend, prakties, realisties en spesifiek, aktief en betrokke in onmiddellike ervarings te wees.

Iemand met 'n ESFP-voorkeur neem besluite op grond van hulle persoonlike waardes. Hulle gebruik hulle waardegedrewe besluitneming [F] innerlik deur identifisering en empatisering met ander mense. Hulle is vaardig in interpersoonlike interaksie en speel dikwels die rol van vredemaker.

Gevolgtrek is ESFP's geneig om vrygewig, optimisties en oorredend, vriendelik, simpatiek en taktvol te wees. ESFP's is gretige waarnemers van menslike gedrag. Hulle blyk aan te voel wat met ander mense aan die gebeur is en reageer vinnig op ander se praktiese behoeftes. Hulle is veral goed daarin om mense te mobiliseer om krisisse te kan hanteer.

7.13 Die MBTI® profiel van die ENFP:

7.13.1 Beskrywing van die ENFP:

'n Ekstrovert met intuïtiewe waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n aanpasbare lewenstyl.

7.13.2 Dinamika van die ENFP:

Dominante funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming
Sekondêre funksie: IF	Introverte waardegedrewe besluitneming
Tersiêre funksie: T	Objektiewe besluitneming
Minderwaardige funksie: IS	Introverte sintuiglike waarneming

7.13.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENFP:

Hartlike entoesiasme, begeesterd, oorspronklik en verbeeldingryk. In staat om byna alles te kan doen wat hulle interesseer. Vind gou oplossings vir probleme en is gereed om ander met hulle probleme te help. Steun op hulle vermoë om te improviseer i.p.v. om altyd vir elke situasie voorbereid te wees. Vind gewoonlik goeie verklarings vir die dinge wat hulle begeer.

7.13.4 Optimale funksionering van die ENFP:

Vir mense met 'n ENFP-voorkeur, is die lewe 'n kreatiewe avontuur vol wonderlike moontlikhede. ENFP's is baie oplettend t.o.v. mense en begrypend t.o.v. die hede en die toekoms. Hulle beleef 'n wye spektrum gevoelens en intense emosies. Hulle het behoefte aan die erkenning van ander mense en toon geredelik ondersteuning en waardering aan ander.

ENFP's is goed in die verstaan van hoe mense en groepe funksioneer en is oorredend en meeslepend in die najaag van dit wat vir hulle belangrik is. Hulle is aanpasbaar en blom waar hulle geplant word. Hulle energie en entoesiasme spoor ander aan om dit ook te doen.

7.13.5 Karaktereienskappe van die ENFP:

ENFP's is innoveerders wat projekte inisieer en groot energie insit om dit aan die gang te kry. Hulle gebruik intuïtiewe waarneming [N] hoofsaaklik ekstern, en word gestimuleer deur nuwe mense, idees en ervarings. Hulle vind maklik sin en betekenis en sien verbande wat ander mense nie sien nie.

Iemand met 'n ENFP-voorkeur is geneig om nuuskierig, kreatief en verbeeldingryk te wees asook energiek, entoesiasties en spontaan. ENFP's heg groot waarde aan harmonie en goeie bedoelings. Hulle hou daarvan om ander tevrede te stel en sal, sover moontlik, aanpas by ander mense se behoeftes en begeertes. ENFP's gebruik waardegedrewe besluitneming [F] hoofsaaklik intern, en neem besluite deur persoonlike waardes toe te pas via empatie en identifikasie met ander mense.

ENFP's is geneig om warm, vriendelik en versorgend asook samewerkend en ondersteunend te wees. ENFP's toon uitsonderlike insig in die verskuilde moontlikhede van ander mense en is goed in die motivering van mense om hulle te help om dit te bereik en om energie in mense te belê. Hulle beweeg vorentoe, vol vertroue gebaseer op hul insig en hulle entoesiasme trek ander met hulle saam.

7.14 Die MBTI® profiel van die ENTP:

7.14.1 Beskrywing van die ENTP:

’n Ekstrovert met intuïtiewe waarneming, objektiewe besluitneming en ’n aanpasbare lewenstyl.

7.14.2 Dinamika van die ENTP:

Dominante funksie: EN	Ekstroverte iNtuïtiewe waarneming
Sekondêre funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming
Tersiêre funksie: F	Waardegedrewe besluitneming
Minderwaardige funksie: IS	Introverte Sintuiglike waarneming

7.14.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENTP:

Vinnig en oorspronklik, goed met baie dinge. Stimulerende geselskap. Wakker en uitgesproke. Redeneer vir die pret aan beide kante van ’n argument [duiwelsadvokaat]. Beskik oor ’n bron van idees vir nuwe en uitdagende probleme, maar vind dit moeilik om roetinerwerk te verrig. Verwissel maklik van een belangstelling na ’n ander. Vaardig om logiese verklarings aan te bied vir dit wat hulle begeer.

7.14.4 Optimale funksionering van die ENTP:

Mense met ’n ENTP-voorkeur deursoek die omgewing gedurig op soek na nuwe geleenthede en moontlikhede. Hulle sien patrone en verbande wat nie so voor die hand liggend vir ander mense is nie, en is by tye klaarblyklik in staat om in die toekoms in te kyk. Hulle is vaardig daarin om konseptuele moontlikhede te genereer en dit dan strategies te analiseer. ENTP’s is onderlê in die verstaan van die funksionering van sisteme en is vaardig en toegerus om binne die sisteme te manoevreer om hulle doelwitte te bereik.

7.14.5 Karaktereienskappe van die ENTP:

ENTP's is entoesiastiese innoveerders. Hulle wêreld is gevul met moontlikhede, interessante konsepte en stimulerende uitdagings. Hulle word deur moeilikhede gestimuleer, ontwerp vinnig kreatiewe antwoorde daarop en plons in aktiwiteit in, terwyl hulle hul vermoë vertrou om te kan improviseer. Hulle gebruik hulle intuïtiewe waarneming [F] hoofsaaklik ekstern en geniet dit om vindingrykheid in die wêreld te beoefen.

ENTP's is geneig om kreatief, verbeeldingryk en slim te wees asook teoreties, konseptueel en nuuskierig. ENTP's gebruik hulle objektiewe besluitneming [T] hoofsaaklik intern om situasies en eie idees te analiseer en om te beplan. Hulle bewonder bekwaamheid, intelligensie, akkuraatheid en effektiwiteit.

Iemand met 'n ENTP-voorkeur is gewoonlik analities, logies, rasioneel en objektief asook selfgeldend en bevraagtekenend. ENTP's is ondernemend, vaardig, aktief en energiek. Hulle reageer op uitdagende probleme deur ingewikkelde en geheeloplossings te skep. Hulle is gewoonlik in staat om ander mense te "lees", raak te sien hoe om hulle te motiveer en dan die leiding te neem. Hulle kan omtrent enigiets doen wat hulle belangstelling wek.

7.15 Die MBTI® profiel van die ESTJ:

7.15.1 Beskrywing van die ESTJ:

'n Ekstrovert met sinuïglike waarneming, objektiewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.15.2 Dinamika van die ESTJ:

Dominante funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming
Sekondêre funksie: IS	Introverte Sintuiglike waarneming
Tersiëre funksie: N	iNtuïtiewe waarneming
Minderwaardige funksie: IF	Introverte Waardegedrewe besluitneming

7.15.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESTJ:

Prakties, realisties, feitelik met 'n kop vir besigheid of meganika. Nie geïnteresseerd in abstrakte teorieë nie. Opleiding moet toepaslik wees. Hou daarvan om dinge te organiseer en te bestuur. Goeie administrateurs, beslis en goeie implementeerders. Sorg vir roetine-take.

7.15.4 Optimale funksionering van die ESTJ:

Mense met 'n ESTJ-voorkeur hou daarvan om projekte, prosedures en mense te organiseer en om aktief op te tree om dinge gedoen en afgehandel te kry. Hulle leef volgens definitiewe standaarde en waarde-oordele en doen moeite om dit sistematies na te volg. Hulle verwag ook dieselfde van ander mense. ESTJ's ag bekwaamheid, effektiwiteit en resultate hoog en vertoon dit in hulle werk en spel.

'n ESTJ hou van interaksie en om saam met ander te werk, solank die ander persone verantwoordelik optree t.o.v. spertye en die afhandeling van toegekende take. Hulle sal die beste in situasies werk waar duidelike, bekende probleme opgelos kan word met beproefde tegnieke.

7.15.5 Karaktereenskappe van die ESTJ:

’n ESTJ benader probleemoplossing en besluitneming objektief en staan vas wanneer die situasie dit vereis. Hulle gebruik hulle objektiewe besluitneming [T] hoofsaaklik na buite om hulle lewe en werk te organiseer. Hulle het min geduld met chaos, oneffektiwiteit of halfhartige maatreëls.

Iemand met ’n ESTJ-voorkeur is gewoonlik logies, analities en objektief krities; asook doelgerig, duidelik en selfgeldend. Hulle fokus op die hede en op die realiteit. ESTJ’s pas relevante en vorige ervaring toe om probleme te hanteer, en verkies take met onmiddellike, sigbare en konkrete resultate.

ESTJ’s is gewoonlik prakties, realisties en feitelik, asook sistematies en pragmaties. Hulle is gewoonlik goeie administrerders omdat hulle sisteme en logistiek verstaan. Hulle kan die nodige stappe om ’n taak af te handel projekteer, moontlike probleme voorsien, verantwoordelikhede toeken en hulpbronne bestuur.

Hulle dek al die moontlikhede, laat geen los drade nie en kry dinge betyds gedoen. Wanneer hulle sien dat sake nie reg uitwerk nie, sal hulle beplan en optree om die situasie reg te stel. Gewoonlik verkies hulle egter die beproefde prosedures en -sisteme. Hulle is taak-georiënteerd en fokus op aksie en die “*bottom line*”.

7.16 Die MBTI® profiel van die ENFJ:

7.16.1 Beskrywing van die ENFJ:

’n Ekstrovert met intuïtiewe waarneming, waardegedrewe besluitneming en ’n georganiseerde lewenstyl.

7.16.2 Dinamika van die ENFJ:

Dominante funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming
Sekondêre funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming
Tersiêre funksie: S	Sintuiglike waarneming
Minderwaardige funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming

7.16.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENFJ:

Responsief en verantwoordelik. Besorg oor wat ander dink of begeer en wil graag dinge doen met inagneming van ander se gevoelens. Kan 'n voorlegging doen of 'n groepsessie met groot gemak of takt lei. Sosialiserend, populêr en simpatiek. Sensitief en vatbaar t.o.v. lof én kritiek. Hou daarvan om ander se groei te fasiliteer.

7.16.4 Optimale funksionering van die ENFJ:

Mense met 'n ENFJ-voorkeur is sterk ingestel op ander mense, en gebruik empatie om mense se emosionele behoeftes, motiverings en bekommernisse gou te begryp. Hulle fokus is om ander te ondersteun en hulle groei aan te moedig. ENFJ's is vriendelike oorreders wat dikwels konsensus tussen mense wie se belangstellings en motiewe uiteenlopend is, kan bewerk. Hulle tree dikwels op as katalisators, sluit almal in en bring die beste in ander na vore. Hulle kan inspirerende leiers wees, sowel as lojale volgelinge.

7.16.5 Karaktereïenskappe van die ENFJ:

ENFJ's baseer hulle besluite op persoonlike waardes. Hulle gebruik hulle waardegedrewe besluitneming [F] hoofsaaklik ekstern, en straal vriendelikheid en energie uit. Hulle soek en vind die beste in ander mense en stel harmonie en samewerking hoog op prys. Hulle word aangespoor deur erkenning, antwoord

met energie en toewyding, en is veral sensitief vir kritiek en spanning. ENFJ's is geneig om warm, jammerhartig en ondersteunend te wees. Hulle is ook lojaal en betroubaar.

Iemand met 'n ENFJ-voorkeur sien betekenis en verwantskappe raak en kan baie begrypend t.o.v. ander mense wees. Hulle is nuuskierig oor nuwe idees en word gestimuleer deur moontlikhede om bydraes te lewer tot die welwese van die mensdom. ENFJ's is geneig om verbeeldingryk en kreatief te wees en hulle hou van variasie en nuwe uitdagings.

ENFJ's sien van nature die groeipotensiaal in ander mense raak en spandeer energie om ander te help om dit te bereik. Hulle is sensitiewe fasiliteerders. ENFJ's neem verantwoordelikheid om interaksie tussen kollegas, vriende of familie te organiseer, sodat almal betrokke is, daar harmonie is en mense pret het.

7.17 Die MBTI® profiel van die ENTJ:

7.17.1 Beskrywing van die ENTJ:

'n Ekstrovert met intuïtiewe waarneming, objektiewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.17.2 Dinamika van die ENTJ:

Dominante funksie: ET	Ekstroverte Objektiewe besluitneming
Sekondêre funksie: IN	Introverte iNtuïtiewe waarneming
Tersiêre funksie: S	Sintuiglike waarneming
Minderwaardige funksie: IF	Introverte Waardegedrewe besluitneming

7.17.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ENTJ:

Reguit, beslis en leiers in aktiwiteite. Ontwikkel en implementeer omvattende sisteme om organisatoriese probleme te bestuur en op te los. Goed met take wat beredenering en intellektuele oorweging vereis, bv. openbare optrede. Gewoonlik goed ingelig en geniet dit om hulle kennis voortdurend uit te brei.

7.17.4 Optimale funksionering van die ENTJ:

Persone met 'n ENTJ-voorkeur is natuurlike leiers en organisasie-bouers. Hulle konseptualiseer en teoretiseer gemaklik en vertaal moontlikhede na planne om kort- en langtermyn doelwitte te bereik. Hulle merk onlogiese en oneffektiewe prosedures maklik op en beleef 'n sterk drang om dit te korrigeer – om mense en situasies te organiseer om hulle in die regte rigting te laat beweeg. ENTJ's is strategies visionêr en bekwaam om vir die toekomstige behoeftes van die mense en organisasies waarvoor hulle verantwoordelik is, te beplan.

7.17.5 Karaktereienskappe van die ENTJ:

ENTJ's gebruik hulle objektiewe besluitneming [T] hoofsaaklik ekstern en is gevolglik natuurlike kritici. Hulle stel hul eie standaarde op en dwing dit op ander, hul organisasie en hulself af. Hulle heg waarde aan intelligensie en bekwaamheid en minag oneffektiwiteit en onkunde. Hulle kan sterk staan wanneer die situasie dit vereis. ENTJ's is geneig om analities, logies en objektief krities te wees, asook beslis, duidelik en selfgeldend.

Iemand met 'n ENTJ-voorkeur is intellektueel nuuskierig, soek nuwe idees en hou van komplekse probleme. Hulle gebruik hulle intuïtiewe waarneming [N] hoofsaaklik intern om moontlikhede te bedink en die insig te verkry wat hulle in besluitneming en beplanning gebruik.

ENTJ's is geneig om konseptuele en geheelbeeld denkers te wees asook innoverende teoretiseerders en beplanners. ENTJ's is gewoonlik uitmuntende oplossers van organisatoriese probleme. Hulle is deeglik bewus van die intrinsieke verbande binne organisasies en is aksie-georiënteerd en strategies. Hulle dink vooruit, antisipeer probleme, ontwerp breë planne en sisteme en aktiveer menslike en materiële bronne om doelwitte te bereik. Hulle is minder geïnteresseerd in roetinetake en instandhoudingsaktiwiteite en verkies nuwe uitdagings.

7.18 Die MBTI® profiel van die ESFJ:

7.18.1 Beskrywing van die ESFJ:

'n Ekstrovert met sintuiglike waarneming, waardegedrewe besluitneming en 'n georganiseerde lewenstyl.

7.18.2 Dinamika van die ESFJ:

Dominante funksie: EF	Ekstroverte Waardegedrewe besluitneming
Sekondêre funksie: IS	Introverte Sintuiglike waarneming
Tersiêre funksie: N	iNtuitiewe waarneming
Minderwaardige funksie: IT	Introverte Objektiewe besluitneming

7.18.3 Bondige samevatting van die persoonlikheidstyl van die ESFJ:

Goedhartig, pligsgetrou en samewerkend. Wil graag harmonie in hulle omgewing hê en werk met vasberadenheid om dit te bewerk. Hou daarvan om saam met ander te werk om take akkuraat en betyds te voltooi. Lojaal, voer dinge deur selfs tot in die fynste besonderhede. Opmerkzaam t.o.v. ander se dag tot dag behoeftes en poog om daarin te voorsien. Wil waardeer word vir wie hulle is en vir wat hulle bydra.

7.18.4 Optimale funksionering van die ESFJ:

Mense met 'n ESFJ-voorkeur hou daarvan om mense en situasies te organiseer en saam met ander te werk om verpligtinge betyds en akkuraat af te handel. Hulle is pligsgetrou en lojaal, druk deur selfs in fyner besonderhede en verwag van ander mense dieselfde. Hulle heg waarde aan sekuriteit en stabiliteit.

ESFJ's is sosiaal en uitgaande. Hulle hou van vieringe en tradisies en bring 'n persoonlike besorgdheid na die werkplek en huis. Hulle wil waardeer word vir wie hulle is en vir wat hulle vir ander mense doen.

7.18.5 Karaktereienskappe van die ESFJ:

ESFJ's gebruik hulle waardegedrewe besluitneming [F] hoofsaaklik ekstern en straal vriendelikheid en energie uit. Hulle word aangespoor deur erkenning en seergemaak deur traak-my-nieagtigheid en onvriendelikheid. Gespanne- of konfliktsituasies maak hulle ongemaklik, en hulle tree op om te verseker dat dit voorkom word. ESFJ's is geneig om warm, simpatiek en behulpsaam te wees. Hulle is persoonlik, samewerkend en bedagsaam.

ESFJ's fokus op die "hier en nou" en grond hulle besluite op ervaring en op feite. Hoewel hulle variasie geniet, pas hulle goed aan by roetine en hou nie van werk wat die bemeestering van abstrakte idees of onpersoonlike analise vereis nie. Hulle geniet hulle besittings en pas dit goed op. ESFJ's is geneig om prakties, realisties en plat op die aarde te wees asook beslis, deeglik en konsekwent.

Iemand met 'n ESFJ-voorkeur is sensitief vir die behoeftes van elke individu in hulle omgewing en is goed om praktiese versorging te verskaf. Baie van hulle gemak en vreugde spruit uit die gemak en vreugde van ander mense.

AFDELING 3: GEVOLGTREKKINGS

HOOFSTUK 8: VERWAGTE LITURGIESE INKLEDING VAN EREDIENSTE AAN DIE HAND VAN DIE MBTI® PERSOONLIKHEIDSTYLE:

In hierdie hoofstuk word die verwagte liturgiese inkleding t.o.v. die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens deur die verskillende persoonlikheidstyle, verwoord.

Voorspellings oor die invloed van MBTI®-persoonlikheidstyle op die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens, kan uit verskeie hoeke gemaak word. In dié hoofstuk word drie invalshoeke gebruik: 1 – Verwagtinge word t.o.v. die agt pole van die vier digotomieë beskryf, 2 – Voorspellings word aan die hand van die verskillende temperamente gemaak en 3 – Verwagte moontlikhede word t.o.v. die sestien verskillende MBTI®-persoonlikheidstyle gemaak.

8.1 Verwagtinge beskryf t.o.v. die agt pole E / I / S / N / T / F / J / P:

Arnold Smit [Van Rooyen 2001:16] verwys na Oswald, RM & Kroeger, O 1988 se *Personality Type and Religious Leadership* en hanteer dan “*Preaching*” by “*Type and pastoral functions*”. Hieronder word op sy insigte en ook op dié van Page [1998:1-40] gebou. Vry vertaal sou die volgende verwag kon word t.o.v. prediking en daarom ook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens:

8.1.1 Ekstroverte:

Ekstroverte [E's] verleen energie, entoesiasme, tasbaarheid en konkreetheid aan eredienstemas. Hulle handhaaf goeie kontak met die gemeente. Die lewering van die preek en hantering van die erediens is gewoonlik makliker as die voorbereiding daarvan. E's gee vrylik uitdrukking aan hulle gedagtes en emosies en loop die gevaar om soms te veel te sê.

8.1.2 Introverte:

Introverte [I's] verleen diepte en refleksie aan eredienstemas en is in pas met hul eie interpretasies en verstaan. Hulle voorbereiding is gewoonlik makliker as die lewering van die preek en die hantering van 'n erediens. I's hou hulle gedagtes en emosies vir hulleself en deel [sê] daarom te min van hulself in prediking.

8.1.3 Sintuiglike waarnemers:

Sintuiglike waarnemers [S'e] munt uit in praktiese, plat op die aarde en konkrete prediking. Hulle beleef die teks en tel die fyner besonderhede in die teks op. Simbole word as deel van die geestelike erfenis hanteer. S'e is realiteitsgerig en hul prediking is prakties toepaslik. Die kwessies van die dag word aangespreek en preke/liturgieë word gestruktureerd aangebied. S'e skram egter weg van verandering en loop daarom die gevaar om stereotiep te preek.

8.1.4 iNtuïtiewe waarnemers:

iNtuïtiewe waarnemers [N'e] is inspirerende, innoverende en vernuwende predikers. In die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbidding fokus hulle op die simboliese, figuurlike en die abstrakte. Simbole is poorte na mense se verbeelding. In prediking word die klem op vernuwing en verandering geplaas, en geredelik geëksperimenteer. N'e loop egter die gevaar om rond en bont te preek en sukkel om die samehang van die boodskap te behou.

8.1.5 Objektiewe besluitnemers:

Objektiewe besluitnemers [T's] kommunikeer duidelik en helder [woordsmede]. Hulle oortuig mense deur objektiewe logika. In prediking fokus T's meer op waarheid, reg en geregtigheid as op liefde, vergifnis en genade. T's is

oortuigende, analitiese en kritiese predikers wat maklik onbedagsaam en onsensitief kan oorkom.

8.1.6 Waardegedrewe besluitnemers:

Waardegedrewe besluitnemers [F's] is meer simpatiek in eredienste, en bereik lidmate deur oorreding. In prediking is F's gewoonlik gerig op verhoudings en harmonie. In die liturgiese inkleding, voorbereiding en aanbieding van eredienste word lidmate in ag geneem, waardeur en begryp. F's kan egter effens na idealisme neig en waarheidselemente te veel versag of selfs verswyg.

8.1.7 Georganiseerde lewenstyl:

Liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J's] se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens toon duidelike struktuur, afgemete kommunikasie en doelgerigte eredienste. J's is georganiseerd, in beheer en beslis in prediking. Duidelike riglyne en kategorieë word in prediking onderskei en J's bly omtrent altyd binne spertye en is betyds en tydig. J's kan sake egter soms vereenvoudig en te seker van hulle saak voorkom.

8.1.8 Aanpasbare lewenstyl:

Liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P's] se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens vertoon buigsaamheid, vryheid en oop moontlikhede. In prediking word opsies en waarnemings gestel wat lidmate vry maak om hulself te kan wees. P's fokus in liturgie op die lewe as 'n belewenis. P's bly egter selde binne hulle tyd en is gewoonlik net betyds of sukkel om spertye te handhaaf.

8.2 Statistiek en verwagtinge t.o.v. temperamente:

Smit [Van Rooyen 2001:17-22] bespreek die vier temperamente met hulle spesifieke eienskappe en moeilikhede onder die opskrif: “*Temperaments and the pastoral role*”. Afleidings en aanpassings word hieruit asook uit die vorige beskrywing van temperamente in Hoofstuk 6, gemaak en spesifiek van toepassing gemaak op die verwagte liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbidding van eredienste.

In die bespreking van wat liturgies van die vier temperamente verwag kan word, word telkens eers verwys na die predikantestatistiek van die ondersoek na 386 predikante [Van Rooyen 2001:42], en daarna word die verwagte liturgiese inkleding van elke temperament uiteengesit.

8.2.1 Bewaarders:

152 uit 386 predikante het in die SJ-temperament geval, d.w.s. 39.4% van die predikante val in die Bewaarder-temperament. Voorspelbare, ernstige, tradisionele prediking en liturgiese inkleding sal by hierdie temperament verwag kan word. Stabiliteit, verantwoordelikheid en die aanvaarding van gesag behoort dié predikante liturgies te kenmerk.

Liturge met 'n SJ-temperament is in terme van prediking waarskynlik behoudend en dienend. Hulle behoort goed te vaar in die toerusting van leiers en in tradisionele Bybelonderrig. In prediking kan verwag word dat hulle sal fokus op die ryk erfenis van die gemeente. Hulle kommunikeer die besef en aanvaarding van sosiale, morele en geestelike verpligtinge. SJ's verkies formele en waardige aanbidding.

Eredienste word goed georganiseer met die fokus op die Woord van God. SJ's smag na verantwoordelikheid en aanspreeklikheid [Isachsen & Berens 1995:49].

Hulle is behoudend en bewaar die tradisie en die verlede, maar hou nie van verandering nie [Isachsen & Berens 1995:49]. Hulle prediking en aanbidding, voorbereiding en inkleding van eredienste sal dus waarskynlik ook behoudend en “tradisioneel” wees.

Enkele waarskynlike gevare t.o.v. die SJ-temperament: Hulle neem die Bybel soms te letterlik op. Struktuur en orde is vir hulle te belangrik. Hulle is geweldig toegewyd maar gee te min erkenning aan ander mense. SJ's is geneig om negatief en pessimisties te wees.

8.2.2 Idealiste:

100 uit 386 predikante het in die NF-temperament geval, d.w.s. 25.9% van predikante val in die Idealiste-temperament. Idealistiese, entoesiastiese en verhoudingsgerigte prediking en liturgiese inkleding sou by hierdie temperament ver wag kan word. Die ontwikkeling van onontginde potensiaal, die sin van die lewe en die oorbrugging van verskille sal waarskynlik in die prediking aangespreek word.

Liturge met 'n NF-temperament fokus op verhoudings en soek egtheid in die liturgiese gebeure. Hulle is waarskynlik in die prediking ingestel op die verhoudings- en persoonlike groei van lidmate. In prediking kan ver wag word dat hulle goed geartikuleerde en effektiewe kommunikeerders is wat lidmate inspireer tot groter dade van liefde en gemeenskapsbetrokkenheid. NF's is gewoonlik begaafd in die gebruik van taal, hetsy geskrewe of mondeling, en gebruik baie metafore en vergelykings [Isachsen & Berens 1995:48].

Moontlike gevare van NF's: NF's is hoogs inspirerend maar glad nie prakties ingestel nie. Sal waarskynlik konflikareas of -temas in prediking vermy en is te idealisties. Die aanvaarding en erkenning van mense is vir hulle te belangrik en dus sal hulle makliker konsentreer op dit wat mense wil hoor as op wat nodig is.

Persone met 'n NF-voorkeur is gewoonlik diplomaties [Isachsen & Berens 1995:48] en sal dus skerp en bedreigende temas en -boodskappe versag t.w.v. die hoorders.

8.2.3 Rasionaliste:

98 uit 386 predikante het in die NT-temperament geval, d.w.s. 23.8% van predikante val in die Rasionaliste-temperament. Teoretiese, prinsipiële en logiese prediking sou by hierdie temperament verwag kan word. Langtermyn doelwitte en vernuwing sal waarskynlik in prediking aangespreek word.

Liturge met 'n NT-temperament fokus op die intellektuele en teologiese kwessies. Hulle is waarskynlik goed onderlê in prediking, Bybelkennis, -geskiedenis en die teologie. In prediking sal hulle waarskynlik 'n hoë premie plaas op die objektiewe waarheid, sosiale geregtigheid en gemeenskapsbetrokkenheid. Persone met 'n NT-voorkeur is toekomsgerig, teoreties en individualisties [Isachsen & Berens 1995:48-49] en sal dus 'n meer tegniese liturgiese aanslag hê.

As persone wat 'n rede vir alles wil hê en natuurlike skeptici [Isachsen & Berens 1995:48] is Rasionaliste krities en analities ingestel, en word hulle nie deur belewenisse op sleeptou geneem nie. In prediking sal hulle waarskynlik nie mense emosioneel en belewenisgewys aanspreek nie, maar wel rasioneel.

NT's motiveer en propageer verandering, maar bestuur nie die praktiese implikasies van verandering nie. Hulle kan redelik geslote [selfs geestelik hoogmoedig] wees t.o.v. die meer charismatiese uitdrukkings van geloof. In die liturgiese voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens kan hulle ook ongeduld toon met mense se foute en swakhede en te groot afstand van mense handhaaf. NT's probeer hulself presies en akkuraat uitdruk en is gewoonlik kalm en rustig [Isachsen & Berens 1995:49].

8.2.4 Kunstenaars:

40 uit 386 predikante het in die SP-temperament geval, d.w.s. 10.4% van predikante val in die Kunstenaars-temperament. Energieke, spontane en optimistiese prediking sou by hierdie temperament verwag kon word. Relevante sake, verhoudings en om 'n verskil te maak, is temas wat waarskynlik aangespreek sal word deur SP's.

Liturgie met 'n SP-temperament fokus op aksiebelaaide- en belewenis gesentreerde byeenkomste. Hulle voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste is waarskynlik prakties, realiteitsgebonde en konkreet. SP's is onderhoudende predikers met 'n meer charismatiese styl en doen goed in krisistye. SP's is in liturgie ook meer gerig op en toeganklik vir kinders en jongmense.

Iemand met 'n SP-voorkeur is lewendig, optimisties en entoesiasies [Isachsen & Berens 1995:50] en sal dus lewendige en spontane predikers wees. Hulle vereis nabye interaksie tussen hulle en hulle gehoor en sal sover moontlik aanpas by die aangevoelde behoeftes van die lidmate voor hulle. SP's behoort redelik onderlê te wees in variasie, en kan vernuftige maniere uitdink om eredienste interessant of spesiaal te maak.

SP's sukkel so bietjie met struktuur en orde – bv. tydsaspekte en berei eredienste moeiliker voor as wat hulle dit aanbied. Hoewel gewoonlik innemende mense, raak SP's krapperig wanneer mense voorskryf hoe hy sy werk moet doen.

8.3 Statistiese gegewens t.o.v. predikante en hul MBTI®-persoonlikheidstyl:

Hier is dit van belang om kennis te neem van die statistiek t.o.v. predikante. In 'n wye ondersoek verwys Arnold Smit [Van Rooyen 2001:42] na insiggewende

predikantestatistiek, getrek uit 'n steekproef van 386 persone. Statistiek t.o.v. die sestien verskillende MBTI®-persoonlikheidstyle word hieronder weergegee:

<i>ISTJ</i> 56 uit 386 14.5%	<i>ISFJ</i> 24 uit 386 6.2%	<i>INFJ</i> 13 uit 386 3.4%	<i>INTJ</i> 28 uit 386 7.3%
<i>ISTP</i> 9 uit 386 2.3%	<i>ISFP</i> 6 uit 386 1.6%	<i>INFP</i> 17 uit 386 4.4%	<i>INTP</i> 9 uit 386 2.3%
<i>ESTP</i> 15 uit 386 3.9%	<i>ESFP</i> 10 uit 386 2.6%	<i>ENFP</i> 45 uit 386 11.7%	<i>ENTP</i> 27 uit 386 7%
<i>ESTJ</i> 42 uit 386 10.9%	<i>ESFJ</i> 30 uit 386 7.8%	<i>ENFJ</i> 25 uit 386 6.5%	<i>ENTJ</i> 28 uit 386 7.3%

Hieruit blyk duidelik dat die predikanteberoep veral gevorm word deur ISTJ's, ENFP's en ESTJ's. ISFP's, ISTP's, INTP's en ESFP's is die groep predikante wie se persoonlikheidsprofiel volgens die studie die minste in die predikanteberoep verreken word.

8.4 Verwagte liturgiese inkleding deur die sestien verskillende MBTI®-persoonlikheidsprofiel:

8.4.1 Bydrae deur elke persoonlikheidstyl:

In Page [1998:40] se *Looking at Type – A Description of the Preferences Reported by the Myers-Briggs Type Indicator®* vertoon hy in tabelvorm die bydrae wat deur elke persoonlikheidstyl gemaak word, en dus ook in die prediking en voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens 'n rol behoort te speel:

<p>ISTJ</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>S – Reliance Of Facts</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>J – Organization</i></p>	<p>ISFJ</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>S – Reliance Of Facts</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>	<p>INFJ</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>	<p>INTJ</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>
<p>ISTP</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>ISFP</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>INFP</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>INTP</p> <p><i>I - Depth Of Concentration</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>
<p>ESTP</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>ESFP</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>ENFP</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>	<p>ENTP</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>P - Adaptability</i></p>
<p>ESTJ</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>	<p>ESFJ</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>S – Reliance On Facts</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>	<p>ENFJ</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>F – Warmth And Sympathy</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>	<p>ENTJ</p> <p><i>E - Breadth Of Interests</i></p> <p><i>N – Grasp Of Possibilities</i></p> <p><i>T - Logic And Analysis</i></p> <p><i>J - Organization</i></p>

8.4.2 Kommunikasie en die Waarneming- en Besluitnemingskombinasies:

Die voorbereiding, inkleiding en aanbieding in 'n erediens, het veral met kommunikasie en kommunikatiewe oordrag te doen. Hierin sal die Waarnemings-[S/N] en Besluitnemingsvoorkeure [T/F] en hul kombinasies 'n groot rol te speel hê. *“Die manier waarop mense kommunikeer en inligting oordra, word in 'n groot mate bepaal deur die waarnemings- en besluitnemingsvoorkeure, dit wil sê die S/N en T/F voorkeure. Hierdie voorkeure kan in ST-, NT-, SF- en NF-voorkeure gegroepeer word, waar elke kombinasie spesifieke style openbaar.”* [Coetzee 1997:61].

8.4.3 Kreatiwiteit in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens:

Preekmaak en erediensvoorbereiding is 'n skeppende en selfs kunstige aktiwiteit. Kreatiwiteit in liturgie is dus 'n noodsaaklike bestanddeel. In 'n baie innoverende boek *BREAKTHROUGH CREATIVITY* gaan Lynne Levesque [2001] van die standpunt uit dat elke persoon op 'n unieke wyse kreatief is, wat absoluut inpas by die MBTI® se klem op die uniekheid en waarde van elke persoonlikheidstyl. *“The basis of the book is the belief that everyone is creative. Everyone is not alike in his or her creativity because there is no one best way to be creative. You may not have developed your creativity to the same degree as others, but it's there.”* [Levesque 2001:5].

Volgens Levesque [2001:9] het Jung reeds in sy agt kombinasies van waarneming en besluitneming besef dat elke persoonlikheidstipe gelykwaardig t.o.v. uniekheid en kreatiwiteit is. *“According to Jung, the creative instinct exists in everyone.”* [Levesque 2001:9].

8.5 Verwagtinge van die MBTI®-persoonlikheidstyle:

In terme van die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens, sal 'n mens dus die volgende by verskillende persoonlikheidsprofiel kon verwag:

8.5.1 Verwagtinge by die ST-kombinasies:

Die vier MBTI®-persoonlikheidstyle wat die kombinasie ST in gemeen het, ISTJ, ESTJ, ISTP en ESTP word hieronder gehanteer; eers i.t.v. uitsette wat vir al bg. kombinasies geld en dan ook apart:

Volgens Coetzee [1997:61] word die volgende kommunikasiestyle by ST's aangetref en kan ons dit dus ook in hul liturgiese voorbereiding, inkleding en veral aanbieding verwag: Onpersoonlike, logiese en feitelike kommunikasie. Hulle kommunikeer direk, realisties, konkreet en spesifiek met gedetailleerde uiteensettings.

8.5.1.1 ESTJ - die Stuurman/ Navigator:

Die dominante funksie van 'n ESTJ kan beskryf word as dié van 'n stuurman, en die hulpfunksie as dié van 'n navigator [Levesque 2001:113-130]. *“The Pilot steers the ship through difficult waters and develops strategies to guide it toward new lands.”* [Levesque 2001:113]. *“By keeping the logs and charts, planning out the voyage, and building on past knowledge, Navigators enable discoveries and practical adaptations of what others have already done.”* [Levesque 2001:55].

Volgens Levesque [2001:114] is 'n Stuurman kommunikatief uitgaande en geartikuleerd. Hulle geniet dit om te praat en is baie uitgesproke. Hulle kommunikasie is gewoonlik kort en op die man af, georganiseerd en analities, taalkundig en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik en te leer. Navigators het gewoonlik 'n geweldige rykdom van interne

ervarings, waaruit hulle put en wat kan help om nuwe koers aan te dui. Navigators help ander om op die feite van die situasie te fokus sodat die span die realiteite van die situasie in die oë kan kyk en praktiese oplossings kan verkry.

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n ESTJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: As 'n ekstrovert [E] behoort 'n ESTJ 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense sal aanspreek en saamneem. As 'n sintuiglike waarnemer [S] sal die ESTJ 'n feite-georiënteerde liturg in voorbereiding en aanbieding wees en in die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie sal die ESTJ logies en analities [T] wees. Aangesien 'n ESTJ 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, sal sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens georganiseerd en planmatig ingeklee word.

Die ESTJ se prediking behoort verder realisties en prakties toepaslik te wees.

8.5.1.2 ISTJ - die Navigator/Stuurman:

Die dominante funksie van 'n ISTJ kan beskryf word as dié van 'n navigator, en die hulpfunksie as dié van 'n stuurman [Levesque 2001:55-72]. *“By keeping the logs and charts, planning out the voyage, and building on past knowledge, Navigators enable discoveries and practical adaptations of what others have already done.”* [Levesque 2001:55]. *“The Pilot steers the ship through difficult waters and develops strategies to guide it toward new lands.”* [Levesque 2001:113].

Navigators het gewoonlik 'n geweldige rykdom van interne ervarings, waaruit hulle put en wat help om nuwe koers aan te dui. Navigators help ander om op die feite van die situasie te fokus sodat die span die realiteite van die situasie in die oë kan kyk en praktiese oplossings kan verkry [Levesque 2001:56]. Volgens Levesque [2001:114] is 'n Stuurman kommunikatief uitgaande en geartikuleerd.

Hulle geniet dit om te praat en is baie uitgesproke. Hulle kommunikasie is gewoonlik kort en op die man af, georganiseerd en analities, taalkundig en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik en te leer.

Die volgende kan aan die hand van Page [1998:40] se tabel van 'n ISTJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: As 'n introvert [I] behoort 'n ISTJ diepgang in prediking te bereik en sal die ISTJ 'n feitegeoriënteerde liturg in voorbereiding en aanbieding wees vanweë sy sintuiglike waarneming [S]. Die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie behoort logies en analities te wees [T] en aangesien 'n ISTJ 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, sal sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens georganiseerd en planmatig geskied.

ISTJ's is waarskynlik ernstige, praktiese en toegewyde predikers met deeglike en tydige voorbereiding. Hulle behoort die liturgie van die erediens en die boodskap gestruktureerd en feitelik saam te stel. Die boodskap sal logies en analities [amper wetenskaplik] oorgedra word.

8.5.1.3 ISTP - die Uitvinder/Avonturier:

Die dominante funksie van 'n ISTP kan beskryf word as dié van 'n uitvinder, en die hulpfunksie as dié van 'n avonturier [Levesque 2001:133-151]. *“Inventors provide the tools and insights that enable reframing of problems and discoveries of new solutions.”* [Levesque 2001:133]. *“Adventurers are like the daredevils who go to sea for the experience and fun of it all. They enjoy experimenting with clever improvisations and skillful adaptations to solve challenges.”* [Levesque 2001:37].

Uitvinders is gewoonlik onafhanklik en gereserveerd. Hulle kommunikeer bondig en op die man af. Hulle is grammatikaal en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik, te verhelder en te onderrig [Levesque

2001:134]. Avonturiers stel realiteite gewoonlik soos wat dit is en maak gebruik van 'n wye verskeidenheid spesifieke beskrywings, verhale en staaltjies om die punte wat hulle maak te illustreer, amper soos 'n verslaggewer wat oor die lewe verslag lewer [Levesque 2001:38].

Die volgende kan aan die hand van Page [1998:40] se tabel van 'n ISTP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: 'n ISTP behoort as introvert [I] diepgang in prediking te bereik en in voorbereiding en aanbieding as 'n sintuiglike waarnemer [S] 'n feite-georiënteerde liturg te wees. In die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie sal die ISTP logies en analities wees en waarskynlik oop, toeganklik en buigzaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens wees, a.g.v. die aanpasbare lewenstyl [P] wat die ISTP verkies.

ISTP's is waarskynlik stil, nuuskierige, somtyds onverwags humoristiese predikers wat logiese afleidings en effektiewe oplossings vir probleme aan die gemeente sal voorhou.

8.5.1.4 ESTP - die Avonturier/Uitvinder:

Die dominante funksie van 'n ESTP kan beskryf word as dié van 'n avonturier, en die hulpfunksie as dié van 'n uitvinder [Levesque 2001:37-52]. *“Adventurers are like the daredevils who go to sea for the experience and fun of it all. They enjoy experimenting with clever improvisations and skillful adaptations to solve challenges.”* [Levesque 2001:37]. *“Inventors provide the tools and insights that enable reframing or problems and discoveries of new solutions.”* [Levesque 2001:133].

Avonturiers stel realiteite gewoonlik soos wat dit is en maak gebruik van 'n wye verskeidenheid spesifieke beskrywings, verhale en staaltjies om die punte wat hulle maak te illustreer, amper soos 'n verslaggewer wat oor die lewe verslag

lewer [Levesque 2001:38]. Uitvinders is gewoonlik onafhanklik en gereserveerd. Hulle kommunikeer bondig en op die man af. Hulle is grammatikaal en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik, te verhelder en te onderrig [Levesque 2001:134].

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n ESTP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: As 'n ekstrovert [E] behoort 'n ESTP waarskynlik 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense sal meeneem. Die ESTP sal waarskynlik as 'n sintuiglike waarnemer [S] 'n feite-georiënteerde liturg in voorbereiding en aanbieding wees en in die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie sal die ESTP analities en logies oorkom. Aangesien 'n ESTP 'n aanpasbare lewenstyl [P] verkies, sal hy waarskynlik oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens wees.

ESTP's is waarskynlik aktiewe, pragmatiese en prettige predikers wat spesifieke, konkrete en realistiese beelde gebruik om mee te kommunikeer. Hulle behoort optimisties, aanpasbaar en inisiërende liturge te wees wat die bal aan die rol sit en ander mense met hulle saamvat. ESTP's is fyn ingestel op die wyse waarop ander mense taal gebruik en vernuftig om dit te reflekteer en gee geredelik erkenning aan ander mense. Hulle behoort dus hulle "gehoor" goed te lees en in die "gehoor" se taal met hulle te kan kommunikeer. As goeie onderhandelaars is hulle gerig op die oplossing van probleme en glad nie tradisiegebonde nie. ESTP's behoort in prediking die waagmoed aan die dag te kan lê om uitdagende en sensitiewe sake op die tafel te sit.

8.5.2 Verwagtinge by die NT-kombinasies:

Die vier MBTI® persoonlikheidstyle wat die kombinasie NT in gemeen het, INTJ, ENTJ, ENTP en INTP word hieronder gehanteer; eers i.t.v. uitsette wat vir al bg. kombinasies geld en dan ook apart:

Volgens Coetzee [1997:61] word die volgende kommunikasiestyle by NT's aangetref en kan ons dit dus ook in hul liturgiese voorbereiding, inkleding en veral aanbieding verwag: Bondige, kernagtige en goedgeartikuleerde boodskappe. Objektief, saaklik [onemosioneel] en kritiese oordrag van informasie. NT's is baie nugter en oorredend en kan dikwels beide kante van 'n saak beredeneer. Soms kan die NT's 'n "*beeld oordra van die weet-alles-tipe*" [Coetzee 1997:61]. In vergelyking met liturges met ST-kombinasies, fokus die NT's meer op die holistiese beeld en verhoudings. Hulle is ook meer optimisties en minder konkreet.

8.5.2.1 INTJ - die Visioenêr/Stuurman:

Die dominante funksie van 'n INTJ kan beskryf word as dié van 'n visioenêr, en die hulpfunksie as dié van 'n stuurman [Levesque 2001:95-112]. "*Visionaries have bold, heroic minds and far-reaching imagination. They are passionate for grand, uncommon ideals.*" [Levesque 2001:95]. "*The Pilot steers the ship through difficult waters and develops strategies to guide it toward new lands.*" [Levesque 2001:113].

Visionêre deel hulle gedagtes en idees, eers wanneer dit goed ontwikkel is. Hulle kommunikasie fokus meer op moontlikhede, implikasies en die toekoms. Hulle dek wye temas met spekulasie en simbole en hulle taalgebruik is indirek en in die algemeen. Hulle maak baie van metafore en ongewone terme gebruik [Levesque 2001:97]. Volgens Levesque [2001:114] is 'n Stuurman kommunikatief uitgaande en geartikuleerd. Hulle geniet dit om te praat en is baie uitgesproke. Hulle kommunikasie is gewoonlik kort en op die man af, georganiseerd en analities, taalkundig en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik en te leer.

Die volgende kan aan die hand van Page [1998:40] se tabel van 'n INTJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens verwag word: As 'n introvert [I] behoort 'n INTJ diepgang in prediking te hê. As intuïtiewe waarnemer [N] behoort hy die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aan te spreek en in uiteensetting en aanbidding van die boodskap en liturgie sal die INTJ logies en analities wees [T]. Aangesien 'n INTJ 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, sal sy voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens georganiseerd en planmatig ingeklee word.

INTJ's sal waarskynlik oorspronklike, skeptiese en onafhanklike liturge [predikers] met groot dryfkrag wees wat hoë verwagtinge, nie net aan hulleself nie, maar ook aan hulle lidmate sal stel.

8.5.2.2 ENTJ - die Stuurman/Visioenêr:

Die dominante funksie van 'n ENTJ kan beskryf word as dié van 'n stuurman, en die hulpfunksie as dié van 'n visioenêr [Levesque 2001:113-130]. *“The Pilot steers the ship through difficult waters and develops strategies to guide it toward new lands.”* [Levesque 2001:113]. *“Visionaries have bold, heroic minds and far-reaching imagination. They are passionate for grand, uncommon ideals.”* [Levesque 2001:95].

Stuurmanne is kommunikatief uitgaande en geartikuleerd. Hulle geniet dit om te praat en is baie uitgesproke. Hulle kommunikasie is gewoonlik kort en op die man af, georganiseerd en analities, taalkundig en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik en te leer [Levesque 2001:114]. Volgens Levesque [2001:97] deel Visioenêre hulle gedagtes en idees, eers wanneer dit goed ontwikkel is. Hulle kommunikasie fokus meer op moontlikhede, implikasies en die toekoms. Hulle dek wye temas met spekulاسie en simbole en hulle taalgebruik is indirek en in die algemeen. Hulle maak baie van metafore en ongewone terme gebruik.

Die ENTJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens behoort, met die inagneming van Page [1998:40] se tabel so daarna uit te sien: Die ENTJ behoort as ekstrovert [E] 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense sal meeneem en as intuïtiewe waarnemer [N] die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aan te spreek. In die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie behoort die ENTJ logies en analities te wees en vanweë sy georganiseerde lewenstyl [J] sal die ENTJ se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens georganiseerd en planmatig wees.

ENTJ's is reguit, besliste en beredeneerde predikers wat goed ingelig en omvattend kan preek.

8.5.2.3 ENTP - die Ontdekkingsreisiger/Uitvinder:

Die dominante funksie van 'n ENTP kan beskryf word as dié van 'n ontdekkingsreisiger, en die hulpfunksie as dié van 'n uitvinder [Levesque 2001:75-92]. *“Explorers journey to find new lands and discover new routes. Their worlds are full of pulsating possibilities.”* [Levesque 2001:75]. *“Inventors provide the tools and insights that enable reframing of problems and discoveries of new solutions.”* [Levesque 2001:133].

Ontdekkingsreisigers is gewoonlik vol nuwe en vreemde idees en moontlikhede, wat tussen mense gevorm word en waaroor hulle graag praat. Hulle maak gereeld van humor gebruik om 'n probleem in 'n ander raamwerk te plaas [Levesque 2001:76]. Volgens Levesque [2001:134] is Uitvinders gewoonlik onafhanklik en gereserveerd. Hulle kommunikeer bondig en op die man af. Hulle taalgebruik is grammatikaal en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik, te verhelder en te onderrig.

Die ENTP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens behoort aan die hand van Page [1998:40] se tabel só daar uit te sien: As 'n ekstrovert [E] behoort 'n ENTP 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense sal aanspreek en saamneem. As intuïtiewe waarnemer [N] behoort hy die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aan te spreek. Die ENTP behoort logies en analities [T] te wees in die uiteensetting en aanbieding van die boodskap en liturgie. Die ENTP sal waarskynlik oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens wees, vanweë sy aanpasbare lewenstyl [P].

ENTP's is oorspronklike, stimulerende en uitgesproke [skerp] predikers wat dikwels verskillende kante van 'n saak [duiwelsadvokaat] op die tafel sal plaas.

8.5.2.4 INTP - die Uitvinder/Ontdekkingsreisiger:

Die dominante funksie van 'n INTP kan beskryf word as dié van 'n uitvinder, en die hulpfunksie as dié van 'n ontdekkingsreisiger [Levesque 2001:133-151]. *"Inventors provide the tools and insights that enable reframing of problems and discoveries of new solutions."* [Levesque 2001:133]. *"Explorers journey to find new lands and discover new routes. Their worlds are full of pulsating possibilities."* [Levesque 2001:75].

Uitvinders is gewoonlik onafhanklik en gereserveerd. Hulle kommunikeer bondig en op die man af. Hulle taalgebruik is grammatikaal en stillisties korrek. Die doel van hulle kommunikasie is om te verduidelik, te verhelder en te onderrig [Levesque 2001:134]. Ontdekkingsreisigers is gewoonlik vol nuwe en vreemde idees en moontlikhede, wat tussen mense gevorm word en waarvoor hulle graag praat. Hulle maak gereeld van humor gebruik om 'n probleem in 'n ander raamwerk te plaas [Levesque 2001:76].

Van 'n INTP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens kan die volgende aan die hand van Page [1998:40] se tabel verwag word: Die INTP-liturg behoort as introvert [I] diepgang in prediking te bereik en die verskuilde moontlikhede [as intuïtiewe waarnemer - N] van mense en die gemeente aan te spreek. 'n Logiese en analitiese uiteensetting [T] en aanbieding van die boodskap en liturgie kan van die INTP verwag word terwyl hy waarskynlik, na aanleiding van sy aanpasbare lewenstyl [P] oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens sal wees.

INTP's is waarskynlik stil, gereserveerde en teoretiese predikers wat fokus op probleemoplossing deur middel van logika en analise.

8.5.3 Verwagtinge by die SF-kombinasies:

Die vier MBTI® persoonlikheidsstyle wat die kombinasie SF in gemeen het, ISFJ, ESFJ, ISFP en ESFP word hieronder gehanteer; eers i.t.v. uitsette wat vir al bg. kombinasies geld en dan ook apart:

Volgens Coetzee [1997:61] word die volgende kommunikasiestyle by SF's aangetref en kan ons dit dus ook in hul liturgiese voorbereiding, inkleding en veral aanbieding verwag: Waardegedrewe prediking. Praktiese, gedetailleerde en feitelike uiteensettings wat verband hou met persoonlike ervarings. Reguit maar bedagsame en belewenisgerigte oordrag van die Evangelieboodskap waarin die persoonlike en emosionele gevoelens van hulself en ander in ag geneem word.

8.5.3.1 ISFJ - die Navigator/Harmonieerder:

Die dominante funksie van 'n ISFJ kan beskryf word as dié van 'n navigator, en die hulpfunksie as dié van 'n harmonieerder [Levesque 2001:55-72]. *“By keeping the logs and charts, planning out the voyage, and building on past knowledge,*

Navigators enable discoveries and practical adaptations of what others have already done.” [Levesque 2001:55]. “Like a first mate, social director and cook, the Harmonizer makes sure the crew’s needs are met and channels their efforts as they pursue new directions and creative solutions.” [Levesque 2001:153].

Navigators het gewoonlik ’n geweldige rykdom van interne ervarings, waaruit hulle put en wat help om nuwe koers aan te dui. Navigators help ander om op die feite van die situasie te fokus sodat die span die realiteite van die situasie in die oë kan kyk en praktiese oplossings kan verkry [Levesque 2001:56]. Volgens Levesque [2001:156] besit Harmonieerders uitstekende verbale vermoëns en druk hulleself gemaklik uit. Hulle is oop en deel hulle gedagtes en gevoelens met ander. Hulle gebruik hul talent om hulself uit te druk om vertroue en begrip by mense teweeg te bring. Hulle kommunikasie is persoonlik en die verhale wat hul vertel vol van mense, verhoudings, emosies en waardes. Die doel van hulle kommunikasie is om mense aan te raak.

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van ’n ISFJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens verwag word: As introvert [I] behoort ’n ISFJ diepgang in prediking te hê. As ’n sintuiglike waarnemer [S] sal die ISFJ ’n feite-georiënteerde liturg in voorbereiding en aanbieding wees en as ’n waardegedrewe besluitnemer [F] toegeneë en simpatiek teenoor lidmate wees en oorkom. Aangesien ’n ISFJ ’n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, sal sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens georganiseerd en planmatig geskied.

’n ISFJ is ’n vriendelike en lojale liturg wat deeglik en tydig voorberei. ISFJ’s sal in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van ’n erediens pligsgetrou, akkuraat en netjies wees, maar tog ook konsidirerend.

8.5.3.2 ESFJ - die Harmonieerder/Navigator:

Die dominante funksie van 'n ESFJ kan beskryf word as dié van 'n harmonieerder, en die hulpfunksie as dié van 'n navigator [Levesque 2001:153-171]. *“Like a first mate, social director and cook, the Harmonizer makes sure the crew’s needs are met and channels their efforts as they pursue new directions and creative solutions.”* [Levesque 2001:153]. *“By keeping the logs and charts, planning out the voyage, and building on past knowledge, Navigators enable discoveries and practical adaptations of what others have already done.”* [Levesque 2001:55].

Harmonieerders besit uitstekende verbale vermoëns en druk hulleself gemaklik uit. Hulle is oop en deel hulle gedagtes en gevoelens met ander. Hulle gebruik hul talent om hulself uit te druk om vertroue en begrip by mense teweeg te bring. Hulle kommunikasie is persoonlik en die verhale wat hul vertel vol van mense, verhoudings, emosies en waardes. Die doel van hulle kommunikasie is om mense aan te raak [Levesque 2001:156]. Volgens Levesque [2001:56] het Navigators gewoonlik 'n geweldige rykdom van interne ervarings, waaruit hulle put en wat help om nuwe koers aan te dui. Navigators help ander om op die feite van die situasie te fokus sodat die span die realiteite van die situasie in die oë kan kyk en praktiese oplossings kan verkry.

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n ESFJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens verwag word: As 'n ekstrovert [E] behoort 'n ESFJ 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense met hom sal meeneem. Die ESFJ behoort 'n feite-georiënteerde liturg in voorbereiding en aanbidding wees te wees [S] asook toegeneë en simpatiek teenoor lidmate [F]. Aangesien 'n ESFJ 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, behoort sy voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens georganiseerd en planmatig te geskied.

Verder sal 'n ESFJ waarskynlik 'n noukeurige, bedagsame en lojale liturg wees wat ingestel is op ander se behoeftes en op die harmonie in die gemeente.

8.5.3.3 ISFP - die Digter/Avonturier:

Die dominante funksie van 'n ISFP kan beskryf word as dié van 'n digter, en die hulpfunksie as dié van 'n avonturier [Levesque 2001:173-188]. *“Like the singer of sea chanteys, the Poet helps keep alive the vision and purpose of the voyage and keeps the crew’s spirits buoyed.”* [Levesque 2001:173]. *“Adventurers are like the daredevils who go to sea for the experience and fun of it all. They enjoy experimenting with clever improvisations and skillful adaptations to solve challenges.”* [Levesque 2001:37].

Digters besef die waarde wat erkenning en waardering vir mense het en besing die goeie en positiewe wat hulle in ander mense sien en bou so die selfbeeld van mense in die span op. Hulle bou mense op deur aanmoediging en verbale erkenning [Levesque 2001:174]. Avonturiers stel realiteite gewoonlik soos wat dit is en maak gebruik van 'n wye verskeidenheid spesifieke beskrywings, verhale en staaltjies om die punte wat hulle maak te illustreer, amper soos 'n verslaggewer wat oor die lewe verslag lewer [Levesque 2001:38].

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n ISFP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: As 'n introvert [I] behoort 'n ISFP diepgang in die prediking te bereik en as 'n sintuiglike waarnemer [S] 'n feite-georiënteerde liturg in voorbereiding en aanbieding te wees. Die ISFP sal in prediking toegeneë en simpatiek [F] teenoor lidmate wees met 'n aanpasbare lewenstyl [P] wat veroorsaak dat hy waarskynlik oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens sal wees.

ISFP's behoort vriendelike, sensitiewe en beskeie predikers te wees wat fokus op harmonie. As liturge is hulle in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens gemoedelik, rustig en ontspanne.

8.5.3.4 ESFP - die Avonturier/Digter:

Die dominante funksie van 'n ESFP kan beskryf word as dié van 'n avonturier, en die hulpfunksie as dié van 'n digter [Levesque 2001:37-52]. "*Adventurers are like the daredevils who go to sea for the experience and fun of it all. They enjoy experimenting with clever improvisations and skillful adaptations to solve challenges.*" [Levesque 2001:37]. "*Like the singer of sea chanteys, the Poet helps keep alive the vision and purpose of the voyage and keeps the crew's spirits buoyed.*" [Levesque 2001:173].

Avonturiers stel realiteite gewoonlik soos wat dit is en maak gebruik van 'n wye verskeidenheid spesifieke beskrywings, verhale en staaltjies om die punte wat hulle maak te illustreer, amper soos 'n verslaggewer wat oor die lewe verslag lewer [Levesque 2001:38]. Digters besef die waarde wat erkenning en waardering vir mense het en besing die goeie en positiewe wat hulle in ander mense sien en bou so die selfbeeld van mense in die span op. Hulle bou mense op deur aanmoediging en verbale erkenning [Levesque 2001:174].

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n ESFP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: 'n Liturg wat 'n wye belangstellingsveld het wat baie mense aanspreek [E] en 'n feitegeoriënteerde liturg [S] in die voorbereiding en aanbieding van 'n erediens. ESFP's is gewoonlik toegeneë en simpatiek teenoor lidmate [F] en beskik oor 'n aanpasbare lewenstyl [P], wat veroorsaak dat hy waarskynlik oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens sal wees.

Verder is ESFP's aanvaardende, vriendelike en aktiewe predikers wat die oomblik geniet en 'n appél op mense se gesonde verstand maak. Hulle weet wat aangaan in mense se lewens en verkies deelnemende eredienste.

8.5.4 Verwagtinge by die NF-kombinasies:

Die vier MBTI® persoonlikheidstyle wat die kombinasie NF in gemeen het, INFJ, ENFJ, ENFP en INFP word hieronder gehanteer; eers i.t.v. uitsette wat vir al bg. kombinasies geld en dan ook apart:

Volgens Coetzee [1997:61] word die volgende kommunikasiestyle by NF's aangetref en kan ons dit dus ook in hul liturgiese voorbereiding, inkleding en veral aanbidding verwag: NF's verskaf en bespreek idees, die toekoms en menslike toestande in hulle prediking. Hulle gebruik baie metafore, analogieë en voorbeelde om hul kommunikasie mee uit te druk en fokus op mense se emosionele behoeftes.

8.5.4.1 INFJ - die Visioenêr/ Harmonieerder:

Die dominante funksie van 'n INFJ kan beskryf word as dié van 'n visioenêr, en die hulpfunksie as dié van 'n harmonieerder [Levesque 2001:95-112]. *"Visionaries have bold, heroic minds and far-reaching imagination. They are passionate for grand, uncommon ideals."* [Levesque 2001:95]. *"Like a first mate, social director and cook, the Harmonizer makes sure the crew's needs are met and channels their efforts as they pursue new directions and creative solutions."* [Levesque 2001:153].

Volgens Levesque [2001:97] deel Visioenêre hulle gedagtes en idees eers wanneer dit goed ontwikkel is. Hulle kommunikasie fokus meer op moontlikhede, implikasies en die toekoms. Hulle dek wye temas met spekulاسie en simbole en hulle taalgebruik is indirek en in die algemeen. Hulle maak baie van metafore en

ongewone terme gebruik. Harmonieerders besit uitstekende verbale vermoëns en druk hulleself gemaklik uit. Hulle is oop en deel hulle gedagtes en gevoelens met ander. Hulle gebruik hul talent om hulself uit te druk om vertroue en begrip by mense teweeg te bring. Hulle kommunikasie is persoonlik en die verhale wat hulle vertel vol van mense, verhoudings, emosies en waardes. Die doel van hulle kommunikasie is om mense aan te raak [Levesque 2001:156].

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n INFJ-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n ere diens verwag word: 'n Introvert [I] soos die INFJ-liturg behoort diepte in die prediking te bereik. As 'n intuitiewe waarnemer [N] sal 'n INFJ-liturg verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aanspreek en as 'n waardegedrewe besluitnemer [F] toegeneë en simpatiek t.o.v. lidmate reageer. Die INFJ verkies 'n georganiseerde lewenstyl [J] en sal sy voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n ere diens georganiseer en planmatig inrig.

As liturg sal die INFJ waarskynlik oorspronklik, stil, besorg en diensbaar wees, maar tog 'n helder visie aan lidmate kan voorhou.

8.5.4.2 ENFJ - die Harmonieerder/Visioenêr:

Die dominante funksie van 'n ENFJ kan beskryf word as dié van 'n harmonieerder, en die hulpfunksie as dié van 'n visioenêr [Levesque 2001:153-171]. *“Like a first mate, social director and cook, the Harmonizer makes sure the crew’s needs are met and channels their efforts as they pursue new directions and creative solutions.”* [Levesque 2001:153]. *“Visionaries have bold, heroic minds and far-reaching imagination. They are passionate for grand, uncommon ideals.”* [Levesque 2001:95].

Harmonieerders besit uitstekende verbale vermoëns en druk hulleself gemaklik uit. Hulle is oop en deel hulle gedagtes en gevoelens met ander. Hulle gebruik

hul talent om hulself uit te druk om vertrouwe en begrip by mense teweeg te bring. Hulle kommunikasie is persoonlik en die verhale wat hulle vertel vol van mense, verhoudings, emosies en waardes. Die doel van hulle kommunikasie is om mense aan te raak [Levesque 2001:156]. Volgens Levesque [2001:97] deel Visioenêre hulle gedagtes en idees eers wanneer dit goed ontwikkel is. Hulle kommunikasie fokus meer op moontlikhede, implikasies en die toekoms. Hulle dek wye temas met spekulاسie en simbole en hulle taalgebruik is indirek en in die algemeen. Hulle maak van baie metafore en ongewone terme gebruik.

Die implikasie van die verwagte voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens by die ENFJ-liturg, kan met inagneming van Page [1998:40] se tabel so uiteengesit word: 'n Ekstrovert [E] soos die ENFJ-voorkeur behoort 'n wye belangstellingsveld te hê wat meer mense sal aanspreek en saamneem. 'n Intuïtiewe waarnemer [N] soos die ENFJ behoort die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aan te spreek en as 'n waardegedrewe besluitnemer [F] sal hy waarskynlik as toegeneë en simpatiek deur lidmate beleef word. Aangesien 'n ENFJ 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies, sal sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens georganiseerd en planmatig geskied.

'n ENFJ behoort verder 'n besorgde, verantwoordelike en populêre prediker te wees. ENFJ's sal sosiaal, bedagsaam en simpatiek wees wat in die erediens en prediking gereflekteer sal word.

8.5.4.3 ENFP - die Ontdekkingsreisiger/Digter:

Die dominante funksie van 'n ENFP kan beskryf word as dié van 'n ontdekkingsreisiger, en die hulpfunksie as dié van 'n digter [Levesque 2001:75-92]. *“Explorers journey to find new lands and discover new routes. Their worlds are full of pulsating possibilities.”* [Levesque 2001:75]. *“Like the singer of sea chanteys, the Poet helps keep alive the vision and purpose of the voyage and keeps the crew’s spirits buoyed.”* [Levesque 2001:173].

Volgens Levesque [2001:76] is Ontdekkingsreisigers gewoonlik vol nuwe en vreemde idees en moontlikhede wat tussen mense gevorm word en waaroor hulle graag praat. Hulle maak gereeld van humor gebruik om 'n probleem in 'n ander raamwerk te plaas. Digtors besef die waarde wat erkenning en waardering vir mense het en besing die goeie en positiewe wat hulle in ander mense sien en bou so die selfbeeld van mense in die span op. Hulle bou mense op deur aanmoediging en verbale erkenning [Levesque 2001:174].

Die volgende kan aan die hand van Page [1998:40] se tabel van 'n ENFP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: Vanuit sy ekstroversie [E] behoort 'n ENFP 'n wye belangstellingsveld te hê wat baie mense sal aanspreek en saamneem en hy behoort die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente as 'n intuïtiewe waarnemer [N] aan te spreek. Hy sal waarskynlik vanweë sy waardegedrewe besluitneming [F] toegeneë en simpatiek teenoor lidmate oorkom en sal waarskynlik oop, toeganklik en buigsaam i.t.v. die keuse van die onderwerpe asook die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens wees vanuit sy aanpasbare lewenstyl [P].

Die ENFP-liturg sal in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens waarskynlik entoesiasies, oorspronklik [innoverend] en verbeeldingryk wees en graag mense wil help met sy prediking/temas.

8.5.4.4 INFP - die Digter/Ontdekkingsreisiger:

Die dominante funksie van 'n INFP kan beskryf word as dié van 'n digter, en die hulpfunksie as dié van 'n ontdekkingsreisiger [Levesque 2001:173-188]. *“Like the singer of sea chanteys, the Poet helps keep alive the vision and purpose of the voyage and keeps the crew’s spirits buoyed.”* [Levesque 2001:173]. *“Explorers journey to find new lands and discover new routes. Their worlds are full of pulsating possibilities.”* [Levesque 2001:75].

Digtors besef die waarde wat erkenning en waardering vir mense het en besing die goeie en positiewe wat hulle in ander mense sien en bou so die selfbeeld van mense in die span op. Hulle bou mense op deur aanmoediging en verbale erkenning [Levesque 2001:174]. Ontdekkingsreisigers is gewoonlik vol nuwe en vreemde idees en moontlikhede, wat tussen mense gevorm word en waaroor hulle graag praat. Hulle maak gereeld van humor gebruik om 'n probleem in 'n ander raamwerk te plaas [Levesque 2001:76].

Aan die hand van Page [1998:40] se tabel kan die volgende van 'n INFP-liturg se voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens verwag word: As 'n introvert [I] behoort 'n INFP diepgang in prediking te bereik. As 'n intuitiewe waarnemer [N] behoort hy die verskuilde moontlikhede van mense en die gemeente aan te spreek en as 'n waardegedrewe besluitnemer [F] toegeneë en simpatiek teenoor lidmate te wees en oor te kom. Aangesien 'n INFP 'n aanpasbare lewenstyl [P] verkies, sal hy waarskynlik oop, toeganklik en buigzaam i.t.v. die keuse van die preekonderwerpe en die voorbereiding, inkleding en aanbieding van die erediens wees.

Die INFP sal waarskynlik in die liturgiek idealisties, eg, nuuskierig en empaties wees.

HOOFSTUK 9: RAPPORT VANUIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK:

In die empiriese fase van die ondersoek, is 'n semi-gestruktureerde selfbeoordelingsvraelys ontwerp en aan al die predikante van die Ned. Geref. Ring van Wonderboom gestuur. In hierdie hoofstuk word die terugvoer van dié vraelyste bespreek. In die volgende hoofstuk sal aan die hand daarvan afleidings en bevindings gemaak word.

9.1 'n Verteenwoordigende steekproef:

Vier en twintig vraelyste is uitgegee waarvan tien terugontvang is. Twee van die tien is ingevul deur respondente wat nog nie die MBTI® gedoen het nie, en dus kan agt vraelyste benut word om afleidings te maak. 'n Derde van die aanvanklik uitgestuurde vraelyste word dus in die ondersoek verreken, wat as 'n heel verteenwoordigende steekproef beskou kan word. Die bevindings kan dus geldig na die Ned. Geref. Ring van Wonderboom veralgemeen word.

Die terugvoer van 'n steekproef van agt respondente omvat vanselfsprekend nie al sestien persoonlikheidstylvoorkeure nie, maar dié persoonlikheidstylvoorkeure wat wel verteenwoordig word, behoort 'n aanduiding te gee vir wat ook by die ander persoonlikheidstyle verwag kan word. Die verhandeling fokus in elk geval kwalitatief én kwantitatief.

9.2 Die samestelling van die steekproef:

Die samestelling van die agt persoonlikheidstylvoorkeure van die respondente sien soos volg daaruit: Een INFP, een ESFJ, een ENFP, twee INTJ's [wat voortaan onderskei sal word as INTJ-1 en INTJ-2], een INFJ, een ISTJ en een ESFP. Uit die agt vraelyste word daar dus sewe van die sestien MBTI® persoonlikheidstylvoorkeure verteenwoordig!

9.3 Verteenvoordiging van die steekproef t.o.v. die digotome skale:

Op die digotomieë is daar dus drie ekstroverte [E's] en vyf introverte [I's]. Drie liturge maak sensories [S] inligting bymekaar en vyf intuitief [N]. Van die agt respondente gebruik drie objektiewe besluitneming [T] en vyf waardegedrewe besluitneming [F] om keuses te maak. Vyf verkies 'n besliste lewenstyl [J] en drie 'n aanpasbare lewenstyl [P].

9.4 Vergelyking van die steekproef met die statistiek:

Hoewel die steekproef te klein is om beduidend met die statistiek op p.105 te vergelyk, is dit tog genoeg om die volgende twee opmerkings te maak: 1. Vir so 'n klein groep respondente word 'n redelike breë verskeidenheid persoonlikheidsstylvoorkeure verteenwoordig. 2. Die verspreiding van die steekproef stem nie ooreen met die genoemde statistiese verspreiding van Arnold Smit [Van Rooyen, 2001:42] met 'n steekproef van 386 predikante nie:

Persoonlikheidsstyl	Persentasie: Steekproef 386	Persentasie: Steekproef 8
INFP	4.4%	12.5%
ESFJ	7.8%	12.5%
ENFP	11.7%	12.5%
INTJ	7.3%	25%
INFJ	3.4%	12.5%
ISTJ	14.5%	12.5%
ESFP	2.6%	12.5%

Dit moet egter in ag geneem word dat die steekproef wat in die empiriese ondersoek getrek is, te klein is om al die moontlike profiele te weerspieël, wat die vergelykingsgeldigheid daarvan onmoontlik maak!

9.5 Faktorontleding:

Vir die opstel en ontleding van die vraelyste, is 'n faktorontleding van elke vraag gemaak; m.a.w. wat elke vraag veronderstel is om te toets. Elke vraag is so opgestel dat 'n keuse tussen die digotomieë gemaak moet word. Hierdie ontleding en toekenning van waardes aan vrae is gedoen vanuit my kennis en insig t.o.v. die MBTI® en geen aanspraak op absolute volledigheid of kliniese wetenskaplikheid word gemaak nie. Om 'n absolute meetinstrument in dié verband daar te stel, strek ver buite die skopus van hierdie verhandeling.

9.6 Diskriminasiewaarde:

In hierdie hoofstuk word elke vraag aan die orde gestel, met die terugvoer van die agt respondente. By elke vraag word ook die digotomie/ë wat getoets word verstrekk, met 'n opmerking oor die diskriminasiewaarde van die vraag en sy response. Indien 'n vraag geen of geringe diskriminasiewaarde het, kan geen of 'n geringe beduidende afleiding van die antwoorde gemaak word, maar as die diskriminasiewaarde redelik of hoog is [duidelik of baie duidelik], kan daar wel definitiewe afleidings gemaak word. Dié afleidings word in Hoofstuk 10 bespreek.

9.7 Vertroulikheid:

Aan die begin van die vraelys is enkele administratiewe inligting gevra om die verwerking van die vraelys moontlik te maak nl. die liturg se naam en gemeente. Ter wille van die studie en vertroulikheid word geen liturg se naam of gemeente egter bekend gemaak nie, en word die terugvoer aan die hand van die verskillende MBTI® profiele weergegee.

9.8 Terugvoer ten opsigte van die vraelyste:

Vraag 1. Het jy al die MBTI® gedoen?

Agt respondente het positief en twee negatief hierop geantwoord. Vir die doeleindes van die studie kan die informasie van die twee wat dit nog nie gedoen het nie, nie gebruik word nie, en word slegs die agt respondente se terugvoer dus verreken.

Vraag 2. Wat is jou MBTI®-profiel?

Die agt respondente verteenwoordig die volgende MBTI® persoonlikheidstyl-voorkeure: INFP; ESFJ; ENFP; INTJ-1; INFJ; ISTJ; ESFP en INTJ-2. Die volgorde waarin dit hier weergegee word, is bloot vanweë praktiese doeleindes, aangesien dit die [alfabetiese] volgorde is waarin ek die rou data telkens gehanteer het.

Vraag 3. Dink jy dat jou MBTI® persoonlikheidstyl 'n beduidende effek op jou manier van prediking en preekvoorbereiding het? Motiveer.

Ses van die respondente het positief geantwoord. Net die twee INTJ's het 'n mate van twyfel getoon. INTJ-1 se antwoord was: *“Waarskynlik, veral as jy preek soos jy is en nie in een of ander “orator” mode ingaan nie”*; en INTJ-2 se antwoord was *“Nee, alhoewel ek sterk belangstellings het, is my persoonlikheidsprofiel nêrens dominant nie.”*

Die ander ses respondente was duidelik positief oor die impak van 'n liturg se persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens:

INFP - *“Ja - voorbereidingstye – op die nippertjie en emosionele inhoud van prediking”.*

- ESFJ - *“Ja - persoonlikheidstyl kleur leefwyse en hoe jy kommunikeer en werk.”*
- ENFP - *“Ja, moet naby aan die tyd eers met finale voorbereiding begin en fokus in kommunikasie sterk op die mens.”*
- INFJ - *“Ja - meer kreatief, variasie, stories, gevoel, minder feite en minder redenasie.”*
- ISTJ - *“Ja, persoonlikheidstyl is onlosmaaklik van die persoon se dienslewering op alle vlakke.”*
- ESFP - *“Verseker – jou persoonlikheid kleur jou hele lewe en benadering van jou werk, verhoudings, kommunikasie, ens...”*

Vraag 4. Gebruik jy preekhulpe en/of kommentare wanneer jy 'n erediens voorberei?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets. Al agt respondente het positief geantwoord. Die vraag het dus geen diskriminasiewaarde nie.

Vraag 5. Gebruik jy elektroniese hulpmiddels in die voorbereiding van 'n erediens bv. 'n rekenaar, die Liedboeksleutel, ens?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets. Die vraag het geen diskriminasiewaarde nie. Al agt respondente het positief geantwoord.

Vraag 6. Hoe lank voor 'n erediens 'n aanvang neem, begin jy voorberei?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en het duidelike diskriminasiewaarde. Die liturje met die georganiseerde lewenstyl [J] begin gemiddeld 'n week voor die tyd [INFJ, ISTJ, INTJ-2] of selfs langer [INTJ-1], tot en met 2-4 dae [ESFJ], terwyl die liturje met die aanpasbare lewenstyl [P] gemiddeld een tot twee dae voor die tyd begin [INFP en ESFP] met klem op die middag of aand voor die tyd [ENFP].

Vraag 7. Hoe lank voor die erediens 'n aanvang neem, is jy klaar?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en het ook duidelike diskriminasiewaarde. Die drie profiele met die aanpasbare lewenstyl [P's], INFP, ENFP en ESFP, is tussen 1-8 uur voor die diens 'n aanvang neem klaar, terwyl die liturge met die georganiseerde lewenstyl [J's], ESFJ, INTJ-1, INFJ, ISTJ en INTJ-2, 1-3 dae voor die tyd reeds klaar is.

Vraag 8. Preek jy volgens 'n preekrooster of Bybelwyser?

Die vraag is ontwerp om die S/N en J/P digotomieë te toets. Die twee SJ profiele [ESFJ en ISTJ] het positief geantwoord, maar die ander ses respondente negatief. Die vraag het geringe diskriminasiewaarde.

Vraag 9. Gebruik jy volledige uitgeskryfde of uitgetikte notas?

Die vraag is ontwerp om die J/P skaal te toets. Al die respondente antwoord egter positief en dus het die vraag geen diskriminasiewaarde nie.

Vraag 10. Gebruik jy hoofpunte notas?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en het duidelike diskriminasiewaarde. Vier van die vyf J's nl. ESFJ, INTJ-1, ISTJ en INTJ-2 maak van hoofpunte notas gebruik. Al drie die P's nl. INFP, ENFP en ESFP maak nie van hoofpunte notas gebruik nie.

Vraag 11. Maak jy van elektroniese hulpmiddels soos 'n dataprojektor, skootrekenaar of CD-speler in jou diens gebruik?

Die vraag is ontwerp om die S/N en T/F digotomieë te toets. Dit het geringe diskriminasiewaarde. Al die profiele behalwe die twee SF's [ESFJ en ESFP] maak van elektroniese hulpmiddels in die erediens gebruik.

Vraag 12. Is dit vir jou maklik om oogkontak met jou gemeente te hê en te behou as jy preek?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge vind dit maklik om oogkontak met die gemeente te behou.

Vraag 13. Haal jy die mikrofoon af wanneer die gemeente 'n lied sing?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets, en het redelike diskriminasiewaarde. Een uit drie ekstroverte [ENFP] en drie uit vyf introverte [INTJ-1, INFJ en INTJ-2] haal die mikrofoon af wanneer die gemeente sing. Die ander vier liturge [INFP, ESFJ, ISTJ en ESFP] haal nie die mikrofoon af nie.

Vraag 14. Het jou boodskap gewoonlik duidelike punte?

Die vraag is ontwerp om die S/N en J/P digotomieë te toets, maar het slegs geringe diskriminasiewaarde. Behalwe vir die INFJ het al die liturge se boodskappe duidelike hoofpunte.

Vraag 15. Gebruik jy humor as jy preek?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie, aangesien al die persoonlikheidstyle humor in hulle prediking gebruik.

Vraag 16. Haal jy uit die Grieks en Hebreeus aan?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets. Dit het duidelike diskriminasiewaarde. Vier uit vyf J's [ESFJ, INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] haal uit die Grieks en Hebreeus aan, terwyl geen P [INFP, ENFP en ESFP] dit doen nie.

Vraag 17. Gebruik jy verskillende vertalings wanneer jy eksegeese doen?

Die vraag is ontwerp om die S/N skaal te toets. Dit het redelike diskriminasiewaarde. Drie uit die vyf N'e [ENFP, INTJ-1 en INFJ] gebruik nie verskillende vertalings nie, maar twee N'e [INFP en INTJ-2] gebruik dit wel. Al die S'e [ESFJ, ISTJ en ESFP] gebruik egter verskillende vertalings.

Vraag 18. Gaan jy terug na die oorspronklike wanneer jy eksegeese doen?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en het duidelike diskriminasiewaarde. Nie een van die drie P's [INFP, ENFP en ESFP] gaan terug na die oorspronklike in hulle eksegeese nie. Al die ander profiele behalwe een [INFJ] doen dit egter.

Vraag 19. Hoe lank voor die tyd moet iemand jou waarsku as jy moet preek?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en toon duidelike diskriminasiewaarde. J's: ESFJ – *in krisistyd is kort kennisgewing goed*; INTJ-1 – *drie dae*; INFJ – *maak nie saak nie*; ISTJ – *verkieslik 'n maand* en INTJ-2 – *'n week*. P's: INFP – *twee dae*, ENFP – *werk volgens 'n rooster*, ESFP – *maak nie saak nie*. Die J's moet dus oorwegend langer voor die tyd gewaarsku word voordat hulle gaan preek as die P's.

Vraag 20. Wat kies jy eerste – a. die teks of b. die liedere?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge kies eers die teks en dan die liedere.

Vraag 21. Kies jy die liedere a. voor of b. nadat jou hele boodskap voorberei is?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge behalwe die ENFP wat voorstelle maak aan die hand van die tema, voltooi eers die boodskap en kies daarna die liedere.

Vraag 22. Maak jy gebruik van 'n sleutelteks vir die boodskap?

Die vraag is ontwerp om die S/N en T/F digotomieë te toets en besit duidelike diskriminasiewaarde. Net die drie NF's [INFP, ENFP en INFJ] maak nie gebruik van 'n sleutelteks in die boodskap nie. Die ander vyf respondente maak almal gebruik van 'n sleutelteks.

Vraag 23. Sal jy sonder papiere preek?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets. Dit besit geen diskriminasiewaarde nie. Twee uit drie P's [INFP en ENFP] en drie uit vyf J's [INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] rapporteer dat hulle nie sonder papiere sal preek nie. Slegs die ESFJ, INFJ en ESFP rapporteer dat hulle sonder papiere sal preek.

Vraag 24. Gebruik jy gewoonlik by 'n normale oggenddiens die volle liturgie en in die normale volgorde?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets en besit baie duidelike diskriminasiewaarde. Al drie S'e [ESFJ, ISTJ en ESFP] gebruik gewoonlik in 'n oggenddiens die volle liturgie in die normale volgorde en al vyf N'e [INFP, ENFP, INTJ-1, INFJ en INTJ-2] doen dit nie.

Vraag 25. Kry jy gewoonlik binne 'n uur klaar met 'n erediens?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets en besit baie duidelike diskriminasiewaarde. Nie een van die drie P's [INFP, ENFP en ESTP] kry gewoonlik binne 'n uur met die erediens klaar nie, terwyl al vyf die J's [ESFJ, INTJ-1, INFJ, ISTJ en INTJ-2] wel binne 'n uur klaarkry.

Vraag 26. Skryf jy jou gebede uit?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets en besit duidelike diskriminasiewaarde. Vier uit vyf I's [INFP, INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] skryf wel hul gebede uit. Twee uit drie E's [ENFP en ESFP] skryf nie hul gebede uit nie. Die INFJ skryf nie sy gebede uit nie, en die ESTJ skryf wel sy gebede uit.

Vraag 27. Toets jy elke tydsaspek voordat jy gaan preek?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets. Dit besit geringe diskriminasiewaarde. Net een van die liturge [ISTJ] toets elke tydsaspek voordat hy gaan preek.

Vraag 28. Bly jy by die volgorde soos jy dit vooraf beplan het?

Die vraag is ontwerp om die S/N en J/P digotomieë te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al agt die respondente bly by hul beplande liturgiese volgorde.

Vraag 29. Wat doen jy in geval van 'n krisis [bv. iemand wat flou val...]? a. Stop en vra iemand om die persoon te help, b. Probeer self die persoon help of c. Bid vir die persoon.

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al agt die respondente stop en vra iemand om die persoon te help.

Vraag 30. Hoe lank neem die voorbereiding vir 'n erediens?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets. Vraag 30 besit duidelike diskriminasiewaarde: Die rapport van die J-profiel is soos volg: INFJ – 4 tot 5 uur, INTJ-2 – 1 tot 2 dae; INTJ-1 – 8 tot 16 uur, ESFJ – 2 dae en die ISTJ – 'n week+. Die rapport van die P-profiel: INFP – 4 tot 5 uur, ESFP – 5 tot 8 uur en die ENFP – 10 ure. J's rapporteer dus dat hulle baie langer [8-16 ure minimum – 'n week maksimum] neem om 'n erediens voor te berei, terwyl die P's baie korter aan 'n erediens voorberei [4-10 ure].

Vraag 31. As jy 'n spesifieke tema en boodskap voorberei het, en jy sien iemand wat in die erediens is vir wie dit 'n sensitiewe saak is, sal jy a. bloot daarmee voortgaan of b. sal jy die saak sagter stel t.w.v. die persoon?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te meet en besit redelike diskriminasiewaarde. Drie van die vyf F's [ENFP, INFJ en ESFP] en een van die drie T's [ISTJ] sal 'n saak sagter [of sterker] stel t.w.v. 'n spesifieke persoon. Die ander vier respondente [INFP, ESFJ, INTJ-1 en INTJ-2] sal bloot met die tema en boodskap aangaan.

Vraag 32. Wat doen jy as 'n spreker 'n spreekbeurt in die erediens het en hy gaan oor die ooreengekome tyd? a. Niks b. Knip die persoon kort of c. Probeer die persoon se oog onopsigtelik vang en beduie dat hy moet klaar kry?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Die vraag besit redelike diskriminasiewaarde. Beide SF's [ESFJ en ESFP] sal niks doen

wanneer 'n persoon oor sy tyd gaan nie, terwyl al ses ander liturge sal probeer om die persoon onopsigtelik 'n aanduiding te gee dat hy nou moet ophou.

Vraag 33. Indien iemand uit die kerkgebou stap onder jou boodskap dink jy... a. jy het iets gesê wat hom aanleiding gegee het of b. dat die persoon een of ander verklaarbare rede het of c. dat die persoon dalk siek is?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets, maar besit geringe diskriminasiewaarde. Nie een profiel trek hom dit persoonlik aan as iemand uitstap nie. Sewe respondente aanvaar dat die persoon die een of ander verklaarbare rede het, maar die ISTJ verwag 'n pertinente rede nl. siekte.

Vraag 34. Indien 'n kerkraadslid direk voor 'n erediens vir jou sê van iemand wat siek is van wie hy vergeet het, en hy dit eintlik vroeër al moes gesê het, sal jy dit van die kansel af afkondig?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al die profiele rapporteer dat hulle die naam van iemand wat siek is, van die kansel af sal afkondig op 'n kerkraadslid wat vroeër daarvan vergeet het, se versoek.

Vraag 35. As 'n lidmaat vir jou 'n papiertjie op die kansel kom gee oor bv. 'n motor se ligte wat aan is, sal jy a. dit ignoreer of b. jouself onderbreek om dit af te kondig of c. wag vir offergawetyd om dit te sê?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Dit het duidelike diskriminasiewaarde. Vier van die vyf F's [ESFJ, ENFP, INFJ en ESFP] sal hulleself onderbreek om af te kondig van 'n motor se ligte wat aan is, terwyl al drie T's [INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] sal wag tot offergawetyd om dit te sê. Die vyfde F [INFP] sal ook tot offergawetyd wag.

Vraag 36. Wat maak jy as iemand se selfoon in die erediens lui? a. Ignoreer dit. b. Maak 'n opmerking daaroor of c. Maak 'n grappie daarvan?

Die vraag toets die T/F en J/P digotomieë en besit duidelike diskriminasiewaarde. Al drie FP's [INFP, ENFP en ESFP] sal 'n grappie daarvan maak wanneer 'n selfoon lui, terwyl die ander profiele, almal J's, dit bloot sal ignoreer.

Vraag 37. Wat is vir jou die moeilikste: a. die voorbereiding vir die erediens of b. die aanbieding van die erediens self?

Die vraag toets die E/I en T/F digotomieë. Vraag 37 besit baie duidelike diskriminasiewaarde. Vir al drie ekstroverte [ESFJ, ENFP en ESFP] is die voorbereiding van eredienste die moeilikste, terwyl die aanbieding van die erediens self vir drie van die vyf introverte [INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] die moeilikste is.

Die twee waardegedrewe introverte [INFP en INFJ] rapporteer dieselfde as die ekstroverte en dus is die aanbieding van die eredienste makliker vir hulle as die voorbereiding daarvan. Al vyf die F's [INFP, ESFJ, ENFP, INFJ en ESFP] rapporteer dus dat die lewering van die preek vir hulle makliker is as die voorbereiding daarvan en al drie T's [INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] rapporteer dat die voorbereiding makliker is as die lewering van die preek.

Vraag 38. Spreek jou tekskeuses gewoonlik a. konkrete probleme van mense aan of eerder b. abstrakte Godsopenbaring?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets, maar besit geen diskriminasiewaarde nie. Gewoonlik spreek die tekskeuses van al die liturje die konkrete probleme van mense aan, eerder as abstrakte Godsopenbaring.

Vraag 39. Dink jy dat jou prediking a. prakties grondvat of b. dat dit mense inspireer?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets. Dit besit geen diskriminasiewaarde nie. Twee N'e en twee S'e [INFP, ISTJ, ESFP en INTJ-2] dink dat hulle prediking prakties grondvat terwyl een S [ESFJ] en een N [INFJ] oordeel dat hulle prediking mense inspireer. Die ander twee N'e [ENFP en INTJ-1] het beide keuses aangedui.

Vraag 40. Wat is die belangrikste in die kommunikasie van prediking: a. Duidelike formulerings of b. Preek met gevoel?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit besit redelike diskriminasiewaarde. Net die twee INTJ respondente het “Duidelike formulerings” as die belangrikste in die kommunikasie van die prediking aangedui, terwyl al ses ander profiele “Preek met gevoel” aangedui het.

Vraag 41. Watter tema in prediking is die belangrikste: a. Liefde of b. Waarheid?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde by predikante nie. Al die liturge rapporteer dat “Liefde” ’n belangriker tema in die prediking as “Waarheid” is, hoewel die ENFP en die ISTJ [wat direk teenoorstaande profiele is] beide opgemerk het dat “Liefde” en “Waarheid” saamloop!

Vraag 42. Eindig jy gewoonlik jou prediking met a. ’n vraag of b. ’n stelling?

Die vraag is ontwerp om die J/P digotomie te toets maar dit het geen diskriminasiewaarde nie. Vier uit vyf J's [ESFJ, INTJ-1, INFJ en INTJ-2] het wel aangedui dat hulle hul prediking met ’n stelling eindig, maar twee uit drie P's

[INFP en ENFP] het dieselfde aangedui. Slegs die ISTJ en ESFP het aangetoon dat hulle die prediking gewoonlik met 'n vraag eindig.

Vraag 43. Is jou preektemas gewoonlik a. saakgerig of b. mensgerig?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit besit redelike diskriminasiewaarde. Twee van die drie logiese besluitnemers [TJ's], nl. INTJ-1 en ISTJ, het aangedui dat hulle preektemas gewoonlik saakgerig is, terwyl die ander ses respondente mensgerigte temas aangedui het. Vyf hiervan [INFP, ESFJ, ENFP, INFJ en ESFP] deel 'n F en drie daarvan 'n P.

Vraag 44. Wat doen jy indien daar iets gebeur wat vir jou 'n verleentheid is, bv. jy gooi die glas water oor jouself uit? a. Jy maak 'n grap daarvan. b. Jy ignoreer dit of c. Jy deel jou verleentheid met die gemeente.

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets. Vraag 44 besit redelike diskriminasiewaarde. Slegs die ISTJ liturg kies om die verleentheid van 'n glas water oor jouself te ignoreer. Twee introverte [INTJ-1 en INFJ] en al drie ekstroverte [ESFJ, ENFP en ESFP] maak 'n grap daarvan en die ander twee introverte [INFP en INTJ-2] deel hul verleentheid met die gemeente.

Vraag 45. Is dit vir jou a. maklik of b. moeilik om rond te loop terwyl jy preek?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets, maar besit geen diskriminasiewaarde nie. Al drie ekstroverte [ESFJ, ENFP en ESFP] sowel as vier van die vyf introverte [INFP, INTJ-1, INFJ en ISTJ] het gerapporteer dat dit vir hulle maklik is om rond te loop wanneer hulle preek. Slegs een introvert [INTJ-2] het aangedui dat dit vir hom moeilik is.

Vraag 46. Gebruik jy gewoonlik a. liggaamstaal of b. staan jy stil wanneer jy preek?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets. Vraag 46 besit geen diskriminasiewaarde nie. Al drie ekstroverte [ESFJ, ENFP en ESFP] en vier van die vyf introverte [INFP, INTJ-1, INFJ en ISTJ] het egter rapporteer dat hulle gewoonlik liggaamstaal gebruik wanneer hulle preek. Slegs een introvert [INTJ-2] het aangedui dat hy stil staan terwyl hy preek.

Vraag 47. Waaroor preek jy die meeste: a. Mense se verhouding met God of b. Mense se sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets, maar besit geen diskriminasiewaarde nie. Vyf van die respondente [INFP, ESFJ, ENFP, ISTJ en INTJ-2] rapporteer dat hulle meer oor mense se verhouding met God preek, en net twee [INFJ en ESFP] oor mense se sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar. INTJ-1 het egter beide moontlikhede gekies.

Vraag 48. Wat is belangriker in 'n erediens: a. Waardigheid of b. Intimiteit?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Vraag 48 besit redelike diskriminasiewaarde. Twee van die drie TJ liturge [ISTJ en INTJ-2] beskou “Waardigheid” as meer belangrik as “Intimiteit” in 'n erediens. Die res van die respondente [INFP, ESFJ, ENFP, INTJ-1, INFJ en ESFP] waarvan vyf uit ses F's is, heg meer waarde aan “Intimiteit” in 'n erediens as aan “Waardigheid”.

Vraag 49. Is die mense wat by die erediens uitstap a. geïnspireerd of b. weet hulle wat om te gaan doen?

Die vraag is ontwerp om die S/N digotomie te toets. Vraag 49 besit geen diskriminasiewaarde t.o.v. die S/N skaal nie. Vier respondente [ESFJ, INTJ-1, INFJ en ISTJ] dui aan dat die mense wat by die erediens uitstap, geïnspireerd is.

Drie [INFP, ESFP en INTJ-2] dui aan dat die mense weet wat om te gaan doen en een [ENFP] kies beide.

Vraag 50. Wanneer jy mense in 'n oggenddiens aanspreek, gebruik jy a. "u" of b. "jy/julle"?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets en het duidelike diskriminasiewaarde. Ses van die respondente [INFP, ESFJ, ENFP, INTJ, INFJ en ESFP] waarvan vyf F's is, gebruik die "jy/julle" aanspreekvorm in die oggenddiens. Twee van die drie T-liturge [ISTJ en INTJ-2] gebruik "u" as aanspreekvorm tydens 'n oggenddiens.

Vraag 51. Preek jy a. met erns of b. met entoesiasme?

Die vraag is ontwerp om die E/I en T/F digotomie te toets. Vraag 51 besit duidelike diskriminasiewaarde. Vier van die vyf F's – i.e. al drie die E's [ESFJ, ENFP en ESFP] asook die INFJ rapporteer dat hulle met entoesiasme preek, terwyl die vier ander introverte [INFP, INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] waarvan drie T's is, rapporteer dat hulle met erns preek.

Vraag 52. Deel jy a. gewoonlik of b. selde van jouself in 'n boodskap?

Die vraag is ontwerp om die E/I digotomie te toets en besit redelike diskriminasiewaarde. Al drie die ekstroverte [ESFJ, ENFP en ESFP] deel gewoonlik van hulself in 'n boodskap, terwyl twee [INFP en ISTJ] van die introverte selde van hulself deel. Drie van die vyf introverte, INTJ-1, INFJ en INTJ-2, rapporteer ook dat hulle van hulself deel.

Vraag 53. Wanneer jy simboliek in 'n erediens gebruik, a. verduidelik jy die simboliek of b. laat jy mense toe om self waarde aan die simbool te heg?

Die vraag toets die S/N digotomie. Vraag 53 besit geringe diskriminasiewaarde. Twee van die drie S'e [ESFJ en ESFP], beide die SF-kombinasies, verduidelik die simboliek wat hulle in 'n erediens gebruik. Twee van die vyf N'e laat mense toe om self waarde aan die simboliek te heg [INFP en INFJ]. Twee ander N'e [ENFP en INTJ-2] verduidelik die simboliek die eerste keer en laat daarna mense toe om self waarde aan die simbool te heg. Die ander S [ISTJ] laat mense toe om self waarde aan die simboliek te heg en die ander N [INTJ-1] verduidelik die simboliek.

Vraag 54. In 'n boodskap a. raas jy meer met mense of b. troos jy mense meer?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Dit het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge rapporteer dat hulle mense eerder in 'n boodskap troos as om met hulle te raas.

Vraag 55. Oortuig jy mense met a. logika of neem jy hulle mee met b. deernis?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Dit het geringe diskriminasiewaarde. Net een respondent [INTJ-2] rapporteer dat hy mense met logika oortuig, terwyl die ander sewe hulle met deernis meeneem.

Vraag 56. Weet jy voor die tyd waar jy die mense aan die end van 'n diens wil hê?

Die vraag is ontwerp om die S/N en J/P digotomieë te toets. Dit het geen beduidende diskriminasiewaarde nie. Slegs die INFJ en ESFP rapporteer dat hulle nie voor die tyd weet waar hulle die mense aan die end van die diens wil hê nie. Die ander ses respondente rapporteer egter almal dat hulle weet waar hulle die mense aan die end van 'n diens wil hê.

Vraag 57. Sê jy gewoonlik a. net dit wat jy voorberei het of b. baie meer as wat jy voorberei het?

Die vraag is ontwerp om die E/I en J/P digotomieë te toets. Vraag 57 besit duidelike diskriminasiewaarde. Twee van die drie E's [ENFP en ESFP] en al drie die P's [INFP, ENFP en ESFP] sê meer in 'n boodskap as wat hulle voorberei het. Drie van die vyf introverte [INTJ-1, INFJ en INTJ-2] wat ook J's is, sê net dit wat hulle voorberei het. Die ander twee introverte [INFP en die ISTJ] sê egter ook soms meer as wat hulle voorberei het.

Vraag 58. Wanneer jy klaar is met 'n erediens, is jy gewoonlik a. tevrede dat jy jou bes gedoen het of b. weet jy dat jy beter kon voorberei het?

Die vraag toets die J/P digotomie en besit geen diskriminasiewaarde nie. Vyf respondente [INFP, ESFJ, ENFP, INTJ-1 en ISTJ] rapporteer dat hulle tevrede is dat hulle hul bes gedoen het, terwyl drie respondente [INFJ, ESFP en INTJ-2] rapporteer dat hulle beter kon voorberei het.

Vraag 59. Het jou boodskap 'n a. logiese goue draad wat iemand sal kan volg of b. is dit kreatief aanmekeer gesit?

Die vraag is ontwerp om die S/N en J/P digotomieë te bepaal. Vraag 59 besit geringe diskriminasiewaarde. Ses van die agt respondente [ESFJ, ENFP, INTJ-1, ISTJ, ESFP en INTJ-2] waarvan al drie S'e deel is, rapporteer 'n logiese goue draad in hulle boodskap terwyl net twee [INFP en INFJ] 'n kreatiewe inmekearsit rapporteer.

Vraag 60. Watter vrae of opmerkings dink jy sou nog definitiewe aspekte van die MBTI®-profiel kon uitlig?

Vier respondente [INFP, ESFJ, ISTJ en ESFP] het die spasie ooggelaat, terwyl die ander vier soos volg gereageer het:

ENFP: *Laat jy mense in ere diens deelneem [interaksie]? Opereer jy alleen of in 'n span?*

INTJ-1: *Grootte van die groep met wie jy praat? Tweegesprek...E/I*

INFJ: *Gebruik van toneel/mimiek/poppekass?*

INTJ-2: *Watter invloed het oggend/aanddiens op prediking asook kerkbywoning [aantal lidmate teenwoordig] en tyd van jaar [kerkjaar op prediking]?*

Vraag 61. Wat is jou drie gunstelingtemas om oor te preek?

Die respondente het soos volg geantwoord:

INFP: *Intimiteit, vryheid en heling.*

ESFJ: *Liefde, verhouding met God en sorg vir mekaar.*

ENFP: *God se eienskappe, verhoudingstemas en aktuele onderwerpe.*

INTJ-1: *God se insluitende liefde, God se andersheid en ons taak om 'n verskil in die wêreld te maak.*

INFJ: *Gesinsverhoudinge, sosiale gemeenskapsbetrokkenheid en genade.*

ISTJ: *Vermy doelbewus gunstelingtemas.*

ESFP: *Vergifnis, deernis en die sin van die lewe.*

INTJ-2: *Christelike leefwyse, waardes en getuienis.*

Vraag 62. Watter woord beeld Christenskap beter uit? a. Vryheid of b. Verantwoordelikheid?

Die vraag is ontwerp om die T/F en J/P digotomieë te toets. Dit besit geringe diskriminasiewaarde. Sewe van die respondente het gesê dat "Vryheid"

Christenskap beter uitbeeld as “Verantwoordelikheid” en een van die respondente [ISTJ] het die omgekeerde gesê.

Vraag 63. Wat sou jy sê lê in die kern van die Christelike boodskap: a. Geregtigheid of b. Genade?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Vraag 63 het geen diskriminasiewaarde nie. Al agt respondente het “Genade” as die kern van die Christelike boodskap getipeer. Slegs een [INTJ-1] het “Geregtigheid” ook gekies.

Vraag 64. In ’n erediens behoort die klem die meeste op die a. heiligheid van God of b. op die liefde van God te val?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Vraag 64 het geen diskriminasiewaarde nie. Vyf van die agt respondente [INFP, ESFJ, INTJ-1, ESFP en INTJ-2] het die klem in die erediens op die liefde van God laat val. Die ander drie [ENFP, INFP en ISTJ] het beide [die liefde van God en die heiligheid van God] gekies.

Vraag 65. Watter woord spreek jou die meeste aan a. Toewyding of b. Aanvaarding?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Vraag 65 besit duidelike diskriminasiewaarde. Vier van die vyf F’s [INFP, ESFJ, INFJ en ESFP] maak ’n keuse vir die woord “Aanvaarding” bo “Toewyding”, terwyl al drie T’s [INTJ-1, ISTJ en INTJ-2] die woord “Toewyding” bo “Aanvaarding” verkies. Die ENFP kies egter ook “Toewyding”.

Vraag 66. Watter woord spreek jou die meeste aan a. Aanvaar of b. Inspireer?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets en besit geringe diskriminasiewaarde. Slegs een respondent [ESFP] het die woord “Aanvaar” bo “Inspireer” verkies. Die ander sewe respondente verkies almal die woord “Inspireer”.

Vraag 67. Wanneer jy drasties met 'n lidmaat in die gemeente verskil, sal jy a. die saak met hom opneem of b. dit laat totdat dit nie anders kan nie?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Vraag 67 besit geen diskriminasiewaarde nie. Die liturge wat aangedui het dat hulle 'n drastiese verskil met 'n lidmaat sal laat tot dit nie anders kan nie, is beide F's [INFJ en ESFP]. Die ander ses respondente, waarvan drie F's is, het egter aangetoon dat hulle die saak met die lidmaat sal opneem.

Vraag 68. Hou jy meer van 'n boodskap wat a. teologies baie om die lyf het of wat b. die basiese beginsels van dissipelskap uitspel?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets. Vraag 68 het baie duidelike diskriminasiewaarde. Drie van die vier respondente wat meer van 'n boodskap hou wat teologies baie om die lyf het, is TJ's nl. INTJ-1, ISTJ en INTJ-2. Die ander is 'n INFP. Al vier van die respondente [ESFJ, ENFP, INFJ en ESFP] wat meer van 'n boodskap hou wat die basiese beginsels van dissipelskap uitspel, is F's.

Vraag 69. Is dit vir lidmate a. maklik of b. moeilik om jou te volg in prediking?

Die vraag is opgestel om die S/N skaal te toets. Vraag 69 het geen diskriminasiewaarde nie. Al die respondente het rapporteer dat dit vir lidmate maklik is om hulle te volg. (Sic!)

Vraag 70. Wanneer lidmate aan jou voorskryf hoe en waarom jy moet preek, a. ignoreer jy dit, b. vererg jy jou of c. doen jy moeite om dit aan te spreek in volgende prediking?

Die vraag is ontwerp om die T/F digotomie te toets en het geen diskriminasiewaarde nie. Met slegs een respondent [INFP] wat rapporteer dat hy die voorskrif van lidmate t.o.v. prediking sal ignoreer en sewe ander wat moeite sal doen om dit in volgende prediking aan te spreek, het die vraag nie genoegsame diskriminasiewaarde nie.

HOOFSTUK 10: AFLEIDINGS EN AANBEVELINGS:

In hierdie hoofstuk word finale afleidings en bevindings aan die hand van die vorige hoofstukke gemaak. Eers word die empiriese terugvoer van die vraelyste [Hoofstuk 9] in verband gebring met die verwagte liturgiese inkleding van eredienste aan die hand van die MBTI® persoonlikheidsstyle [Hoofstuk 8], asook met die teoretiese uiteensetting in Hoofstuk 6 en die sestien verskillende persoonlikheidsstyle van Hoofstuk 7. Op grond van die diskriminasiewaarde van die spesifieke vrae, word daar dan afleidings, al dan nie, gemaak. Die redelike tot beduidende afleidings word in **vetgedrukte letters** uitgebeeld. Daarna word enkele finale bevindings gemaak en 'n finale gevolgtrekking bereik.

10.1 Afleidings aan die hand van die vraelyste se terugvoer:

Vraag 1 het die aanvanklike tien vraelyste wat terugontvang is, tot agt wat reeds die MBTI® gedoen het, gesif. Die agt vraelyste word as 'n verteenwoordigende steekproef beskou.

Die afleidings en bevindings kan dus geldig na die breër populasie, die Ned. Geref. Ring van Wonderboom se predikante veralgemeen word. Ek is egter van mening dat dit ook wyer van toepassing sal wees.

Vraag 2 vertoon 'n redelike verskeidenheid van sewe verskillende MBTI® persoonlikheidsstylvoorkeure nl: INFP; ESFJ; ENFP; INTJ-1; INFJ; ISTJ; ESFP en INTJ-2.

Die afleiding sou gemaak kon word dat predikante oor die algemeen, soos in ander beroepe, die breë spektrum van al die persoonlikheidsstylprofile van die MBTI® omvat, wat rym met die aanvanklike aanname van die verhandeling [vgl p42].

Ten opsigte van vraag 3 het 87.5% van die respondente oorwegend positief geantwoord dat die MBTI® persoonlikheidstyl 'n beduidende effek op hulle manier van prediking en preekvoorbereiding het.

'n Beduidende afleiding kan hier gemaak word dat liturge wat hulle MBTI® persoonlikheidstylprofiel ken, die nut en toepaslikheid daarvan op hulle prediking en bediening besef en meer effektief kan funksioneer.

Vraag 4 het geen diskriminasiewaarde nie.

Slegs die voor die handliggende afleidings dat die gebruik van hulpmiddels [preekhulpe en kommentare] in liturgiese voorbereiding, nie afhang van 'n spesifieke persoonlikheidstyl nie en dat liturge van alle persoonlikheidstyle dié hulpmiddels gebruik, kan gemaak word.

Vraag 5 het ook geen diskriminasiewaarde nie.

Die logiese afleiding hieruit is dus dat liturge van alle persoonlikheidstyl-voorkeure in hulle liturgiese voorbereiding van [hedendaagse] elektroniese toerusting gebruik maak.

Vraag 6 het duidelike diskriminasiewaarde. Die liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J] begin baie langer voor die tyd voorberei as die liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P]. Dit strook met die verwagting dat J's betyds en tydig is, en binne hulle spertye bly [vgl p100] terwyl P's gewoonlik net betyds is of sukkel om spertye te handhaaf [vgl p100].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat J-liturge meer tydig voorberei en ook binne die spertye t.o.v. eredienste en erediensvoorbereiding bly, terwyl P-liturge meer op die nippertjie voorberei en sukkel om binne die spertye te bly.

Vraag 7 het ook duidelike diskriminasiewaarde. Die liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P] is kort voor die diens 'n aanvang neem klaar, terwyl die liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J] dae voor die tyd reeds klaar is. Dit bevestig bg. verwagting van tydigheid by die J's en net-net betyds wees by die P's.

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat P-liturge in terme van hulle voorbereiding vir die erediens vanweë hulle persoonlikheid korter voor die aanvang van die erediens met hulle voorbereiding klaar is, terwyl J-liturge hulle voorbereiding baie langer voor die tyd reeds voltooi.

Vraag 8 het geringe diskriminasiewaarde.

Dit kom wel voor of die SJ-profiel dié is wat van 'n preekrooster of Bybelwyser gebruik maak. Moontlik omdat struktuur en orde vir die SJ-temperament so belangrik is [vgl p102] en omdat hulle hou van standaardprosedures [vgl p63].

Vraag 9 het geen diskriminasiewaarde nie.

Die enigste afleiding wat gemaak kan word is dat liturge van alle persoonlikheidsstylvoorkeure van volledige notas gebruik maak.

Vraag 10 het duidelike diskriminasiewaarde. Nie een van die P's maak van hoofpuntnotas gebruik nie, terwyl 80% van die J's wel van hoofpuntnotas gebruik maak. Dit strook met die verwagte georganiseerdheid en duidelike struktuur van die liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J] [vgl p100] asook met die verwagte buigzaamheid en die vryheid van die liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P] [vgl p100].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat J-liturge vanweë hulle groter georganiseerdheid in hulle voorbereiding en aanbieding van die erediens meer gestruktureerd optree, terwyl P-liturge 'n vryer aanslag het.

Vraag 11 het geringe diskriminasiewaarde. Al die profiele behalwe die twee SF's maak van elektroniese hulpmiddels in die erediens gebruik.

Dit sou dalk toegeskryf kan word aan die waardegedrewe prediking, die uiteensettings wat verband hou met persoonlike ervarings en die belewenisgerigte oordrag van die Evangelie wat by die SF-kombinasies verwag kan word [vgl p117], asook aan die begeerte vir persoonlike interaksie en aanvaarding by die SF-kombinasie [vgl p59].

Vraag 12 het geen diskriminasiewaarde nie. Liturge van alle persoonlikheidstyle vind dit maklik om oogkontak met die gemeente te maak en te behou.

Die enigste afleiding hieruit is dat oogkontak eerder 'n aspek van kommunikasie uitmaak en nie soseer verband hou met spesifieke persoonlikheidsvoorkeure nie.

Vraag 13 het redelike diskriminasiewaarde. Die meerderheid ekstroverte hou die mikrofoon aan terwyl die gemeente sing en die meerderheid introverte haal die mikrofoon af. Die afleiding kan gemaak word dat introverte minder van hulself deel in die liturgie [vgl p99] terwyl ekstroverte vrylik uitdrukking gee aan hulle gedagtes en emosies [vgl p98], ook in sang. Introverte tree dus soos verwag, meer sensitief en geïnhibeerd in 'n erediens op as ekstroverte.

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat ekstroverte in die aanbieding en inkleding van die erediens vryer uitdrukking gee aan hulle emosies en gedagtes, terwyl introverte meer terughoudend optree.

Vraag 14 het geringe diskriminasiewaarde. Behalwe vir die INFJ het al die liturgiese boodskappe duidelike hoofpunte.

Dit kan waarskynlik verduidelik word uit die INFJ se gebruikmaking van ongewone terme en baie metafore [vgl p122] en die INFJ se geneigdheid om kreatief en simbolies te wees [vgl p73].

Vraag 15 het geen diskriminasiewaarde nie, aangesien al die persoonlikheidsstyle humor in hulle prediking gebruik.

Die voor die handliggende afleiding hieruit is dat humor nie uniek aan 'n spesifieke persoonlikheidsstyl of groep persoonlikheidsvoorkeure is nie.

Vraag 16 het duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die P's haal nie uit die oorspronklike tale aan nie, terwyl 80% van die J's uit die Grieks en Hebreeus aanhaal. Dit bevestig die P's se verwagte fokus op die lewe as 'n belewenis [vgl p100] en hulle vermoë om by die eise van die hede aan te pas [vgl p56]. Die liturges met 'n aanpasbare lewenstyl [P's] fokus uit en uit op die "hier en nou", en bemoei hulle moeilik met die dinge van die verre verlede.

Dit strook ook met die J's se deeglike en doelgerigte voorbereiding en struktuur in liturgie [vgl p100]. Verder bevestig dit die liturges met 'n georganiseerde lewenstyl se sistematiese- en metodiese aanslag, asook die kort- en langtermynbeplanning [vgl p56] wat by 'n J verwag kan word.

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat in die voorbereiding vir 'n erediens, die liturges met 'n aanpasbare lewenstyl [P] fokus op die hede en die realiteit, terwyl die liturges met 'n georganiseerde lewenstyl [J] meer erns maak met verbande uit die verlede. Moontlik beskou die P-liturges aanhalings uit ou tale as nie relevant vir die hedendaagse mens nie, terwyl

J-liturge vanweë hulle gestruktureerdheid en hulle klem op volledigheid, die historiese verbande wil aantoon.

Vraag 17 het redelike diskriminasiewaarde. 100% van die S'e gebruik verskillende vertalings en 60% van die N'e doen dit nie. Dit strook met die praktiese toepaslikheid en die oplet na die fyner besonderhede van die teks wat by die sintuiglike waarnemers [S'e] verwag kan word [vgl p99], teenoor die verwagte vertrouwe van die iNtuïtiewe waarnemers op hulle inspirasie [vgl p53].

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat liturge met sintuiglike waarneming [S] in hulle voorbereiding eerder van verskillende vertalings gebruik sal maak, vanweë hulle ingesteldheid op fyn besonderhede, terwyl liturge met intuïtiewe waarneming [N] verkies om vryer en meer kreatief ook in hulle voorbereiding van 'n erediens te wees.

Vraag 18 het duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die P's gaan nie terug na die oorspronklike in hulle eksegeese nie, terwyl 80% van die J's dit wel doen. Dit bevestig die verwagte deeglikheid en doelgerigtheid by liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [vgl p100], asook die P's se verwagte vermoë om by die eise van die oomblik aan te pas [vgl p56]. Dit onderstreep weer eens die P's se klem op die hede.

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat J-liturge deegliker en meer omvattend in hulle voorbereiding vir 'n erediens is, en daarom na die oorspronklike teruggaan, terwyl P-liturge waarskynlik nie die relevansie raaksien om na die oorspronklike terug te gaan nie, vanweë hulle fokus op die hier en nou. Moontlik ook aangesien die kommentare en preekhulpe in elk geval die relevante inligting wat daaruit sou kon voorkom, sal weerspieël. [By vraag 4 is reeds aangedui dat al die respondente van preekhulpe en kommentare gebruik maak.]

Vraag 19 toon duidelike diskriminasiewaarde. Die J's moet oorwegend langer voor die tyd gewaarsku word voordat hulle gaan preek as die P's. Dit pas in by die liturge wat 'n aanpasbare lewenstyl verkies [P's] se verwagte buigsaamheid en oop moontlikhede [vgl p100], asook die liturge wat 'n georganiseerde lewenstyl verkies [J's] se georganiseerdheid [vgl p100] én hulle swaarkry onder druk [vgl p56].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat J-liturge nie skielike preekbeurte so gemaklik kan hanteer soos P-liturge nie. Die aanpasbaarheid en buigsaamheid van die P's wat makliker krisisse hanteer as die J's word hier onderstreep, asook die J's se klem op tydig beplanning. Let daarop dat krisisse J's strem, maar dat dit P's aktiveer.

Vraag 20 het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge kies eers die teks en daarna die liedere.

Al afleiding hieruit is dat dit die logiese werkstyl vir 'n liturg met enige persoonlikheidsvoorkeur is om te volg.

Vraag 21 het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge behalwe een, voltooi eers die boodskap en kies daarna die liedere.

Die enigste moontlike afleiding is dat dit, soos by vraag 20, die enigste logiese werkstyl van 'n liturg is, wat geensins bepaal word deur persoonlikheidstylvoorkeure nie.

Vraag 22 besit duidelike diskriminasiewaarde. Net die drie idealiste [NF's] maak nie gebruik van 'n sleutelteks in die boodskap nie. Die ander vyf respondente maak almal gebruik van 'n sleutelteks. Dit sluit waarskynlik aan by die NF-temperamente se verwagte taalkundige begaafdheid en die gebruik van baie

metafore en vergelykings [vgl p102]. Hulle het nie sleuteltekste nodig nie, omdat hulle meer met kreatiewe beelde en metafore werk [vgl p59 en 60].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met NF-temperamente vanweë hulle taalkundige kreatiwiteit en fokus op die breër prentjie, waarskynlik nie van 'n enkele sleutelteks vir die inkleding en aanbieding van hulle boodskappe gebruik sal maak nie. Dit sluit aan by die N-liturge se fokus op die meer omvattende geheelbeeld, ook van 'n Skrifgedeelte.

Vraag 23 het geen diskriminasiewaarde nie. Geen afleidings van watter persoonlikheidsvoorkeure gemaklik sonder papiere sal preek al dan nie, kan gemaak word nie.

Vraag 24 besit baie duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die sintuiglike waarnemers [S'e] gebruik gewoonlik in 'n oggenddiens die volle liturgie in die normale volgorde. 100% van die intuitiewe waarnemers [N'e] doen dit nie. Dit bevestig die S'e se stapsgewyse aanbieding van liturgieë asook hulle wegstroom van verandering, met die gevolglike gevaar van stereotiepe prediking [vgl p99].

Dit strook ook met die N'e se klem op verandering en vernuwing en geredelike eksperimentering asook die gevaar van onsamehangendheid in die liturgie [vgl p99]. Die S'e se klem op stapsgewyse opeenvolging en die N'e se meer kreatiewe samestelling van die erediens, word verder onderstreep.

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat S-liturge meer geredelik die volle liturgie in die tradisionele volgorde in die erediens sal hanteer as N-liturge. Dit word toegeskryf aan die S'e se sistematiese aanpak en aanbied van 'n erediens en hulle weerstand teen verandering, terwyl N'e meer van variasie hou asook daarvan hou om te eksperimenteer en enige plek in die liturgie te begin.

Vraag 25 het baie duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P's] kry nie gewoonlik binne 'n uur met die erediens klaar nie, terwyl 100% van die liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J's] wel binne 'n uur klaarkry. Die verwagting van 'n J-liturg om tydig en betyds te wees en binne spertye te hou, asook die verwagting van 'n P-liturg om selde binne hulle tyd te bly en om spertye met moeite te handhaaf, word bevestig [vgl p100].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P] dit moeiliker vind om betyds met 'n erediens klaar te maak as liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J]. Dit het o.a. ook te doen met die P-liturge se openheid en aanpasbaarheid, asook hulle spontane respons op die eise van die oomblik. Waarskynlik grens hulle hulself in hul voorbereiding nie so af soos die J-liturge in terme van struktuur en beplanning nie.

Vraag 26 besit duidelike diskriminasiewaarde. 80% van die introverte skryf hul gebede uit, terwyl 67% van die ekstroverte nie hul gebede uitskryf nie. Dit sluit aan by die vrye uitdrukking van E's van hul gedagtes en emosies [vgl p98] en die hou van I's se emosies en gedagtes vir hulself [vgl p99]. Dit bevestig ook die introverte se voorkeur vir skriftelike kommunikasie en die ekstroverte se voorkeur vir verbale kommunikasie [vgl p52].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat I-liturge meer geredelik hulle gebede uitskryf as E-liturge. Dit kan toegeskryf word aan die introverte se voorkeur vir skriftelike kommunikasie en die ekstroverte se voorkeur vir verbale kommunikasie, asook aan die geneigdheid van die ekstroverte om makliker van hulself te deel en die geneigdheid van die introverte om eerder hul emosies en gedagtes vir hulself te hou.

Vraag 27 het geringe diskriminasiewaarde. Net die ISTJ-liturg toets elke tydsaspek voordat hy gaan preek. Dit bevestig die ISTJ se tydig en analitiese

[amper wetenskaplike] aanslag t.o.v. die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens [vgl p110]. Dit onderstreep ook die konsentrasie, presisie en deeglikheid wat van 'n ISTJ verwag kan word [vgl p68].

Vraag 28 besit geen diskriminasiewaarde nie. Al agt die respondente bly by hul beplande liturgiese volgorde.

Die logiese afleiding wat gemaak kan word, is dat liturge, ongeag hulle persoonlikheidsprofiel, by hulle eie liturgiese beplanning bly.

Vraag 29 het geen diskriminasiewaarde nie. In 'n geval van 'n krisis stop al agt die respondente en vra iemand om die persoon te help. Geen afleiding kan hier i.t.v. persoonlikheidsstylvoorkeure gemaak word nie.

Vraag 30 besit duidelike diskriminasiewaarde: Liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J's] rapporteer dat hulle baie langer as liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P's] neem om 'n erediens voor te berei. Dit onderstreep en bevestig die georganiseerdheid en deeglike beplanning wat by die J's verwag kan word, asook die vryheid en buigsaamheid wat by die P's verwag kan word [vgl p100].

Dit strook verder met die sistematiek en lang- en korttermynbeplanning wat deel van die J's se karakteristieke eienskappe uitmaak [vgl p56] en die spontaneïteit, gemaklikheid en optimale funksionering onder druk wat deel van die P's se karakteristieke eienskappe uitmaak [vgl p56 en 57]. Hiermee word geïmpliseer dat die J's se voorbereiding deegliker as dié van die P's is nie, maar dit is verseker tydigter en meer afgerond!

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J] baie langer neem om eredienste voor te berei as die liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [P]. Die spontaneïteit, aanpasbaarheid en ophou van opsies, asook die optimale funksionering

onder druk van die P-liturge en die vermoë om deeglik kort- en langtermynbeplanning te doen, asook die deeglikheid en georganiseerdheid by die J-liturge is waarskynlik hiervoor verantwoordelik.

Vraag 31 het redelike diskriminasiewaarde. 60% van die waardegedrewe besluitnemers [F's], maar net 33% van die objektiewe besluitnemers [T's], sal 'n saak sagter of sterker stel t.w.v. 'n spesifieke persoon in die erediens. Dit bevestig die groter simpatie en verhoudingsgerigtheid van die F's sowel as die effe geneigdheid om waarheidselemente te versag [vgl p100]. Dit strook ook met die meer objektiewe en analitiese ingesteldheid van die T's wat selfs as onbedagsaamheid en onsensitiwiteit kan oorkom [vgl p100]. Verder handhaaf die T's 'n duidelike onderskeid tussen reg en verkeerd [vgl p55], terwyl die F's mense se gevoelens empaties in ag neem [vgl p55].

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat liturge met waardegedrewe besluitneming [F] meer persoonlik in die aanbieding van 'n erediens ingestel sal wees op gemeentelede, as liturge met objektiewe besluitneming [T]. F-liturge sal moeite doen om bedagsaam en sensitief t.o.v. die mense voor hulle op te tree, terwyl T-liturge die erediens en boodskap sal aanbied soos wat hulle dit beplan het, ongeag persoonlike gevoelens of slaggate.

Vraag 32 besit redelike diskriminasiewaarde. Beide SF's sal niks doen wanneer iemand sy tyd oorskrei nie, terwyl die ses ander liturge sal probeer om die persoon onopsigtelik 'n wenk te gee dat hy nou moet ophou. Dit strook met die verwagting dat SF-liturge bedagsaam sal wees en ander mense se gevoelens in ag sal neem [vgl p117]. SF's reageer met omgee en persoonlike warmte teenoor ander mense en is geneig om vriendelik en simpatiek te wees [vgl p59].

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat SF-liturge dit moeiliker as ander sal vind om 'n spreker kort te knip as hy oor sy tyd gaan. Dit kan

toegeskrif word aan die bedagsaamheid en ingesteldheid op mense se gevoelens by liturge met sensoriese waarneming [S] en waardegedrewe besluitneming [F].

Vraag 33 het geringe diskriminasiewaarde. Nie een persoonlikheidstyl trek hom dit persoonlik aan as iemand uitstap nie. Sewe respondente aanvaar dat die persoon die een of ander verklaarbare rede het, maar die ISTJ verwag 'n pertinente rede, nl. siekte.

Dit sluit aan by die ISTJ's se geneigdheid om vas te hou aan hulle opinies, omdat hulle logiese gevolgtrekkings op vorige kennis en ervaring gebaseer word [vgl p69]. Waarskynlik is die ervaring van dié ISTJ in dié verband of dié enigste aanvaarbare rede waarom iemand kan uitloop, siekte!

Vraag 34 toon geen diskriminasiewaarde nie. Al die profiele rapporteer dat hulle die naam van iemand wat siek is, van die kansel af sal afkondig op 'n kerkraadslid wat vroeër daarvan vergeet het, se versoek. Geen pertinente afleiding kan hieruit gemaak word nie.

Vraag 35 het duidelike diskriminasiewaarde. 80% van die F's sal hulleself onderbreek om af te kondig van 'n motor se ligte wat aan is, terwyl 100% van die T's sal wag tot offergawetyd [wat hulle pas] om dit te sê. Dit strook met die verwagting ten opsigte van objektiewe besluitnemers [T's] om hulleself te distansieer van die probleem en om vanaf 'n afstand die voor- en nadele op te weeg en 'n logiese objektiewe keuse te maak [vgl p54], sowel as die moontlikheid dat ander mense T's as onbedagsaam kan beskou [vgl p100].

Dit rym ook met die waardegedrewe besluitnemers [F's] se gerigtheid op harmonie en verhoudings en die inagneming van lidmate [vgl p100]. Dit bevestig verder die F's se besluitneming, gebaseer op die inagneming van mense [vgl p54].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat T-liturge nie maklik sal toelaat dat hulle aanbieding van die erediens onderbreek word nie, terwyl F-liturge geredelik op mense se eise en verwagtinge sal reageer en hulle tegemoet sal kom sover dit kan. Dit word toegeskryf aan die F's se besluitneming met inagneming van die behoeftes en waardes van mense en die T's se besluitneming gebaseer op objektiewe analise.

Vraag 36 besit duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die FP's sal 'n grappie daarvan maak wanneer 'n selfoon lui, terwyl 100% van die J's, dit bloot sal ignoreer. Dit rym met die ondersteuning, vriendelikheid en aanpasbaarheid van die ondersteunende mentors [FP's] [vgl p62]. Dit bevestig verder die beheer en beslistheid asook die afgemete kommunikasie en duidelike struktuur [vgl p100] wat die liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [J] verkies.

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met waardegedrewe besluitneming [F] en 'n aanpasbare lewenstyl [P] ongemaklike situasies gemakliker sal ontloot as liturge met 'n georganiseerde lewenstyl. FP's is gerig op die opbou en ondersteuning van mense en sal ten alle koste so probeer optree, terwyl J's nie sal toelaat dat hulle beplanning en struktuur in die wiele gery word nie. Daarom sal J's eerder ongemaklike situasies ignoreer, indien moontlik.

Vraag 37 het baie duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die ekstroverte vind die voorbereiding van eredienste die moeilikste, terwyl 60% van die introverte die aanbieding van die erediens die moeilikste vind. Verder rapporteer 100% van die waardegedrewe besluitnemers [F's] dat die lewering van die preek vir hulle makliker as die voorbereiding daarvan is en 100% van die objektiewe besluitnemers [T's] rapporteer dat die voorbereiding vir hulle makliker is as die lewering van die preek.

Dit strook met die verwagting dat die hantering van die erediens en die lewering van die preek gewoonlik vir 'n ekstrovert makliker is as die voorbereiding daarvan [vgl p98] én die verwagting dat die voorbereiding gewoonlik vir 'n introvert makliker is as die hantering van 'n erediens en die lewering van 'n preek [vgl p99]. Dit rym verder met die waardegedrewe besluitnemers [F's] se sosiale strewe na die gee van erkenning aan ander mense en die ondersteuning van ander [vgl p54], asook met die objektiewe besluitnemers [T's] se distansiëring en objektiewe [eenkant] analise van probleemsituasies [vgl p54].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat ekstrovert liturge [E] die voorbereiding van eredienste moeiliker sal vind as die aanbieding daarvan, terwyl introvert liturge [I] op hul beurt weer die aanbieding van die eredienste moeiliker sal vind as die voorbereiding daarvan. Liturge met objektiewe besluitneming [T] behoort ook die voorbereiding van die eredienste makliker te vind, terwyl liturge met waardegedrewe besluitneming [F] weer die aanbieding van die erediens makliker sal vind.

Dit kan toegeskryf word aan die F's se ingesteldheid op die waardes en behoeftes van mense teenoor die T's se ingesteldheid op objektiewe en gedistansieerde besluitneming. Die implikasie uit die voorafgenoemde is dat vir EF-liturge die erediens se aanbieding baie makliker as die voorbereiding sal wees en vir IT-liturge, die voorbereiding baie makliker as die aanbieding.

Vraag 38 besit geen diskriminasiewaarde nie. Die tekskeuses van al die liturge spreek gewoonlik die konkrete probleme van mense aan, eerder as abstrakte Godsopenbaring. Geen pertinente afleiding kan hieruit gemaak word t.o.v. persoonlikheidstylvoorkeure nie.

Vraag 39 het geen diskriminasiewaarde nie. Geen beduidende afleidings kan hier gemaak word nie.

Vraag 40 besit redelike diskriminasiewaarde. Die twee INTJ-liturge het “Duidelike formulerings” as die belangrikste in die predikingkommunikasie aangedui, terwyl die ander ses liturge “Preek met gevoel” aangedui het.

Dit onderstreep die INTJ se kommunikatiewe geartikuleerdheid en hul analitiese ingesteldheid, asook hul taalkundige- en stilistiese korrektheid [vgl p113]. Dit bevestig ook die INTJ se verwagte oorspronklikheid en onafhanklikheid [vgl p114] en hul skeptisisme en staatmaak op eie insig [vgl p74].

’n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat INTJ liturge meer rasionele klem sal lê op duidelike formulering, as op emosionele of belewenisgerigte oordrag in die aanbieding van ’n erediens. Dit pas absoluut by die INTJ se persoonlikheidsprofiel, soos reeds hierbo aangetoon.

Vraag 41 het geen diskriminasiewaarde by predikante nie. Al die liturge rapporteer dat liefde ’n belangriker tema in die prediking as waarheid is, hoewel die ENFP en die ISTJ [wat direk teenoorstaande profiele is] beide opgemerk het dat “liefde” en “waarheid” saamloop!

Die enigste afleiding hieruit is die besef dat persoonlikheidsprofiel verseker nie die enigste faktore is wat ’n rol speel in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste nie!

Vraag 42 besit geen diskriminasiewaarde nie. Dus kan geen beduidende afleiding van die vraag gemaak word nie.

Vraag 43 het redelike diskriminasiewaarde. 67% van die drie logiese besluitnemers [TJ’s] het aangedui dat hulle preektemas gewoonlik saakgerig is, terwyl die ander ses respondente mensgerigte temas aangedui het. Lg. omvat 100% van die F’s en 100% van die P’s.

Dit bevestig die besluitneming van die logiese besluitnemers [TJ's] op grond van beginsels en sisteme en hul potensiële ongenaakbaarheid [vgl p62], asook die waardegedrewe besluitnemers [F's] se gerigtheid op harmonie en verhoudings [vgl p100] en die ondersteunende mentors [FP's] se vriendelike ondersteuning [vgl p62].

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat liturge met objektiewe besluitneming [T] en 'n georganiseerde lewenstyl [J] meer objektief in die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens fokus as liturge met waardegedrewe besluitneming [F] en 'n aanpasbare lewenstyl [P]. TJ's sal meer analities en saakgerig preek en voorberei, terwyl FP's meer mensgerig en gefokus op mense se behoeftes en belewenis sal preek en voorberei.

Vraag 44 besit redelike diskriminasiewaarde. Slegs die ISTJ liturg kies om die verleentheid van 'n glas water oor jouself, te ignoreer. Twee introverte en al drie ekstroverte maak 'n grap daarvan en die ander twee introverte deel hul verleentheid met die gemeente. Die grap maak daarvan deur die E's sluit aan by die uitgaande spontaneïteit en entoesiasme [vgl p98] sowel as die sosiale ekspressiwiteit van die ekstrovert [vgl p52]. Die oënskynlike ignorering van die situasie deur die ISTJ, word verklaar deur die ISTJ se verwagte ernstigheid [vgl p110], asook sy konsentrasievermoë [vgl p68] en 'n mate van afsydigheid [vgl p69].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat E-liturge verleenthede meer ekspressief van die kansel af sal hanteer. Liturge met 'n ISTJ persoonlikheidsstylvoorkeur sal verkies om persoonlike verleenthede sover moontlik te ignoreer vanweë hulle groot erns, asook hul effe afsydigheid.

Vraag 45 het geen diskriminasiewaarde nie. 100% van die ekstroverte sowel as 80% van die introverte het gerapporteer dat dit vir hulle maklik is om rond te loop

wanneer hulle preek. Slegs een introvert het aangedui dat dit vir hom moeilik is. Geen beduidende afleiding kan dus gemaak word nie.

Vraag 46 besit geen diskriminasiewaarde nie. 100% van die ekstroverte en 80% van die introverte het gerapporteer dat hulle gewoonlik liggaamstaal gebruik wanneer hulle preek. Slegs een introvert het aangedui dat hy stil staan terwyl hy preek. Geen beduidende afleiding kan dus gemaak word nie.

Vraag 47 het geen diskriminasiewaarde nie. Vyf van die respondente rapporteer dat hulle meer oor mense se verhouding met God preek, en net twee oor mense se sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar. Een respondent het egter beide moontlikhede gekies. Ook hier kan geen beduidende afleidings t.o.v. die rol van persoonlikheidsstyle gemaak word nie.

Vraag 48 besit redelike diskriminasiewaarde. 67% van die drie TJ-liturge beoordeel “Waardigheid” belangriker as “Intimiteit” in ’n erediens. Die orige ses respondente, waarvan vyf 100% van die F’s en drie 100% van die P’s uitmaak, heg meer waarde aan “Intimiteit” in ’n erediens as aan “Waardigheid”.

Dit rym met die ernstigheid en diepgang wat by die ISTJ en INTJ liturge verwag kan word [vgl p110 en 114], sowel as met die formele en waardige aanbidding wat deur die SJ-temperament verkies word [vgl p101]. Dit strook verder ook met die verhoudingsgerigtheid en soeke na harmonie wat by die F-liturge verwag kan word [vgl p100], asook met die vriendelike ondersteuning en aanmoediging wat by die ondersteunende mentors [FP’s] verwag kan word [vgl p62].

’n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat TJ-liturge in die aanbidding en inkleding van eredienste ’n meer ernstige en waardige inslag het, terwyl die FP-liturge ’n meer persoonlike en intieme inslag het.

Vraag 49 het geen diskriminasiewaarde nie. Geen beduidende afleiding kan dus hieruit gemaak word nie.

Vraag 50 besit duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die F's gebruik die "jy/julle" aanspreekvorm in die oggenddiens, terwyl 67% van die T's "u" as aanspreekvorm gebruik. Dit rym met die verwagting van F's om lidmate te waardeer en in ag te neem asook hulle gerigtheid op verhoudings [vgl p100]. Dit strook ook met die meer objektiewe aanpak van die T's [vgl p99] en hul distansiëring en objektiwiteit [vgl p54].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met waardegedrewe besluitneming [F's] meer informeel en persoonlik in die aanbieding van eredienste sal wees, as liturge met objektiewe besluitneming [T's]. Die T-liturge het dus 'n meer onpersoonlike en objektiewe trant van kommunikasie as die F-liturge. Dit strook ook met die afleiding by vraag 48.

Vraag 51 besit duidelike diskriminasiewaarde. 100% van die ekstroverte rapporteer dat hulle met entoesiasme preek, terwyl 80% van die introverte rapporteer dat hulle met erns preek. Dit strook met die entoesiasme en energie wat E's aan eredienstemas verleen [vgl p98] en die refleksie en diepte wat die introverte daaraan verleen [vgl p99]. Dit bevestig dus die meer uitgaande en uitbundige persoonlikheidstyl van die ekstroverte [E's] en die meer terughoudende en geslote persoonlikheidstyl van die introverte [I's].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat ekstrovert liturge 'n meer entoesiastiese, uitgaande en energieke aanbieding en inkleding van eredienste het, teenoor die introvert liturge se meer ernstige, terughoudende en stil inkleding en aanbieding.

Vraag 52 het redelike diskriminasiewaarde. 100% van die ekstroverte deel gewoonlik in 'n boodskap van hulleself, terwyl 40% van die introverte selde van hulself deel. Dit sluit daarby aan dat E's vrylik uiting gee aan hulle emosies en gedagtes [vgl p98], terwyl I's hulle emosies en gedagtes meer vir hulself hou en gevolglik minder van hulleself sê [vgl p99].

'n Redelike afleiding kan dus gemaak word dat ekstrovert liturge meer geredelik van hulleself van die kansel af deel, as introvert liturge. Die gevaar bestaan dat ekstroverte te veel van hulself deel en introverte te min!

Vraag 53 besit geringe diskriminasiewaarde. 67% van die S'e, beide die SF-kombinasies, verduidelik die simboliek wat hulle in 'n erediens gebruik. 40% van die N'e laat mense toe om self waarde aan die simboliek te heg, terwyl 'n ander 40% van die N'e die simboliek die eerste keer verduidelik en daarna mense toelaat om self waarde aan die simbool te heg. Dit rym met die S'e se meer praktiese en direkte hantering van simboliek en met die N'e se meer kreatiewe en indirekte hantering van simboliek, wat simboliek as die poorte na mense se verbeelding beskou [vgl p99].

Vraag 54 het geen diskriminasiewaarde nie. Al die liturge rapporteer dat hulle mense eerder in 'n boodskap troos as om met hulle te raas. Die enigste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat liturge van alle persoonlikheidsstylvoorkeure besef dat dit hulle taak is om mense te bemoedig en nie af te breek nie.

Vraag 55 besit geringe diskriminasiewaarde. Net INTJ-2 rapporteer dat hy mense met logika oortuig, terwyl die ander sewe hulle met deernis meeneem. Dié INTJ se respons kan toegeskryf word aan die INTJ se verwagte logiese en analitiese aanbieding en inkleding van die liturgie en die boodskap [vgl p114].

Vraag 56 het geen diskriminasiewaarde nie. Geen afleidings kan hieruit gemaak word nie.

Vraag 57 besit duidelike diskriminasiewaarde. 67% van die E's en 100% van die P's sê meer in 'n boodskap as wat hulle voorberei het. 60% van die introverte wat ook 60% van die J's uitmaak, beperk hulself tot net dit wat hulle voorberei het. Dit bevestig absoluut die gevaar wat ekstroverte loop om te veel te sê [vgl p98], en die verwagting dat introverte gewoonlik hulle emosies en gedagtes vir hulleself hou [vgl p99]. Verder rym dit met die gevaar by P's om selde binne hulle tyd te bly [vgl p100] en die vermoë van die J's om spertye te eerbiedig [vgl p100].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat ekstrovert liturge met 'n aanpasbare lewenstyl [EP's] te veel in die aanbieding van 'n erediens sê, terwyl die introvert liturge met 'n georganiseerde lewenstyl [TJ's] net dit sê wat hulle voorberei het. EP's loop dus die gevaar om makliker impulsiewe en ondeurdagte dinge van die kansel af te sê as TJ's, terwyl lg. moeliker spontaan reageer op kreatiewe oomblikke in die erediens, en so kosbare geleenthede deur die vingers laat glip.

Vraag 58 het geen diskriminasiewaarde nie. Geen beduidende afleiding kan hieruit gemaak word nie.

Die enigste wat dalk afgelei kan word, is dat selftevreidenheid met 'n liturg se voorbereiding, al dan nie, nie bepaal word deur 'n spesifieke persoonlikheidsstylvoorkeur nie.

Vraag 59 besit geringe diskriminasiewaarde. 75% van die respondente waarvan 100% van die S'e deel uitmaak, rapporteer 'n logiese goue draad in hulle boodskap terwyl net 25% van die respondente [wat N'e is] 'n kreatiewe inmeakaarsit rapporteer. Dit onderskryf die praktiese en gestruktureerde aanbieding van liturgieë [vgl p99] en die feitlike en konkrete prediking wat by S'e verwag kan word [vgl p53]. Dit rym ook met die verbeeldingrykheid [vgl p99] en kreatiwiteit wat by N'e verwag kan word [vgl p53].

Vraag 60 is 'n kwalitatiewe vraag waarmee die respondente se persepsie van die MBTI® getoets, asook nuwe kennis verkry word. 50% van die respondente het die spasio oopgelaat, terwyl die ander 50% van die respondente sinvol gereageer het. Die respondente se reaksie toon 'n redelike insig in die MBTI®, met handige voorstelle vir 'n volgende studie.

Die voorstelle van die vier respondente pas soos 'n handskoen by hulle onderskeie profiele:

ENFP: *“Laat jy mense in erediens deelneem [interaksie]? Opereer jy alleen of in 'n span?”* Dit pas by die profiel van die ENFP wat samewerkend en ondersteunend is en in hul entoesiasme ander mense met hulle meeneem [vgl p87]. Hulle bou mense op deur verbale erkenning en aanmoediging [vgl p125]. NF's leer ook die beste deur o.a. kreatief saam met ander mense te werk [vgl p59]. Hulle is ingestel op die verhoudings- en persoonlike groei van lidmate [vgl p102]. Dit is alles eienskappe van die ENFP wat interaksie en spanwerk onderskryf.

INTJ-1: *“Grootte van die groep met wie jy praat? Tweegesprek...E/I”* Die vraag pas by die profiel van 'n INTJ: INTJ's deel hulle idees en gedagtes eers wanneer dit goed ontwikkel is [vgl p113], en daarom sal die grootte van die groep met wie hulle werk, relevant wees. Die grootte van die groep maak ook verskil aan introverte en ekstroverte, aangesien ekstroverte groter groepe makliker kan hanteer as introverte, wat psigies en emosioneel getap word deur groot groepe.

INFJ: *“Gebruik van toneel/mimiek/poppekas?”* Die INFJ maak baie van ongewone terme en metafore gebruik en hulle kommunikasie word gekenmerk deur die vertel van verhale t.o.v. mense, emosies, waardes en verhoudings [vgl p123]. Verder is hulle geneig om metafories en konseptueel te wees en is hulle

ook kreatief en onkonvensioneel [vgl p72 en 73]. Daarom pas kreatiewe- en metaforiese kommunikasie soos toneelstukke en poppekas by die INFJ.

INTJ-2: *Watter invloed het oggend/aanddiens op prediking asook kerkbywoning [aantal lidmate teenwoordig] en tyd van jaar [kerkjaar op prediking]?* Die INTJ vra o.a. na die grootte van die groep mense teenwoordig, wat vir die INTJ belangrik is, soos bo aangetoon. Verder wonder hy oor die tyd van die jaar [kerkjaar], wat aansluit by die INTJ se vermoë om sake in 'n geheelerspektief te sien [vgl p74]. Dit sluit ook aan by die NT-temperament se fokus op teologiese en intellektuele kwessies [vgl p103] en hulle klem op die objektiewe Bybelgeskiedenis [vgl p103].

Die afleiding word dus gemaak dat selfs die liturgiese vrae wat liturge vra, reeds baie van hulle spesifieke en unieke persoonlikheidstyl weerspieël.

Vraag 61 is ook 'n kwalitatiewe vraag wat iets van die gerigtheid van die verskillende persoonlikheidsprofile, met gunstelingtemas probeer identifiseer. Die persoonlikheidstylvoorkeure se antwoorde is insiggewend:

Die INFP het die temas "*intimiteit, vryheid en heling*" gekies. Dit is alles temas wat pas by die verwagting dat 'n INFP empatie met mense het en mense opbou deur waardering en erkenning [vgl p125]. Dit sluit ook aan by die aanspreek van menslike toestande en 'n gerigtheid op mense se emosionele behoeftes wat by NF's verwag kan word [vgl p122].

Die afleiding word dus gemaak dat die INFP-liturg se MBTI® persoonlikheidstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens.

Die ESFJ het die temas "*liefde, verhouding met God en sorg vir mekaar*" gekies. Dit strook met die bedagsaamheid en die inagneming van emosionele en persoonlike gevoelens wat SF's in gemeen het [vgl p117]. Die keuses strook

absoluut met die dominante funksie van 'n ESFJ as 'n harmonieerder met die kommunikasiedoel om mense aan te raak [vgl p119].

Die afleiding word dus gemaak dat die ESFJ-liturg se MBTI® persoonlikheidstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.

“God se eienskappe, verhoudingstemas en aktuele onderwerpe” is die temas wat deur die ENFP gekies is. Dié temas onderskryf die verwagting van NF's om op mense se emosionele behoeftes te fokus en menslike toestande in die prediking aan te spreek [vgl p122]. Dit rym ook met die ENFP se unieke en kreatiewe gerigtheid en begeerte om ander mense te help [vgl p125].

Die afleiding word dus gemaak dat die ENFP-liturg se MBTI® persoonlikheidstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.

Die INTJ-1 het die volgende tematiese keuse gemaak: *“God se insluitende liefde, God se andersheid en ons taak om 'n verskil in die wêreld te maak.”* Dit voldoen aan die verwagting by NT's om kernagtige, goedgeartikuleerde en bondige boodskappe te hê [vgl p113]. Verder strook die eerste twee temas met die INFJ se verwagte vermoë om wye temas aan te spreek [vgl p113] en rym veral die laaste tema met die verwagting by 'n INTJ om in kommunikasie meer op moontlikhede, implikasies en die toekoms te fokus [vgl p113].

Die afleiding word dus gemaak dat die INTJ-1-liturg se MBTI® persoonlikheidstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.

“Gesinsverhoudinge, sosiale gemeenskapsbetrokkenheid en genade” is die temas wat deur die INFJ aangedui is. Dit rym met die NF's se verwagte

toekomsgerigheid en die fokus op emosionele behoeftes en menslike toestande [vgl p122]. Dit bevestig ook die INFJ se klem op diensbaarheid en visioeneringsvermoë, asook die verwagte gebruikmaking van persoonlike kommunikasie en verhale vol verhoudings, mense, waardes en emosies [vgl p122 en 123].

Die afleiding word dus gemaak dat die INFJ-liturg se MBTI® persoonlikheidsstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens.

Die ISTJ het nie spesifieke temas aangedui nie, maar geantwoord: “*Vermyn doelbewus gunstelingtemas.*” Dit pas by die feitelike, logiese en onpersoonlike kommunikasie wat by ST's verwag kan word [vgl p108] asook by die erns en wetenskaplikheid wat van 'n ISTJ verwag kan word [vgl p110].

Die afleiding word dus gemaak dat die ISTJ-liturg se MBTI® persoonlikheidsstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens.

“*Vergifnis, deernis en die sin van die lewe*” is die temas wat deur die ESFP verkies word. Die temas strook met die waardegedrewe prediking, die belewenisgerigte en die bedagsame oordrag van die Evangelieboodskap wat by SF's verwag kan word [vgl p117]. Verder rym dit met die opbou en aanmoediging van mense asook die aanvaarding en deelneming in mense se lewens, wat by 'n ESFP verwag sou word [vgl p121].

Die afleiding word dus gemaak dat die ESFP-liturg se MBTI® persoonlikheidsstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens.

INTJ-2 se temas is 'n “*Christelike leefwyse, waardes en getuienis*”. Die temas strook met die hoë verwagtings wat INTJ's aan ander en aan hulself stel [vgl p114]. Dit rym ook met die saaklike en nugter beredenering in die oordrag van 'n boodskap wat by NT's gevind word [vgl p113].

Die afleiding word dus gemaak dat die INTJ-2-liturg se MBTI® persoonlikheidsstylvoorkeur 'n beduidende invloed het op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.

Vraag 62 besit geringe diskriminasiewaarde. 87.5% van die respondente vind dat die term “Vryheid” Christenskap beter uitbeeld as die term “Verantwoordelikheid”. Dat 12.5% van die respondente [ISTJ] die omgekeerde bevind het, kan waarskynlik verklaar word deur die erns, toewyding en praktiese ingesteldheid by ISTJ's [vgl p110]. ISTJ's het 'n geweldige sterk verantwoordelikeheidsin.

Vraag 63 het geen diskriminasiewaarde nie. 100% van die respondente het “Genade” as die kern van die Christelike boodskap getipeer. Slegs die INTJ-1 het “Geregtigheid” ook gekies. Geen beduidende afleiding kan hieruit gemaak word nie.

Vraag 64 het geen diskriminasiewaarde nie. 62.5% van die respondente het die klem in die erediens op die “liefde van God” laat val. 37.5 % het beide die “liefde van God” en die “heiligheid van God” gekies. Geen afleiding kan hieruit gemaak word nie.

Vraag 65 besit duidelike diskriminasiewaarde. 80% van die F's maak 'n keuse vir die woord “Aanvaarding” bo “Toewyding”, terwyl 100% van die T's die woord “Toewyding” bo “Aanvaarding” verkies. Dit bevestig die waardegedrewe besluitnemers [F's] se simpatieke gerigtheid op verhoudings en harmonie [vgl p100], asook die objektiewe besluitnemers [T's] se objektiewe fokus en strewe na hoë standaarde [vgl p54].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat liturge met waardegedrewe besluitneming [F's] groter premie in die erediensgebeure plaas op die aanvaarding en aanspreek van mense en hulle behoeftes, terwyl liturge met objektiewe besluitneming [T's] meer klem lê op die stel van standarde en die objektiewe waarhede en eise van die Evangelie.

Vraag 66 het geringe diskriminasiewaarde. 87.5% van die respondente verkies die woord "Inspireer". Slegs die ESFP [12.5%] het die woord "Aanvaar" bo "Inspireer" verkies. Lg. kan moontlik toegeskryf word aan die ESFP se verwagte aanvaardende vriendelikheid [vgl p121].

Vraag 67 besit geen diskriminasiewaarde nie. Geen beduidende afleiding kan hieruit gemaak word nie.

Vraag 68 het baie duidelike diskriminasiewaarde. 75% van die respondente wat meer van 'n boodskap hou wat teologies baie om die lyf het, is T's. 100% van die respondente wat meer van 'n boodskap hou wat die basiese beginsels van dissipelskap uitspel, is F's. Dit rym met die verwagting dat T's teologies meer analities en objektief ingestel is [vgl p99], terwyl F's meer verhoudingsgerig op mense en harmonie fokus [vgl p100].

'n Beduidende afleiding kan dus gemaak word dat T-liturge in hulle voorbereiding, inkleding en aanbieding teologies meer objektief ingestel is, terwyl F-liturge meer verhoudingsgerig op mense fokus. Dit het natuurlik implikasies t.o.v. die tekskeuses, die moeilikheidsgraad én die temas wat deur die onderskeie liturge aangespreek sal word.

Vraag 69 het geen diskriminasiewaarde nie. 100% van die respondente het gerapporteer dat dit vir lidmate maklik is om hulle te volg. Geen beduidende

afleidings kan hieruit gemaak word nie, net die gebed dat dit van die lidmate se kant af ook waar mag wees!

Vraag 70 het geen diskriminasiewaarde nie. Met 12.5% van die respondente wat rapporteer dat hy die voorskrif van lidmate t.o.v. prediking sal ignoreer, en 87.5% van die respondente wat moeite sal doen om dit in volgende prediking aan te spreek, het die vraag te min diskriminasiewaarde. Geen beduidende afleiding kan hieruit gemaak word nie.

10.2 Finale bevindinge:

Behalwe vir die sewe en twintig vrae in die vraelys met geen diskriminasiewaarde [wat ek aan die feit toeskryf dat die vraelys nie gestandaardiseer kon word nie] kon uit al die ander vrae by die veertig redelike tot baie beduidende afleidings t.o.v. die invloed van die MBTI® persoonlikheidsvoorkeure by liturge in hulle voorbereiding, aanbieding en inkleding van eredienste gemaak word. Daar kon ook tien geringe afleidings gemaak word, wat wel deur die MBTI® skale verklaar kan word, maar nie deur die vraelys bewys is nie.

10.3 Getoetste hipotese:

Die liturgiese optrede en response t.o.v. die vier digotome skale, asook t.o.v. die temperamente én die sewe persoonlikheidstyle wat getoets kon word, strook beduidend met die verwagtinge in Hoofstuk 8 en die beskrywings in Hoofstukke 6 en 7. Dit beteken dat die hipotese van die verhandeling wat as uitgangspunt gedien het, sonder twyfel korrek bewys is.

As uitgangspunt van die verhandeling, is die hipotese geneem dat die MBTI® persoonlikheidstyl van die liturg, 'n beduidende invloed het op sy voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste. Ek is dus oortuig dat beide die teoretiese

literatuurstudie asook die empiriese ondersoek, die hipotese as korrek bewys het.

Natuurlik kan nie al die aspekte van die liturg se inkleding, aanbieding en voorbereiding van eredienste vanuit hul spesifieke persoonlikheidsstylprofiel alleenlik verklaar word nie, maar die liturg se MBTI®-persoonlikheidsstylvoorkeur beïnvloed en verklaar sy/haar wyse van liturgiese voorbereiding, -inkleding en -aanbieding meer as enige ander meetbare faktor.

10.4 Finale gevolgtrekking:

Die liturg se Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] persoonlikheidsstyl het 'n bepalende invloed op sy/haar voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste.

10.5 Slotopmerking:

Dit sal elke liturg [predikant] baat om die MBTI®-toetsing te deurloop as hy/sy dit nog nie gedoen het nie. Dit sal elke predikant en gemeente verder loon om die MBTI®-persoonlikheidsstyle ernstig te neem en liturge/predikante te benut aan die hand van hulle unieke persoonlikheidsstylprofiel. Dit sal meer werksbevrediging en produktiwiteit en minder frustrasie en konflik teweegbring, asook groter begrip en waardering vir liturgie self, sowel as by hulle kollegas en gemeentes bewerk.

Mag hierdie verhandeling daartoe bydra dat elke liturg in die kerk van Jesus Christus waarvan ons deel is, beter sal verstaan hoe die verskillende liggaamsdele bymekaar pas en ons funksies sal vervul om saam die liggaam op te bou in liefde!

AFDELING 4:

SLOT

HOOFSTUK 11:

SAMEVATTING:

11.1 Uitgangspunt:

Hierdie verhandeling verwoord die Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van 'n liturg [prediker] se Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbidding van 'n erediens. As uitgangspunt is die hipotese gestel dat die liturg se MBTI® persoonlikheidstyl 'n beduidende invloed het op sy voorbereiding, inkleding en aanbidding van eredienste.

11.2 Die verloop en resultate van die ondersoek:

Die verloop en resultate van die ondersoek is in vier afdelings en twaalf hoofstukke beskryf. Die vier afdelings, waarin die twaalf hoofstukke ingedeel is, volg die basiese verloop van die ondersoek.

11.3 Afdeling 1:

Afdeling 1, die **INLEIDENDE GEDEELTE**, bevat die inleidende- en vooraf fase en word in Hoofstukke 1-4 weerspieël. Behalwe die **VOORWOORD** [Hoofstuk 1] en **INLEIDING** [Hoofstuk 2], word die tersake begrippe in die titel van die verhandeling in die **BEGRIPSOMSKRYWING** [Hoofstuk 3] gedefinieer. Daarna word die vierfasige metodologie in Hoofstuk 4 [**METODOLOGIE**] deeglik uiteengesit en beplan.

In Hoofstuk 1 word die bedoeling van die verhandeling en die relevansie van die ondersoek in 'n kort voorwoord verwoord. Die mikpunt van die ondersoek is om die kerk én predikante te help om die rykdom en variasie van persoonlikheidstipes onder leraars te herken, erken én na behore te waardeer én

te bestuur, sodat ons die span kan wees wat God bedoel het ons moet wees; 'n span waarin elkeen sy/haar unieke funksie kan vervul en menswees kan uitleef!

Hoofstuk 2 is die inleiding wat die aanvanklike navorsingsvoorstel waarmee die ondersoek afgeskop is, weergee. Hier word die keuse vir die onderwerp gemotiveer en die probleem-, vraag- en doelstelling geformuleer. Die rasionaal is dat as predikante hulleself [in terme van persoonlikheidstyl] beter leer ken en ook beter deur kollegas en gemeentes geken en benut word, dit groter werksbevrediging en produktiwiteit en minder frustrasie en konflik teweeg sal bring.

Die titel van die verhandeling is: **'n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se MBTI® persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.** Definisies van al dié terme word breedvoerig in Hoofstuk 3 [**BEGRIPSOMSKRYWING**] bespreek.

Die vierfasige metodologie van die ondersoek word in Hoofstuk 4 [**METODOLOGIE**] uiteengesit en in terme van tyd, finansies en literatuurstudie beplan. Die ondersoek is in vier fases aangepak en afgehandel: 'n Vooraf [inleidende] fase; 'n teoretiese fase; 'n empiriese fase, asook 'n praktiese fase. 'n Belangrike deel van die metodologie was die opstel van 'n semi-gestruktureerde selfbeoordelingsvraelys wat in die empiriese fase vir die insameling van data gebruik is. Die vraelys is aan die predikante van die Ned. Geref. Ring van Wonderboom verskaf en 'n steekproef van 'n derde van die predikante kon verwerk word. Die implikasie is dat afleidings en resultate uit die verteenwoordigende steekproef met geldigheid na die breër populasie [Predikante van die Ned. Geref. Ring van Wonderboom] veralgemeen kan word.

11.4 Afdeling 2:

Die arbeid van die teoretiese fase word in Afdeling 2 [**UITEENSETTING VAN DIE SAAK**] se Hoofstukke 5-7 weerspieël. 'n Omvattende literatuurstudie oor die invloed van persoonlikheid op liturgiek word in Hoofstuk 5 [**DIE INVLOED VAN PERSOONLIKHEID OP LITURGIEK**] uitgebeeld. Hier word die verhouding tussen persoonlikheid en liturgiek ondersoek en die rol en plek van die liturg se persoonlikheid in die liturgiek erken en bespreek.

Hoofstuk 6 [**'n KORT UITEENSETTING VAN DIE TEORIE WAT DIE MBTI® ONDERLÊ**] verduidelik die teoretiese onderbou van die MBTI®. Dit sit kortliks uiteen hoe C.G. Jung se tipologiese onderskeiding van ekstroversie en introversie en sy funksioneringsvoorkeure t.o.v. waarneming en besluitneming, saam met die onmisbare rol van die ma-dogter kombinasie - Myers & Briggs [wat 'n vierde skaal i.t.v. georganiseerde/aanpasbare lewenstyl bygebring het] uitgeloop het op vier digotomieë nl. Ekstroverte/Introvert energisering [E/I]; Sintuiglike/Intuïtiewe waarneming [S/N]; Objektiewe/Waardegedrewe besluitneming [T/F] asook 'n Georganiseerde/Aanpasbare lewenstyl [J/P].

Die MBTI® kombineer die vier skale om 'n tabel van sestien persoonlikheidstipes op te lewer. Iemand se MBTI® voorkeur word dan in terme van 'n kombinasie van vier letters weergegee. E of I; S of N; T of F en J of P. Die agt voorkeuropole van die digotomieë asook allerlei kombinasies en temperamente word verder in Hoofstuk 6 bespreek.

In Hoofstuk 7 [**SESTIEN VERSKILLENDE PERSOONLIKHEIDSTYLE**] word al sestien die persoonlikheidstylvoorkeure van die MBTI® in redelike besonderhede beskryf en getipeer. Aanvanklik word die kombinerings van die vier faktore asook die dinamika van persoonlikheid beskryf. Daarna volg 'n bondige samevatting van elkeen se profiel, asook die optimale funksionering van elke styl en die karaktereienskappe wat elke profiel tipeer.

11.5 Afdeling 3:

Afdeling 3 [**GEVOLGTREKKINGS**] bestaan uit Hoofstukke 8-10 en vorm die konkluderende fase. Dit omvat die empiriese sowel as die praktiese fases waarin die terugvoer vanaf die vraelyste weergegee word en die wisselwerking tussen die teorie en praktyk met mekaar in verband gebring word.

Vanuit die teoretiese fase, word die verwagte liturgiese inkleding van eredienste aan die hand van die MBTI® persoonlikheidsprofiel in Hoofstuk 8 verwoord. Dit is dan ook die opskrif van Hoofstuk 8: **VERWAGTE LITURGIESE INKLEDING VAN EREDIENSTE AAN DIE HAND VAN DIE MBTI® PERSOONLIKHEIDSTYLE**. Die verwagtinge word eers t.o.v. die agt pole beskryf; daarna word verwagtinge t.o.v. temperamente verwoord en dan die verwagte inkleding deur elkeen van die sestien persoonlikheidstyle om die beurt hanteer.

In Hoofstuk 9 [**RAPPORT VANUIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**] word die terugrapport vanuit die empiriese ondersoek [die vraelyste] weergegee, met 'n faktorontleding by elke vraag asook die bepaling van elke vraag se spesifieke diskriminasiewaarde met die oog op latere afleidings.

AFLEIDINGS EN AANBEVELINGS [Hoofstuk 10] sluit die verhandeling en Afdeling 3 af met afleidings aan die hand van die vraelyste se terugvoer, enkele bevindinge en die finale gevolgtrekking t.o.v. die hipotese wat gestel is. Ek is oortuig daarvan dat beide die teoretiese literatuurstudie asook die empiriese ondersoek, die hipotese as korrek bewys het. Die liturg se Myers-Briggs Type Indicator® [MBTI®] persoonlikheidstyl het verseker 'n bepalende invloed op sy/haar voorbereiding, inkleding en aanbieding van eredienste! Dié hoofstuk en verhandeling word hierna afgesluit met 'n enkele slotopmerking.

11.6 Afdeling 4:

Afdeling 4 [**SLOT**] is die finale afsluiting van die verhandeling en bestaan uit Hoofstuk 11 [**SAMEVATTING**] en die **LITERATUURVERWYSINGSLYS** [Hoofstuk 12]. Ek dank die Here vir die voorreg om die verhandeling te kon skryf, en bid dat dit regtig sal bydra tot meer effektiewe en entoesiastiese prediking én bediening! Groot dank ook aan elkeen wat my op een of ander manier hierin bygestaan het, veral my studieleiers, my gesin en familie, my kollegas en my gemeente! Mag die liggaam van Jesus Christus homself voortdurend in liefde opbou!

HOOFSTUK 12: LITERATUURVERWYSINGSLYS:

Barnard, AC 1985. *Die Erediens*. Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Coetzee, M 1997. *’n ANALISE VAN DIE MYERS-BRIGGS TYPE INDICATOR PROFIELE IN ’n POSTMODERNISTIESE ORGANISASIE*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

De Klerk, JJ 1977. *Prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Isachsen, O & Berens, LV 1995. *Working Together – A PERSONALITY-CENTERED APPROACH TO MANAGEMENT*. 3^d ed. Irvine: Institute for Management Development.

Jonker, WD 1985. *Die Woord as opdrag*. 2^e uitgawe. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Kilian, J 1989. *Form and style in theological texts: A guide for users of the Harvard reference system*. 2nd rev ed. Pretoria: University of South Africa.

Kritzinger, JJ 2000. *NAVORSING IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE se Riglyne vir Studente*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Levesque, CL 2001, *BREAKTHROUG CREATIVITY – ACHIEVING TOP PERFORMANCE USING THE EIGHT CREATIVE TALENTS*. United States of America: Davies-Black Publishing.

Myers, IB 1998. *Introduction to Type*. 6th ed. California: Consulting Psychologists.

Nel, M 2001. *Ek is die verskil!* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Page, EC 1998. *Looking at Type – A Description of the Preferences Reported by the Myers-Briggs Type Indicator®*. 4th ed. Florida: Center for Applications of Psychological Type.

Pieterse, HJC 1979. *Skrifverstaan en die prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Plug C, et al 1986. *Psigologie-Woordeboek*. 2^e uitgawe. Johannesburg: McGraw-Hill.

Quenk, NL 1996. *In the Grip – Our Hidden Personality*. Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press.

Smit GJ 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe*. Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.

Smit GJ 1986: *PSIGOMETRIKA aspekte van toetsgebruik*. Natal: Interpak.

Smit, A 2001. Kerklike toepassings van die MBTI®, in Van Rooyen, J. *MYERS-BRIGGS TYPE INDICATOR® TRAINING MANUAL*. 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Venter, HJP 1985. Die prediker en die preekgebeure, in Smuts, AJ (red), *Die Woord aan die Werk*, 56-76. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Van Rensburg, E & Simpson, N 2003. *Die kuns van familiewees*. Paarl: Christelike uitgewersmaatskappy.

Van Rooyen, J 2001. *MYERS-BRIGGS TYPE INDICATOR® TRAINING MANUAL*. 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homiliek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Vol I. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homiliek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Vol II. Pretoria: RGN-uitgewery.